

## PDF hosted at the Radboud Repository of the Radboud University Nijmegen

The version of the following full text has not yet been defined or was untraceable and may differ from the publisher's version.

For additional information about this publication click this link.

<http://hdl.handle.net/2066/107378>

Please be advised that this information was generated on 2017-12-06 and may be subject to change.

# **DIE AFRIKAANSE VOLKSGELOOF**

**ABEL J. COETZEE**

/

**N. V. SWETS & ZEITLINGER**  
**BOEKHANDEL & UITGEVERSMIJ. AMSTERDAM 1938**





Promotor : Prof. Dr. JOS. SCHRIJNEN.

# DIE AFRIKAANSE VOLKSGELOOF.

AKADEMIESE PROEFSKRIF TER VERKRYGING  
VAN DIE GRAAD VAN DOCTOR IN DIE  
LETTERE EN WYSBEGEERTE AAN DIE R. K.  
UNIVERSITEIT TE NIJMEGEN, OP GESAG VAN  
DIE RECTOR MAGNIFICUS DR. K. L. BELLON,  
HOGLERAAR IN DIE FAKULTEIT VAN DIE  
GODGELEERDHEID, VOLGENS BESLUIT VAN  
DIE SENAAT VAN DIE UNIVERSITEIT IN  
DIE OPENBAAR VERDEDIG TE WORD OP  
MAANDAG 31 JANUARIE 1938,  
OM 4 UUR IN DIE NAMIDDAG

DEUR

**ABEL JACOBUS COETZEE,**  
GEBORE TE LICHTENBURG, TRANSVAAL.

---

N. V. SWETS & ZEITLINGER  
BOEKHANDEL & UITGEVERSMATSCHAPPIJ — AMSTERDAM  
1938.



*Aan my Vrouw.*





# I N H O U D.

---

Ter Inleiding . . . . .	Bls. 1
I. Suid-Afrikaanse Bevolkingsgroepe : . . . . .	10
§ 1. Nederlandse bevolkingsgroep. § 2. Duitse bevolkingsgroep. § 3. Franse bevolkingsgroep. § 4. Kompanjiesdienaars. § 5. Slawe. § 6. Suid-Afrikaanse inboorlinggroep. § 7. Engelse bevolkingsgroep.	
II. Die Struktuur van die Afrikaanse Volksgeloof : . . . . .	41
§ 1. Lae. § 2. Verwantskap tussen taalkundige en volkskundige vraagstukke.	
III. Gestaltes in die Volksgeloof : . . . . .	51
§ 1. Geeste wat woon in heuwels, rotse en berge. § 2. Watergeeste. § 3. Bos- en boomgeeste. § 4. Windgeeste. § 5. Gedaanteverwisseling en gestaltes uit die droomwêreld. § 6. Dwaalgeeste. § 7. Spook- en sielsdiere. § 8. Die Duiwel.	
IV. Handeling in die Volksgeloof : . . . . .	147
§ 1. Towerkuns (Magie) en Goëlery. § 2. Volksge-neeskunde. § 3. Volksweerkunde.	
V. Volksfeeste : . . . . .	163
§ 1. Algemeen. § 2. Feeste van Kerkelike oorsprong of met Kerkelike inslag. § 3. Huiselike feeste. § 4. Oesfeeste. § 5. Toevoegsel: historiese feeste.	
VI. Besluit . . . . .	195
Lektuurlys . . . . .	204
Saakregister . . . . .	212

---



## TER INLEIDING.

By die dosering van die Afrikaanse taal- en letterkunde aan 'n universiteit wat uit hoofde van sy ontstaansgeskiedenis en sy ligging op die Witwatersrand, tot nog toe begryplikerwyse oorwegend Engelssprekende studente getrek het, het dit gaandeweg duideliker geword dat juis die Engelssprekende student voor 'n groot struikelblok staan t.o.v. die Afrikaanse kultuur. As gevolg van allerlei geskiedkundige verwickelinge en strominge is hy naamlik stedeling en dit ontbreek hom aan aanrakingspunte met die Afrikaanse samelewing. Op die middelbare skool doen hy wel 'n kennis op van die Afrikaanse taal, 'n kennis wat nog heel dikwels bestempel kan word as 'n „working knowledge”. Teenoor 'n Afrikaanse letterkundige werk staan hy egter vreemd, want die gedagte-wêreld wat daarin ontbloot word, het hy nog nooit betree nie. Met ander woorde, om begryplike redes staan die Engelssprekende student teenoor die Afrikaanse letterkunde en kultuur soos enige persoon staan teenoor die letterkunde en kultuur van 'n volk wat hy nie ken en waarvan hy die taal maar ten dele beheers. Dít is miskien die onbewuste rede waarom die Afrikaanssprekendes ten onregte al meer en meer beswaar maak teen die gebruik om letterkundige werke waarin die lewe van die arm-blankes uitgebeeld word, vir eksamens voor te skryf waaraan ook Engelssprekende kandidate meedoen, teen die

opvoering van s.g. *takhaartoneelstukke*, en teen die uit-  
saai van liedjies wat by die volkskuns tuishoort, maar  
wat gewoonlik afgemaak word met die skimpnaam: *hotnos-*  
*(hottentots)liedjies!*

Op hierdie manier het die Department van Afrikaans  
aan die Randse Universiteit na die volkskunde gegryp  
as hulpvak, en só het 'n liefhebbery, vir my uitgegroeï  
tot akademiese vak, en 'n deeglike grondslag het nodig  
geword. Ten spyte van die baanbrekerswerk van  
Schonken, Du Toit, Groenewald, Boshoff en Du Plessis.  
staan hierdie wetenskap by ons nog in sy kinderskoene;  
aansluiting by die stamland was die aangewese weg.

Deur middel van sy tweedelige *Nederlandsche Volks-*  
*kunde*, het ek kennis gemaak met prof. dr. Jos. Schrijnen,  
van die Keizer Karel Universiteit te Nijmegen, die navor-  
ser wat die Nederlandse volkskunde vir die eerste keer  
en blywend op 'n hegte wetenskaplike grondslag geplaas  
het, en tewens ook die enigste Nederlandse hoogleraar  
met leeropdrag in volkskunde. Per brief het ek my tot  
hom gewend en hom onmiddelik bereid gevind om die  
leiding van my studie op hom te neem en op te tree as  
promotor; ná ons ooreengekom het oor die onderwerp van  
die proefskrif en die inhoud van 'n vraelys, het die Volks-  
kunde-Commissie van die Koninklijke Akademie van  
Wetenschappen (Trippenhuis, Amsterdam), waarvan  
prof. Schrijnen voorsitter is, op sy versoek 'n gedeelte van  
die vraelys in Nederland laat rondstuur deur die Volks-  
kundeburo. Aan die sekretaris van hierdie buro, drs. P. J.  
Meertens, is ek ook veel dank verskuldig vir die spoed  
waarmee lys nr. 2 van 1937 rondgestuur en ingevul is;

middel September was daar naamlik 866 voltooide lyste, noukeurig gerangskik, tot my beskikking gestel om tuis te verwerk (N.-Holland: 83; S.-Holland: 104; Friesland: 95; Zeeland: 104; Utrecht: 19; Overijssel: 76; Groningen: 73; Drente: 55; Gelderland: 85; N.-Brabant 122; Limburg: 50). My opregte dank aan die Koninklijke Akademie, sy ampsdraers en ook sy medewerkers.

Ook in ander opsigte het prof. Schrijnen my studiebelange bevorder. Aan sy beywering is dit te danke dat die Keizer Karel Universiteit, op grond van gedane studie in Suid-Afrika, by die Nederlandse Minister van Onderwys aanbeveel het dat 'n vrystelling van alle voorafgaande eksamens aan my verleen word; ek kon dus my volle aandag wy aan volkskunde.

Hoewel anders van aard, moet hier erkentlik melding gemaak word van die steun wat uitgegaan het van die „Studiefonds voor Zuid-Afrikaansche Studenten”, steun waarsonder buitelandse studie altyd 'n moeilike saak bly. Deur die daadwerklike optrede van prof. dr. J. W. Pont, sekretaris van die studiefonds, en van prof. dr. J. D. A. Krige van die Witwatersrandse komitee, is 'n Nederlandse Ryksbeurs aan my toegesê.

Wat verder die verwerkte stof betref, het prof. dr. Paul de Keyser van die Universiteit van Gent, een en ander meegedeel wat betrekking het op die volksgeloof in Vlaandere; deur die tussenkoms van prof. Schrijnen is my Nederlandse gegewens aangevul deur middel van die bekende Schrijnen-Van Ginneken-Verbeeten taalgeografies-volkskundige vraelyste wat bewaar word in die Oude Lettere Instituut van die Nijmeegse Universiteit.

Ook by die Afrikaanse gegewens was dit 'n geval van vele hande maak ligte werk. Van die vyfhonderd vraelyste wat ek uitgestuur het, hoofsaaklik aan predikante en hoofde van skole, het ek tagtig voltooi terug ontvang uit alle dele van die Unie, en 'n paar buitekant ons staatsgrense:

*I Kaapland.*

Distrik	Plek	Medewerker
Beaufort-wes	Letjesbosch	Mej. B. Jordaan
Bredasdorp	Onderstepoort- skool	Die Hoof
	Bredasdorp	L. W. Liebenberg
Caledon	Riviersonderend	A. J. Heyns
Calvinia	Loeriesfontein	A. G. J. Lintvelt
Colesberg	Vaalbank	J. A. van der Walt
De Aar	Sweetfontein	A. E. Strydon
Dordrecht	Zwempoort	M. J. Grobler
Hay	Bakenskop oor Postmasburg	G. J. van der Merwe
	Grikwastad	Ds. C. J. Grobler
	Niekerkshoop	J. J. D. Groenewald
		Ds. S. B. Buys
Hopetown	Higgshope	A. V. Visser
Indwe	Indwe	Ds. N. F. P. Burger
Jansenville	Jansenville	W. McD. Dodds
Kaapstad	Simon v.d. Stel-skool	Die Hoof
Kenhardt	Kakamas	M. J. Oosthuizen

Kenhardt	Pofadder	M. N. Steenkamp
Knysna	Groot Brak	D. F. Heunis
Koeroeman	Doorndraai	J. B. Willers
Laingsburg	Laingsburg	Ds. J. R. Alheit
Mafeking	Joubertshuis oor Vryburg	D. P. Swart
Malmesbury	Darling	Ds. D. J. Malan
	Malmesbury	Ds. H. Pienaar
	{ Malmesbury	
	{ Pella	Mej. J. Woodland
	{ Clanwilliam	
	Saldanha	M. J. Olivier
Pêrel	Franschhoek	F. J. Retief
Piketberg	Bergrivier	P. J. Claassen
Prieska	Prieska	{ L. J. Schoonees en
		{ B. F. Brand
	Springputs	Mej. S. C. Singleton
Robertson	Goudmyn	Mej. C. Kriel
Swellendam	Swellendam	W. D. Ackermann
Oemtata	Rooiheuvel	F. J. Stofberg
	Oemgazana	Ds. F. C. Oosthuizen
Uniondale	Avontuur	T. H. Gildenhuis
	Joubertina	J. du T. McLachlan
Venterstad	Venterstad	P. J. Greyling
Wellington	Hottentotspoort	Hoofonderwyseres
Worcester	Rawsonville	Ds. W. L. Steenkamp

## *II Vrystaat.*

Bloemfontein	Bloemfontein	Ds. I. D. Krüger
Dewetsdorp	Helvetia	J. C. S. Kingsley



Kroonstad	Kroonstad	B. de W. Erlank
Trompsburg	Poortjie	G. J. van den Heever
		Prof. C. M. van den Heever
Vrede	Vrede	A. J. van den Heever
Winburg	Theunnissen	Mej. J. Butler
		B. J. J. Dry

### *III Natal.*

Vryheid	Zwartfolozi	J. K. van Deventer
Weenen	Weenen	C. J. Visser

### *IV Transvaal.*

Belfast	Belfast	Dr. C. J. Bergh
	Dullstroom	{ F. C. Symington en
		{ H. J. Reynolds
Bethal	Trichard	Ds. L. M. le Roux
Heidelberg	Tamboekies- fontein	J. J. Deetlefs
	Woyenthin	J. J. van Coller
Klerksdorp	Goedgevonden	J. M. J. Knox
	Hartebeestfontein	L. J. van Oostrum
Lydenburg	Ohrigstad	W. Akkerhuys
Pietersburg	Pietersburg	Eerw. H. Hofmeyr
Potchefstroom	Potchefstroom	Prof. J. Chr. Coetzee
		Dr. P. de V. Pienaar
	Muiskraal	J. de Jager
Potgietersrust	Kamola	J. D. van der Walt
	Naboomspruit	E. H. Langschmidt
Rustenburg	Koster	D. J. Botha

Rustenburg	Nooitgedacht (Silakatskop) Van Wykskraal (Makoppa)	H. G. Weidemann J. H. P. Schutte
Standerton	Standerton	Ds. T. F. J. Dreyer
Ventersdorp	Elandskuil Makokskraal Schefferspos	P. J. Snyman P. S. du Toit C. D. Scheffer
Waterberg	Kaalfontein (Vierentwintig- riviere) Rooiberg	C. P. Seegers C. C. Strydom
Witwatersrand	Krugersdorp Benoni	M. J. Gregory M. B. Brink
Zoutpansberg		H. J. S. van der Merwe

*Suidwes-Afrika.*

P. P. H. Alberts      Nein-wes      Outjo

*Suid-Rhodesië.*

C. J. Klein              Daisyfield      Gwelo

*Kenia.*

Mev. W. W. J. Steenkamp      Broederstroomskool  
Plateau

Waar dit nodig geblyk het, is die gegewens uit die vraelyste nader toegelig deur middel van briefwisseling met die betrokke medewerkers en ander persone uit die bepaalde omgewing. Die aansienlike hoeveelheid stof wat op hierdie manier oor ons hele woongebied byeengesamel is, is uitgebrei deur middel van persoonlike ondervraging van 'n stuk of twintig proefpersone, en deur volkskundige stof byeengesamel deur vyfendertig Nylstroomse leerlinge onder leiding von dr. P. deV. Pienaar (Witwatersrandse Universiteit), wat dit tot my beskikking gestel het.

Vir persone wat op die hoogte is met die toestande in Suid-Afrika: lang afstande, verspreide en dun bevolking, verkeersmoelikhede, - sal dit duidelik wees dat die indirekte wyse van stofinsameling deur middel van vraelyste aangesuiver deur middel van briefwisseling en persoonlike ondervraging, vir ons feitlik die enigste uitweg is. Trouens, ook in Nederland en elders het geblyk dat die vraelys as volkskundige (en taalgeografiese) navorsingsmiddel nog lank nie uitgedien is nie, mits die nodige voorsorg betroubaarheid van gegewens waarborg.<sup>1)</sup>

Tenslotte moet ek my dank betuig aan almal wat op die een of ander wyse hulp verleen het. Veral was my vrou weer in alle opsigte 'n onmisbare steun. Telkens het ook die hulpvaardigheid van mej. dr. Christine Mohrmann en dr. Win. Roukens moelikhede opgelos en die voltooiing van hierdie studie bevorder.

---

<sup>1)</sup> Belangstellendes vind 'n uitgebreide uiteensetting betreffende taalgeografiese en volkskundige navorsingsmetodes, en die voor en nadele daarvan, by Roukens: Wort- und Sachgeographie, 34-70.

Universitêre voorskrifte belet dat ek hier by name my dank kan betuig aan die verskillende hoogleraars, lektore en die biblioteekpersoneel.

In verskillende gesinne en vereniginge, in Nijmegen en elders in Nederland, is ons gasvry onthaal sodat ons verblyf in meer as een opsig nie net 'n genotvolle studie-reis geword het nie, maar 'n voorreg.



## HOOFTUK I.

### Suid-Afrikaanse Bevolkingsgroepe.

Om ons beeld van die huidige Afrikaanse volksgeloof beter te laat sien in sy natuurlike agtergrond — die volksgeloof in die Europese stamlande, — is dit nodig om eerstens: 'n samevattende beskrywing te gee van die Afrikaanse volk, en tweedens: 'n beknopte oorsig van al die bevolkingsgroepe in Suid-Afrika wat van belang kan wees om sekere verskynsels in ons volksgeloof nader te belig.

#### § 1. Die Nederlandse Bevolkingsgroep.

In 1652 land Jan van Riebeeck aan die Kaap met die doel om daar 'n verversingspos te stig vir die skepe van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie. Teen wil en dank het die pos uitgegroeï tot 'n volksplanting wat binne 'n betreklik kort tydperk 'n groot stuk grondgebied in beslag neem.

In 1657 gee die Hollands Oos-Indiese Kompanjie vir die eerste keer aan nege van sy dienaars die vergunning om hulle in die onmiddellike omgewing van die Kaap te vestig as *vryburgers*, en sodoende is 'n aanvang gemaak met 'n blywende blanke bevolking in die suidelikste uithoek van Afrika.

Staatkundig bly die bevolking ongestoord onderhorig aan Nederlandse gesag tot in 1795, toe Engeland vir die

eerste keer ingryp. Weinige jare later, in 1806, gaan Suid-Afrika oor in die hande van Engeland, en alle bande met Nederland word min of meer doeltreffend deurgehak. Dit is dan die einde van die eerst tydperk.

Wat betref die bloedmenging van die blanke bevolking in hierdie tydperk, gee Theal in 1897 die volgende aan die hand: „The proportion of blood in 1795 was probably a little less than two-thirds Dutch, one-sixth French, and the remainder of German and other nationalities”,<sup>1)</sup> - 'n gevolgtrekking wat ander navorsers nie kon bevredig nie.

In 1902 maak dr. H. T. Colenbrander opnuut 'n berekening van die bloedmenging, en kom tot die gevolgtrekking dat die Afrikaners in 1806 vir  $50\frac{2}{5}\%$  van Nederlandse, vir 27% van Duitse, vir  $17\frac{1}{4}\%$  van Franse en vir byna  $5\frac{1}{2}\%$  van ander nasionaliteite afkomstig is.<sup>2)</sup>

Nadat dr. D. B. Bosman klein vergissinkies in Colenbrander se berekening aangesuiwer het, en ten opsigte van die Franse nakomelinge 'n wysiging aangebring het - op grond daarvan dat Colenbrander die vermenigvuldiging van die Franse in vergelyking met die ander bevolkingsgroepe, te hoog gestel het - maak hy die volgende indeling: ongeveer 53% Nederlanders, 28% Duitsers, 15% Franse en 4% van ander nasionaliteite,<sup>3)</sup> 'n indeling wat algemeen aanvaar word.

Daarmee is die saak egter nog nie afgehandel nie. Met die oog op die bestanddele van die bevolking in Nederland self, is dit nogal van belang om te weet uit welke gedeeltes

---

<sup>1)</sup> History of South Africa, dl. II, 325. <sup>2)</sup> De Afkomst der Boeren, 111.  
<sup>3)</sup> Oor die Afkoms van die Boere, t.a.p.

van Nederland die Afrikaanse stamouers afkomstig is. Aan die hand van gegewens van Dehérain,<sup>1)</sup> Colenbrander, Theal en De Villiers,<sup>2)</sup> maak dr S. E. P. Boshoff<sup>3)</sup> in 1921 'n indeling van die Afrikaanse stamouers, gerangskik volgens dorp (stad) en provinsie (streek) van herkoms. Hy gee dan die volgende groepering (plekke wat belangrik is as aanrakingspunte of omdat hulle groot groepe koloniste opgelewer het, word met 'n ster aangedui):

- Noord-Holland: \*Amsterdam, \*Hoorn, \*Enkhuizen, Haarlem, Zaandam, Broek in Waterland, Velzen, Aalsmeer, Naarden.
- Suid-Holland: \*Rotterdam, Delft, 's Gravenhage, Leiden, Gouda, Oudewater, Rijswijk, Zoetermeer, Lekkerkerk, Leiderkerk, Oudekerk, Vlaardingen, Woerden, Maassluis, Katwijk, Dordrecht, Oude-Beierland, Gorinchem.
- Zeeland: \*Goeree, \*Middelburg, \*Vlissingen, Veere en Yzendijke.
- Utrecht: \*Utrecht, Amersfoort, Vreeswijk, Rhenen, Schalkwijk.
- Veluwe: Harderwijk en Nijkerk.
- Wes-Vlaandere: Sluis, Oostende, Brugge, Veurne, Duinkerken.

---

<sup>1)</sup> Le Cap de Bonne-Espérance au XVII siècle, Paris, 1909. <sup>2)</sup> Geslacht-Register der oude Kaapsche Familiën, Kaapstad, 1893-4. <sup>3)</sup> Volk en Taal, 11-17.

Noord- en Wes-Brabant:	*Antwerpen, Breda, Bergen op Zoom, Geertruidenberg, Klundert, Hooge Zwaluwe, Oosterhout, (en waarskyn- lik ook Vuuren, Buren, Tiel en Zalt- Bommel, tans Gelderland).
Suid- Brabant:	Brussel, Mechelen.
Oos-Vlaandere:	Gent, Sas van Gent.
Oos-Brabant:	's Hertogenbosch.
Limburg:	Maastricht, Broekhuizen, Weert, Venloo.
Gelderland:	Gennep (tans Limburg), *Nijmegen, Arnhem, Doesburg, Zutphen, Doeti- chem, Wageningen, Dodewaart.
Overijssel:	Lochem, Groenloo, Deventer, Ommen, Zwolle, Zwartsluis.
Drente:	Anloo, Koevorden, Emmen, Meppel, Assen.
Groningen:	*Groningen, Winschoten, Noordhorn, Grijpskerk, Sappemeer, Blokzijl en Kampen (tans Overijssel).
Friesland:	*Leeuwarden, Bolsward, Dokkum, Lemmer, *Harlingen en Veenwouden.

Vervolgens rangskik Boshoff die verskillende provin-  
sies in die volgorde van die aantal stamvaders wat hulle  
opgelewer het. Noord- en Suid Holland en Zeeland staan  
vooraan; Noord-, Wes- en Suid-Brabant en Oos-Vlaan-  
dere te same, en Gelderland, Overijssel, Drente en Gro-  
ningen te same, is ongeveer ewe belangrik; minder belang-



rik is Wes-Vlaandere, Oos-Brabant, Limburg en Friesland.<sup>1)</sup>

Ook wat die Afrikaanse stammoeders betref, het die drie provinsies Noord- en Suid-Holland en Zeeland die grootste aantal gelever.<sup>1)</sup>

Die gedeelte van die Nederlandse grondgebied wat, uit ons standpunt gesien, die belangrikste is omdat dit die oorspronklike woonplek was van die meeste Afrikaanse stamouers, word as volg afgebaken deur Bosman: „As ons 'n sirkel beskryf met Gouda as middelpunt en Gouda-Amsterdam as straal, dan sou daarmee die gebied aangegee wees waaruit die meeste Nederlanders na Suid-Afrika verhuis het.”<sup>2)</sup>

Het uit die voorafgaande uiteensetting geblyk dat sommige streke in Nederland meer stamvaders opgelever het as ander, en derhalwe 'n groter vormingswaarde moes gehad het, het dit daarenteen egter ook geblyk dat haas elke provinsie in Nederland sy deel aan stamouers bygedra het tot die samestelling van die Afrikaanse volk. Die laasgenoemde oorweging veral is belangrik uit volkskundige standpunt, want dit beteken dat al drie tradisionele Nederlandse volkstamme, t.w. Friese, Franke en Saksers, verteenwoordig is in die bloedmenging van die Afrikaners.

Vir die volkskunde is die saak egter daarmee nog lank nie afgehandel nie, want nou pas kom ons te staan voor een van die moeilikste vraagstukke wat die Nederlandse wetenskap op te los het, en dit is n.l. die herkoms van sy eie bevolking.

---

<sup>1)</sup> t.a.p., 15. <sup>2)</sup> Afrikaanse Taaltoestande Tydens Jan van Riebeeck (in: Nieuwe Taalgids, XVI, 120).

Moet die benaminge *Fries*, *Frank* en *Saks* uitgelê word as etnologiese terme, kulturele, of staatkundige? Hoe het die oer-bevolking van Nederland daar uitgesien en vanwaar het hulle gekom? Watter betekenis het die *Kelte* vir die samestelling van die Nederlandse volk, en hoe moet die begrip *Kelties* omskryf word? Watter fisiologiese kenmerke tref ons by die verskillende groepe aan en hoe help dit ons om hulle geestesgeaardheid te verklaar ten opsigte van die volkskunde?

Hierdie vraagstuk word vanuit verskillende standpunte benader - argeologies en antropologies. Hoewel dr J. H. Holwerda<sup>1)</sup> en dr. A. E. van Giffen<sup>2)</sup> hulle albei besonder verdienstelik gemaak het met argeologiese opgrawings, kon die argeologie, en omdat die Nederlandse bodem nie orals ewe geskik is vir die bewaring van kultuur- en ander oorblyfsels, en omdat die Nederlandse gebied veral in die voortyd blykbaar nie oral 'n betreklik aansienlike bevolking getel het nie, dusver nog geen verbesonderde beeld gee van wat hier moes plaasgevind het in die newelagtige verlede nie. Daarby kom nog dat die voorwerpe wat wel gevind is, heel dikwels nie so 'n duidelik uitgesproke eie aard het dat hulle as ondubbelsinnige bewysstukke aangevoer kan word nie.

As die verlede, wat die bevolkingstoestande betref, nie afgelees kan word uit die argeologiese vondste nie, dan moet pogings aangewend word om 'n oplossing te soek by die huidige bevolking. Vir hierdie antropologiese bena-

---

1) Vroegste Beschaving, 1907; Vroegste Geschiedenis, 1918, 2e druk 1925.

2) Over de oudste bevolkingselementen van ons Land.

dering van die vraagstuk, vorm nog altyd die ondersoek van prof. L. Bolk <sup>1)</sup> die grondslag.

Dit kan nie veel waarde hê om al die verskillende uiteenlopende opvattinge hier op te som nie, maar dit kan tog nuttig wees om te laat sien hoe die verskillende navorsers in hulle argumente presies die teenoorgestelde gevolgtrekkinge bereik. Bolk se belangrikste konklusies is: „1° dat de Nederlanders zijn voortgekomen uit de beide genoemde rassen, die noordelijk van de Alpen woonden; het Teutonsche of Germaansche en het Alpiene of Kelto-Slavische; 2° dat het Alpiene ras oorspronkelijk het geheele land bewoonde, totdat de tot het Teutonsche ras behorende en uit het noorden afkomstige Friezen het land bevolkten, zich zuidelijk uitbreidden en ook Holland en de Zeeuwsche duinstreek bezetten. Dit laatste baseert Bolk vooral op den vorm der terpschedels..... Later zouden de Friezen op hun beurt in het noordoosten door Saksers verdrongen of daarmede vermengd zijn, zoodat deze in Drenthe, Groningen en Friesland de meerderheid kregen. Dat jongere element, hetwelk anthropologisch niet als zuiver Germaansch beschouwd word doch in de Elbestreken Slavische invloeden ondergaan zou hebben, waren de Saksers van den Volksverhuizingstijd.”<sup>1)</sup>)

Hierdie gevolgtrekking van Bolk, bestempel Van Giffen as „duidelijk, helder en bevattelijk”, maar „zeer aantastbaar”, en betreffende die Saksers voeg hy by: „de Saksische Volksverhuizing als groote landtrek over onze oostelijke grenzen binnenstroomend, is m.i. een sprookje; als

---

<sup>1)</sup> Bevolking van Nederland; Samenstelling en Herkomst. <sup>2)</sup> Samevatting van A. E. van Giffen: Oudste Bevolkingselementen, t.a.p., 262.

ethnisch element heeft zij voor ons misschien eenige, maar dan toch zeer geringe beteekenis".<sup>1)</sup>

Van Giffen gee dan sy eie opvatting, wat kortom hierop neerkom: 1. dat daar vóór die jongere steentyd geen spore van menslike aanwesigheid in Nederland aangetref word nie; 2. dat wat betref die *losse vondste* (vuursteenbyle) in Nederland twee stylinrigtings vertoon, n.l. Noord- en Wes-Europees en dat die grens tussen die twee ongeveer oor Overijssel verloop; 3. dat die vondste in die suide wys op die instroming van stamelemente verder suidwaarts; 4. dat die vondste in die middel van die land fisies-antropologies wys op *Homo Nordicus*, in ieder geval nie op 'n Kelto-Slavische tipe nie, maar dat daar kultureel verskillende strominge verraai word; 5. dat die neolitiese vondste in die noorde van die land antropologies niks sê nie, maar kultureel wys op 'n hoofstroming uit Noord-Duitsland, benewens op verskillende ander strominge wat wys op toestande gelyk aan die in die middel van die land.<sup>2)</sup>

Dit is dus duidelik dat ons ons hier bevind op 'n wetenskaplike gebied waar die menings baie skerp uiteenloop, 'n toestand wat die gevolg is daarvan dat die hipotese, by gebrek aan geskikte bewysstukke, 'n ontsaglike rol moet speel. Verwarring kan dus lig ontstaan, veral as daar gewerk moet word met 'n terminologie wat nie in alle opsigte bevredig nie. In hierdie verband maak prof. Jan de Vries beswaar teen die aanwending van sekere benaminge: „Bij den huidigen stand onzer kennis acht ik het

---

1) t.a.p., 265, 268. 2) t.a.p., 278-9.

onvoorzichtig aan de hoeventypen bepaalde stamnamen te verbinden; ik acht het ongeoorloofd zoover te gaan om van een Frankisch-Keltisch type te spreken. Immers men anticipeert aldus op het resultaat van het onderzoek, dat nog moet worden gedaan en verschaft intusschen een al te gemakkelijk materiaal aan hen die ethnologische of praehistorische stokpaardjes berijden." <sup>1</sup>

By implicatie moet dit ook geld van name soos Franke, Friese en Saksers, waarop prof. A. W. Byvanck m.i. tereg opmerk: „Toch blijken er wel degelijk waarneembare eigenaardigheden te bestaan bij de bevolking in het zuiden, het noorden en het oosten van ons land in gebieden, die vrij nauwkeurig overeenkomen met de streken, die eens door Franken, Friezen en Saksen zijn bewoond. Men bespeurt nog steeds verschil in volkskarakter tusschen Franken, Friezen en Saksen. Uitgaande van dit denkbeeld, heeft Jan de Vries gesproken van het verband, dat wij ons suggereeren tusschen deze verschillen in volkskarakter en de Germaansche stamverbanden, die na de Volksverhuizing in ons land zijn ontstaan; hij meent dat men mistast, wanneer men deze karakter verschillen wil afleiden uit de samenstelling van de Germaansche bevolking. Deze opvatting behoeft, naar mijn meening, niet geheel juist te zijn. Men zal de namen van Franken, Friezen en Saksen niet volkomen op zijde mogen schuiven wanneer men zich een voorstelling wil maken, hoe de Nederlandsche bevolking is samengesteld. Want een natie is evengoed een product van ras als van cultuur en

---

1) Keltische Substraat, t.a.p., 214.

historie. De vorming van den geest is van even groot belang als de samenstelling van het bloed. Als historische eenheden hebben deze stamverbanden een tijdlang een zelfstandig bestaan gehad; zij hadden hun eigen lotgeval- len, hun eigen cultuur, hun eigen historie. Ethnische be- teekenis hadden deze namen even wel zeer zeker niet".<sup>1)</sup>

Al spreek die verskillende vondste dan ook nog 'n onduidelike taal t.o.v. die samestelling van die Neder- landse volk,<sup>2)</sup> is die reeds verrigte werk ook volkskundig van belang, want dit het daartoe bygedra dat die opvatting haas allerweë posgevat het dat die opvallende verskille wat in die verskillende streke van Nederland waar te neem val, ten dele herlei kan word tot etniese verskille waarmee gepaard gaan 'n sekere verskil in sielkundige samestelling. Ons kan derhalwe tot die gevolgtrekking kom dat, waar Trefois tereg wys op die waarde van plaaslike geografiese, maatskaplike en ekonomiese faktore by die ontstaan van die (Vlaamse) boerewonings, dit nogtans eensydig aan- doen om alle etnologiese invloede te loën,<sup>3)</sup> want ver- skillende waarnemers is getref deur die feit dat sekere verskynsels ontenseglik saam val met maklik bepaalbare grense, b.v. Byvanck sê: „Beschouwd men den toestand van de Nederlandsche bevolking op deze wijze, dan blijkt de indeeling die men pleegt te maken in een Frankisch, een Friesch en een Saksisch gedeelte, niet juist, althans zeer onvolledig te zijn..... Toch blijken er wel degelijk waar- neembare eigenaardigheden te bestaan bij de bevolking in

---

<sup>1)</sup> Oorsprong ... Nederlandsche Volk, t.a.p., 55. <sup>2)</sup> J. de Vries: Volk van Nederland, 77. <sup>3)</sup> Construction rurale en bois, t.a.p.; Zur Entwicklungsges- chichte des flämischen Bauernhauses, t.a.p.

het zuiden, het noorden en het oosten van ons land in gebieden, die vrij nauwkeurig overeenkomen met de streken, die eens door Franken, Friezen en Saksen zijn bewoond. Men bespeurt nog steeds verschil in volkskarakter tusschen Franken, Friezen en Saksen,"<sup>1)</sup> en Schrijnen vermeld: „hoe treffend b.v. de grenzen van het Oudsaksisch taaleigen en van *het huis met de lange deel* elkaar dekken,"<sup>2)</sup> — dit veral na aanleiding van die feit dat Galleé ook voorheen beswaar gemaak het teen sulke benamingen. In sy beskrywing van „De Bouw der Boerenhoeven”, is die *Saksische Boerenhuis* dan ook een van Trefois se onderafdelings en die *loes* of *halle*-huis word aangegee as die huis wat „in vroegere eeuwen de gebruikelijke woning der Saksen” was.<sup>3)</sup>

En dit bring ons by die houding wat die volkskunde in te neem het teenoor hierdie vraagstuk. By die soek na die diepste wortels van die Nederlandse volksbestaan — waarby ook die Afrikaners meer as sydelings betrokke is, — moet daar afgedaal word na die heel oudste voortye, en dit het ten gevolg dat 'n werkmethode gevolg moet word wat eintlik vreemd is aan die diepste wese van die volkskunde, want — toegegee dat die hede in die meeste opsigte 'n voortsetting is van die verlede, en dus slegs uit die verlede verklaar kan word — is die volkskunde tog hoofsaaklik sinkronisties van aard. Dit is meer toegespits op die hede, terwyl die sustervak — taalkunde, hoe seer ook deur die toedoen van die skole van Genève en Praag die sinkronie teenswoordig die aandag vra, meer diakronisties

---

<sup>1)</sup> Byvanck, t.a.p., 44-55. <sup>2)</sup> Volkskunde I, 45-6. <sup>3)</sup> Volk van Nederland, 97.

is van aard en veral moet let op die wording uit wat afgeloop het. Dus, al het die uiteindelijke oplossing van die vraagstuk vir die volkskunde 'n onbetwisbare waarde, is die oplossing self 'n taak van die etnologie en nie van die volkskunde nie.

## § 2. Die Duitse Bevolkingsgroep.

Ons het reeds gesien dat die Afrikanervolk, volgens Colenbrander-Bosman, vir 28% afstam uit Duitse voorsate. Ook in hierdie geval het ons nie te doen met 'n homogene groep nie — sowel wat betref die volk as die taal.

Die Afrikaanse stamouers van Duitse afkoms, kan in twee hoofgroepe verdeel word, t.w. Nederduits en Hoogduits. Boshoff<sup>1)</sup> gee die volgende indeling. Die Nederduitse groep (afkomstig ten noorde van die lyn Düsseldorf-Kassel-Dessau) is afkomstig uit die volgende stede: Bremen, Hamburg, Lübeck, Hildesheim-omgewing, Maagdeburg, Berlyn en Königsberg. Hierdie groep is numeriek belangriker as die Hoogduitsers, wat afkomstig was uit die hele orige Duitse gebied, vanaf die Franse en Switserse grense tot aan die Russiese, en veral uit die volgende stede: Mannheim, Frankfort (a.d. Ryn), Hannau, Keulen, Kassel, Eisleben-omgewing en Dresden.

Die belangrikste sentra was veral Hamburg, Berlyn en Maagdeburg, en Keulen in die Hoogduitse gebied.

In die tweede tydperk word die Duitse groep in die suidoostelike gedeelte van die Unie, aansienlik versterk. As gevolg van die noodlottige hongersnood onder die

---

<sup>1)</sup> Volk en Taal, 18.



Xosas in Brits-Kaffraria, word die gebied óm Kingwilliamstown tot 'n groot mate ontvolk, juis in die streek waar die inwoners van Kaapland die ergste bloot gestaan het aan die gevaar van invalle deur vyandiggesinde inboorlinge verder noordwaarts. Sir George Grey het derhalwe 'n aantal regimente van die Duitse troepe uit die Krim-oorlog daar neergelaat as koloniste. By gebrek aan 'n voldoende aantal vrouens, het hierdie proefneming ewewel op 'n mislukking uitgeloop. Daarna het hy 'n ooreenkoms getref met 'n handelaar in Hamburg, as gevolg waarvan daar tussen 1858 en 1859 ruim tweeduisend Duitse koloniste by Oos-Londen aan wal gestap het. Van hulle sê Theal: „They were located in different parts of the province, but chiefly in the valley of the Buffalo river. No better settlers could have been introduced. By their industry, in the course of a few years they became possessed of a considerable amount of stock and brought their little farms to a high state of cultivation. As market gardeners they were unrivalled in South Africa. Frugal, temperate, and religious, they contributed very largely to the prosperity of the province.”<sup>1)</sup>)

Anders as die Duitse groep uit die eerste tydperk, het hierdie tweede groep nie heeltemal sy Duitse karakter verloor nie. As groep ontmoet ons hulle weer later, in die hoofstukke oor die volksgeloof. Dit moet tog net opgemerk word dat die Duitsers uit die eerste tydperk hoofsaaklik met Nederlandse (Kaapse) vrouens getroud is, en dus veel sneller opgeneem is deur die ander bevolkings-elemente.

---

<sup>1)</sup> South Africa, 286-7.

### § 3. Die Franse Bevolkingsgroep.

Van die begin af aan was daar 'n heel beperkte groepie Franssprekende amptenare aan die Kaap. Met die koms van die Franse Hugenote in 1688 en die volgende twee jaar, as gevolg van die herroeping van die Edikt van Nantes (1685) in Frankryk, het nog 15% Afrikaanse stamouers die land ingekom. Hier het ons dus die derde belangrikste volksgroep aan die Kaap.

Wat hulle invloed betref ten opsigte van die volksgeloof, moet ons let op die beleid wat teenoor hulle gevolg is.

Die Kompanjie was bevrees dat die Kaap sou verfrans, en het gelyktydig meer nuwe Hollandse koloniste uitgestuur Kaap-toe as Franse.<sup>1)</sup> Ook allerlei ander maatreëls, soos taalverbod en verspreiding tussen die ouer bevolking in, is toegepas, met die gevolg dat die Hugenote teen ongeveer 1740, d.w.s. binne die tydperk van twee geslagte heeltemal verhollands het.<sup>2)</sup>

Spesiaal met die oog op die Afrikaanse volkskunde, is dit ook nog belangrik om te weet dat die Hugenote afkomstig is uit die volgende plekke: Clermont, Amiens, Calais, Cabrières, Plessis, Poitiers, Thierry, \*Lille (Ryssel), \*La Rochelle, Rouan, Dieppe, Toulon, Orleans, Nantes, Versailles, Parys, Reims, Bordeaux. Die grootste getalle was afkomstig uit die provinsies Artois, Picardië en Champagne in die noorde; uit Languedoc, Dauphiné en Pro-

---

<sup>1)</sup> Bosman: *Ontstaan*, 121. <sup>2)</sup> Vgl. Malherbe: *Education*, 26-7; Pettman: *Africanderisms*, 11-15; Franken: in *Die Huisgenoot* 4 Okt. 1929; Mentzel: *Geographical and Topographical Description*, 142-3; le Vaillant: *Travels*, I, 82-3.

vence in die suide; en uit die Hugenotestreek om La Rochelle.<sup>1)</sup>

#### § 4. Die Kompanjiesdienaars.

Aan die Kaap was van die begin af 'n groep Europeane aanwesig wat wel geen stamouers geword het van die Afrikanervolk en dus nie van belang is by die bloedmenging nie, maar wat tog op die volksgeloof 'n besonder gewigtige invloed kon uitoefen. Die groep is nie-homogeen, en sluit in die amptenare, die soldate, en die matrose.

Aanvanklik was die amptenare wel hoofsaaklik Hollandssprekendes. Hulle het op twee maniere aan die Kaap gekom. Eerstens: regstreeks uit Nederland, en tweedens: uit Batavia. Al na mate hulle korter of langer in Batavia was, kon hulle nog die invloed versterk van die groep Oosterse slawe (wat later onder bespreking kom).

Wat die matrose betref: hulle was tot aan die einde van die agtiende eeu hoofsaaklik Nederlands van herkoms. Colenbrander verklaar: „In de zeemonsterrollen zelfs van het einde der 18e eeuw houden echter de Nederlanders nog wel de helft”.<sup>2)</sup>

Die belangrikheid van die matrose as bevolkingsgroep, skuil daarin dat groot aantalle van hulle dikwels maandelank aaneen aan die Kaap moes oorlê om te herstel van skeurbuik, en om daarna te wag op 'n geskikte geleentheid om te vertrek. Ons moet onthou dat dit in die dae van die seilskepe was. Later, tydens die tweede tydperk, word

---

<sup>1)</sup> Boshoff: Volk en Taal, 20. <sup>2)</sup> De Afkomst der Boeren, 124.

hierdie invloed gaandeweg geringer deur die aanwending van stoom.

In hierdie verband moet nog daarop gewys word dat die koloniste geen huwelik tussen hulle dogters en matrose of soldate gedoog het nie,<sup>1)</sup> 'n houding wat fornikasie met slavinne en inboorlinge in die hand gewerk het. Langs 'n omweg, deur middel van die kleurlingbevolking wat só gedeeltelik sy beslag kry, word die blankes tog weer beïnvloed ten opsigte van die volksgeloof.

Die invloed wat van die soldate uitgaan, is in hoofsaak dieselfde as die van die matrose, met die verskil dat die soldate gewoonlik langer vertoef. Wat die samestelling van die soldategroep betref, het die verhouding in getalsterkte tussen Nederlanders en vreemdelinge taamlik vin-nig só verander dat die Nederlandse element in die minderheid was. In verband hiermee vind ons die volgende by Colenbrander: „Het aantal vreemdelingen (d.i. in 1691) is, hoewel reeds aanzienlijk, toch nog ver in de minderheid: naar schatting ruim een vijfde van het geheel, en van dit ruime vijfde schijnen mij de Duitschers niet meer dan ruim de helft uit te maken. Van vóór 1691 zijn er geen generale, maar een groot aantal partieele monsterrollen bewaard: van ettelijke schepen, van ettelijke garnizoenen en expeditiën. Het verhoudingsgetal der vreemdelingen neemt af, hoe verder men teruggaat. De vestiging van onze Indische heerschappij is ons eigen werk geweest: de helpers van Coen en Van Diemen waren negen tienden Nederlanders. Eerst de 18e eeuw heeft,

---

<sup>1)</sup> Le Vaillant: Travels, II, 140-1.

in snel toenemende mate ons volk hokvast zien worden. De Compagnie had gedurig meer volk nodig, maar die zich aanboden waren ten slotte meerendeels verarmde Duitschers."1)

Dit kan ook sy waarde hê om nouer te let op die verskillende landsmanne wat aan die Kaap diens doen. Die oudste landrol van die Kaap, uit 1656, gee die name en geboorteplekke van 133 dienaars, waarvan 103 Nederlanders is, 19 Duitsers, 5 Franse, 3 Dene, 2 Swede en Nore, 1 Vlaming. Die monsterrol van 1716 bevat die name en geboorteplekke van 711, as volg: 453 Nederlanders, 177 Duitsers, 25 Vlaminge, 21 Swede en Nore, 10 Dene, 8 Franse, 7 Kapenaars, 5 Duitse Switsers, 1 Engelsman, 1 Rus. Teen die helfte van die agtiende eeu kom die Duitsers in die meerderheid. Die monsterrol van 1767 gee 1610 name, as volg: 1025 Duitsers, 317 Nederlanders, 69 Swede en Nore, 55 Kapenaars, 45 Dene, 35 Vlaminge, 21 Duitse Switsers, 12 Franse, 8 Italianers, 7 Luxemburgers, 4 Levantyne, 4 Wale, 4 Nederlanders uit Batavia, 2 Engelse, 2 Russe, 1 Pool, 1 Bohemer.2)

By hierdie groep is dit nie soseer te doen oor die getalsterkte van die verskillende landsmanne nie, alhoewel dit tog nie sonder betekenis is nie, maar dis meer te doen om aan te toon hoe bont de vermenging van kulture en volke aan die Kaap was, en welke uiteenliggendste gebiede en wêrelddele in aanmerking geneem kan word by die verklaring van bepaalde verskynsels in ons Afrikaanse volkgeloof. Behalwe dat by die matrose en soldate veral, nuwe

---

1) t.a.p., 124 e.v. 2) dieselfde.

bevolkingselemente waar te neem is, het die invloed ten opsigte van die volksgeloof waarskynlik hoofsaaklik bestaan uit 'n versterking van die werking wat uitgegaan het van die Nederlandse, Duitse en Franse groepe stamouers.

#### § 5. Die Slawe.

By die toekenning van vryheid aan sommige van die Kompanjiesdiensmaats aan die Kaap, met die doel dat hulle die omliggende streek moes bewerk, het die behoefte aan arbeiders onmiddellik 'n belangrike vraagstuk geword in die aangeleentheid van die volksplanting; die gevolg is dat, in ooreenstemming met die gebruik wat in die sewentiende eeu gangbaar is by alle koloniserende lande, n.l. om oral die inboorlingstamme diensbaar te maak, in 1658 'n aanvang gemaak word met die invoer van slawe. En slawerny, nadat dit op hierdie manier 'n instelling geword het, het bly voortbestaan totdat die Engelse regering in 1833 besluit om alle slawerny in Britse besittings af te skaf. Intussen het die instelling al sô diep wortel geskiet, dat die spore daarvan op die gees van die blanke, tot-vandag-toe nog nie uitgewis is nie.<sup>1)</sup>

Die slawegroep word eintlik eers vanaf 1658 van belang. Vóór die tyd was hulle getalle sô gering dat hulle veilig buite rekening gelaat kan word.<sup>2)</sup>

Ook hier is dit wesenlik van belang om rekening te hou met die herkoms van die groep. Tot aan die begin van die 18e eeu, skets Bosman die heersende toestand as volg: „Ons sien dus dat voor 1677, toe daar al minstens 710

---

<sup>1)</sup> Theal: South Africa, 32 e.v., 182. <sup>2)</sup> Bosman: Ontstaan, 50-1.

Afrikaanse en Madagaskarse slawe aangevoer was, alleen enkele slawe en bandiete uit die Ooste aan die Kaap gebring was. In die jaar kom daar 190 slawe, vermoedelik van Ceylon, en vir die volgende veertig jaar hoor ons niks van die aanvoer van Oosterse slawe in groot getalle nie."1) Bosman neem dan aan dat tot in 1715 die slawe hoofsaaklik afkomstig was uit Afrika en Madagaskar en vir 10% uit die Ooste. Daarna het die verhouding Oosterse slawe aansienlik gestyg, o.a. as gevolg van die voordelige handel wat skeepsoffisiere met Oosterse slawe gedryf het aan die Kaap.

Behalwe die Madagaskarse groep, maak Kolbe in 1705 melding van slawe uit „Capo Verde, Loando, St. Paul, Vita, Congo, e.a, Afrikaansche koningrijken en landen ... Javanen, Ceylonesen, Amboinesen, Macassaren, Bandanesen, Ternatanen, Bengalers, Banjers en veel anderen."2)

Wat die waarde is van hierdie gegewens ten opsigte van ons onderwerp, begryp ons beter as ons enersyds die getalle blankes en slawe met mekaar vergelyk, en andersyds as ons die noue betrekkings tussen die twee groepe op allerlei gebiede betrag.

Bosman gee die volgende getalverhouding tot aan die begin van die 18e eeu:

Jaartal	Koloniste	Slawe
1658	57	89
1687	573	310
1700	1308	738
1708	1723	1298 <sup>3)</sup>

---

1) dies., 57. 2) Naauwkeurige Beschrijving, II, 150. 3) Ontstaan, 55.

Verder sê hy: „Oor die algemeen kan sodoende vir die eerste vyftig jaar die verhouding tussen koloniste en hulle slawe op 2:1 gestel word (vgl. nog Afrikaans en Maleis-Portugees, p. 23, vlg.)”<sup>1)</sup>

Voeg hierby die verklaring van Theal: „It may also be observed, that in every family (with a very few exceptions) the number of slaves is so great, that the safety of the family depends on them.”<sup>2)</sup> In 1804 verklaar Percival: „The slaves are very numerous at Cape Town and compose a very large proportion of its inhabitants. Every Dutchman of any consequence or rank having from ten to fifteen or twenty, including females and children. Even those Dutch families of an inferior order have often in their families from six to a dozen, who are domesticated and brought up in their homes from infancy.”<sup>3)</sup> So deel Lichtenstein mee van 'n boer in die binneland wat honderd slawe op sy plaas gehad het.<sup>4)</sup>

Hoe intiem was die aanraking tussen die koloniste en die verskillende slawegroep? Van die slawe wat deur die Kompanjie uit Oos-Indië aangevoer is, vertel Percival: „The slaves of the Malay race are tolerably numerous. They are employed in many kinds of laborious work, such as gardening and attending the grounds belonging to pleasure-houses round the town; and the kitchens and the drudgery work belonging to them.”<sup>5)</sup> Le Vaillant deel in hierdie verband mee dat die slawe uit Indië besonder gewild is, veral as huisbediendes en in die stad; dat Maleise slawe — die intelligentste groep — ook aangetref word; dat

---

<sup>1)</sup> Dies., 55-56. <sup>2)</sup> Records, 1793-1796, 304. <sup>3)</sup> Account, 283. <sup>4)</sup> Reisen, II, 75. <sup>5)</sup> t.a.p., 288.



die Kreoolse slawe die meeste in aanvraag is in die Kaap, en altyd tweekeer soveel kos as die ander.<sup>1)</sup> Volgens Percival egter, is die Mullatoes, slawe met 'n Europese vader en 'n slawe moeder, beskou as die beste. Die mans uit hierdie groep word veral gebruik as huisbediendes, tafelbediendes, en persoonlike bediendes van besoekers of gaste. Die vroulike geslag uit hierdie groep is veral kamermeide, en bedien die huisvrou aan tafel.<sup>2)</sup> Van die ander groepe Oosterse slawe, vertel hy verderop: „The Bengalese and Malabars are considered the next to those I have described ... Both the males and females are employed as cooks, butlers, and house servants.”<sup>3)</sup>

Dit blyk dus voldoende dat, al was die groep Oos-Indiese slawe in die minderheid, was hulle geestelik op 'n hoër peil, met die gevolg dat hulle nouer in aanraking gekom het met die kolonis en sy gesin.<sup>4)</sup> Hierdeur het hulle, met die oog op die volksgeloof, ruim so 'n groot invloed kon uitoefen as die ander slawegroep, veral as ons bedink dat die kindermeide meestal Oosterlinge was.

Vroeg in die neentiende eeu word slawerny aan die Kaap afgeskaf, maar hierdie bevolkingselement verdwyn nie daardeur uit Suid-Afrika nie. Verlaas in die Boland bly die Oosterling tot vandag toe nog 'n bevolkingsgroep wat in allerlei rigtings invloed uitoefen op die Afrikaanse volkslewe. Ook die groter binnelandse stede het in hulle gebied betreklik aansienlike groepe inwoners wat moes afgestam het van die slawe.

---

<sup>1)</sup> t.a.p., I, 84-5. <sup>2)</sup> t.a.p., 285. <sup>3)</sup> t.a.p., 286-7. <sup>4)</sup> Vgl. ook Bosman: Ontstaan, 58.

Die invloed van die groep slawe wat afkomstig is uit die Slawekus en die binnelande van Afrika, word versterk deur die invloed wat die blankes ondergaan in hulle aanraking met

§ 6. die Suid-Afrikaanse Inboorlinggroep.

A. Die Boesmans. Een van die eerste inboorlinggroepe waarmee die koloniste in aanraking kom, was die Boesmans. Wat beïnvloeding uit hierdie bron betref, geld egter twee belangrike oorwegings. Enerzyds: weëns hulle diefagtige geaardheid was hulle uit die staanspoor die Ismaeliete van die land — hulle hand was teen almal gekant en almal teen hulle; andersyds: die Europeane het dit uiters moeilik gevind om die taal van die Boesmans aan te leer. Daar is gevalle bekend van koloniste wat wel die taal aangeleer het, maar hulle dagteken byna almal uit die einde van die agtiende en die begin van die neentiende eeu.<sup>1)</sup> Daarteenoor is daar ook slegs weinig voorbeelde bekend van Boesmans wat Hollands magtig was.<sup>2)</sup> Trouens, die hele verhouding van koloniste tot Boesmans, naamlik die van jagters tot wild, sluit eintlik 'n nou aanraking, veral tydens die sewentiende en agtiende eeu uit. Die Boesmans word langsaamterhand teruggedring tot die minder herbergsame gedeelte van die land, — Namakwaland, Boesmanland, en die Kalahari, en regstreekse beïnvloeding op die gebied van die volksgeloof word eers betreklik laat moontlik.

---

<sup>1)</sup> Vgl. Lichtenstein: *Reisen*, II, 330; Boshoff: *Volk en Taal*, 373. <sup>2)</sup> Vgl. Paterson: *Narrative*, 59.

B. Die Hottentotte. Van die begin af aan het die koloniste regstreeks in aanraking gekom met die Hottentotte. Jan van Riebeeck het alles in sy vermoë gedoen om hierdie aanraking aan te moedig omdat die koloniste van die Hottentotte afhanklik was vir die vleisvoorraad van die verbyvarende skepe.

Hierdie aanraking tussen die koloniste en die Hottentotte was volgens sommige navorsers, só eng dat dit die ontstaan van Afrikaans as gevolg gehad het,<sup>1)</sup> 'n opvatting wat egter nie taalkundig gehandhaaf kon word nie.

Dit is egter nodig om die moontlike beïnvloeding wat van die Hottentotte af uitgegaan het, in 'n suiwer historiese omlysting te plaas.

Van nature was die Hottentot wars van alle werk, 'n eienskap wat Van Riebeeck al baie gou genoodsaak het om slawe in te voer. Die enigste waartoe hy Hottentotte in sy onmiddelijke omgewing kon beweeg, was om af en toe (meer af as toe) 'n draggie hout van die berghange af aan te dra vir die kok, met 'n dop wyn, 'n sopie arak of 'n vinger tabak as beloning. In 1689 merk J. Ovington op: „But their native inclination to idleness and a careless life, will scarce admit of either force or rewards for reclaiming them from that innate lethargick humour.”<sup>2)</sup> Hierdie opvatting word te oor gestaaf deur verskeie ander skrywers: Kapt. William Dampier en Beeckman,<sup>3)</sup> en Kolbe.<sup>4)</sup> Volgens Percival was daar geen Hottentotslawe aan die Kaap nie, omdat 'n ou verordening van die Kom-

---

<sup>1)</sup> Vgl. Bosman: *Ontstaan*, 16. <sup>2)</sup> Botha: *Collectanea*, 105. <sup>3)</sup> Dies., 127 (1691), 14 voetnoot 1 (1714). <sup>4)</sup> *Naauwkeurige Beschrijving*, II, 120.

panjie dit belet het om die oorspronklike bewoners van die land te verneder tot die slawestand.<sup>1)</sup>

In die begin van die agtiende eeu, volgens Hesseling, is daar al sprake van „meer Hottentotten in dienst bij Vrijburgers; als kinderverzorgsters zijn de Hottentotinnen dan werkzaam en hun mannen zijn als veehoeders in geregelde dienstbetrekking.”<sup>2)</sup> In 1785 kla Mentzel egter nog: dat mens af en toe 'n Hottentot slegs kon bekom as touleier.<sup>3)</sup> (Mentzel het die Kaap in 1741 verlaat).

Dit lyk dus aanneemlik dat die Hottentotte tot diep in die agtiende eeu slegs ligte werkies verrig het vir die koloniste. Daaronder val egter diens in die kinderkamer en agter die vee in die veld, albei arbeidsverrigtinge wat van belang is t.o.v. beïnvloeding waar dit die volksgeloof betref. Immers, wie is 'n groter baasverteller as juis die Hottentotveewagter.<sup>4)</sup>

'n Groot mate van beïnvloeding word egter eers waarskynlik wanneer koloniste en Hottentotte oor en weer mekaar se taal kan verstaan en praat. Wat die koloniste se kennis van Hottentots betref, kan ons aanneem dat dit slegs gering en fragmentaries was tot aan die begin van die agtiende eeu.<sup>5)</sup> Pas daarna hoor ons van 'n hele aantal koloniste wat Hottentots kon verstaan en praat, en eers goed in die laaste helfte van die agtiende eeu het die kennis van Hottentots, veral verder die binneland in, só redelik toegeneem dat ons verneem van 'n aantal blanke huisgesinne waarvan die kinders Hottentots leer voordat hulle

---

<sup>1)</sup> t.a.p., 291. <sup>2)</sup> Het Afrikaans, 17-18. <sup>3)</sup> Geographical and Topographical Description, 54. <sup>4)</sup> Vgl. Von Wielligh: Diere Stories, die voorwoord by I, III, IV. <sup>5)</sup> Vgl. Hesseling: Het Afrikaans, 16.

Hollands kan praat.<sup>1)</sup> Dis gewens om terloops daarop te wys dat die aanleer van Hottentots soveel moeilikhede oplewer, veral vir die volwasse Europeaan, dat die kennis daarvan onder die koloniste nooit algemeen was nie en dat die taal in die loop van die neentiende eeu haas heeltemal uitgesterf het.

Wat die Hottentotte se kennis van Nederlands betref, is die toestand egter heelwat anders. Kommissaris Cnoll, goewerneur van Java, wat in 1710 die Kaap besoek, deel mee: „.... Waarlijk remarcabel dat men bij geen een Hottentot quam of vonden hem genoegsaam in de Hollandsche taal geverseert.”<sup>2)</sup> Uit die mededelings van Sparrman (1772),<sup>3)</sup> Paterson,<sup>4)</sup> en ander, staan dit dus redelik vas dat die Hottentotte, binne weinige jare ná die stigting van die volksplanting, in die onmiddelijke omgewing van die Fort genoegsaam met Hollands vertrouwd was vir praktiese doeleindes. Gaandeweg het die kennis van Nederlands dieper die binneland ingedring, en dit skyn inderdaad of mens teen die einde van die agtiende eeu binne die grense van die volksplanting kon reis sonder 'n kennis van Hottentots en sonder 'n tolk.

Die invloed van die Hottentotte het natuurlik gaandeweg gegroei deurdat hulle kennis van Nederlands altyd beter geword het, en deurdat hulle maatskaplike aanraking met die blankes altyd nouer geword het. Mens kan hier net nog terloops byvoeg dat die Hottentotte en die slawegroepe aan die Kaap die enigste nie-Europese bevolkingsgroepe is wat as groepe in Suid-Afrika hulle oorspronklike

---

<sup>1)</sup> Volgens Sparrman: Voyage, I, 288. <sup>2)</sup> Botha: Collectanea, 64. <sup>3)</sup> t.a.p., 207, 304. <sup>4)</sup> Narrative, 52.

inboorlingtaal prysgegee het ten gunste van Afrikaans. Ek sluit hierby natuurlik in die Grikwas en die Rehobothbasters.

C. Die Bantoes. Met hierdie groep inboorlinge, bereik ons die einde van die eerste tydperk.

Die gebied van die Kaap af tot by die eerste bergereeks, word gou in beslag geneem deur die blank bevolking en hulle stoot oor op die tweede terras — in 'n oostelike en noordelike rigting. So kom hulle spoedig al in aanraking met die voorpunt van die Bantoes wat toe aan die afdaal was uit die noorde. In 1780 word dit al nodig om by ooreenkoms 'n skeidingslyn vas te stel tussen die gebiede van blank en Bantoe.<sup>1)</sup> In daardie jaar tref Goewerneur Van Plettenberg 'n ooreenkoms met die Xosas — die eerste Bantoeestamme waarmee die koloniste in aanraking kom. Die onderste loop van die Visrivier word vasgestel as grenslyn. Intussen het die eerste Kafferoorlog uitgebreek in 1779, die voorloper van 'n lang reeks oorloë wat loop dwarsdeur die neentiende eeu en eindig met die verowering van die Zoeloes in 1906, oorloë wat orals woed in die noorde waar Boer en Bantoe teen mekaar stuit — in Natal, op die oostelike grens van die Kaap, in die Vrystaat óm die grense van Basotoeland, in die Transvaal teen Mapog in die noorde, die Matabelies, Barolongs, en Batlapins in die weste.

Dus, nadat die koloniste die eerste bewoonde terras verlaat, en veral vanaf die Groot Trek (1836), het die

---

<sup>1)</sup> Vgl. Theal: South Africa, 87 e.v.

Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking gaandeweg al nouer in aanraking gekom met die Bantoes, 'n aanraking wat aanvanklik skerp vyandig is, maar wat steeds intiemer word en wat gaandeweg, veral in die tweede tydperk belangriker word met die oog op beïnvloeding waar dit elemente in die volksgeloof betref. Wat die uitwerking van die Segregasiewette van 1936 in hierdie opsig sal hê, moet die toekoms uitwys. Tot hoever die aanraking met die Kaffers van betekenis is in die verskillende gedeeltes van ons woongebied, word as volg saamgevat deur Boshoff. „Hoewel die aanraking met verskillende Kafferstamme nou ruim so lang gewees is as met die Hottentotte tot aan die end van die agtiende eeu, is die aantal algemeen bekende leenwoorde uit die Kaffertale nie so groot nie en nie so belangrik as die leenwoorde uit Hottentots in die periode 1652-1800 nie. Die redes daarvoor is histories begryplik. Die aanraking met die Hottentotte het plaasgevind gedurende die wordingsperiode van Afrikaans, met die Kaffers eers daarna. Die aanraking met die Hottentotte was vir 'n groot deel op 'n vreedsame voet: die Hottentotte was arbeiders, veewagters, agterryers op jag en op kommandodiens, en die Hottentotmeide was vir 'n deel kombuis- en kindermeide. Maar vir die eerste honderd jaar ongeveer van hulle ontmoeting af het Boer en Bantoe mekaar hoofsaaklik op die oorlogsveld as vyande ontmoet. En tot vandag toe het die Bantoes, behalwe op strooptogte vroeër en as individue of onbetekenende groepe vandag, nog nooit tot in die weste en suidweste van die Kaap Kolonie deurgedring nie. Die Kafferwoorde in Afrikaans moes dus in die meeste gevalle gelokaliseer

bly. En hoewel Afrikaners en veral Afrikaanse kinders in later tyd in verskillende noordelike en noordoostelike streke van die teenswoordige Unie van Suid-Afrika verskillende Kaffertale aangeleer het, is die gebruik van Kafferwoorde weëns die reeds genoemde redes altyd min of meer tot bepaalde gebruiksfere beperk gebly, hoofsaaklik tot die verkeerstaal met die Kaffers self.<sup>1)</sup> Dit is belangwekkend om in hierdie verband te wys op die stelling wat prof. M. Bartoli van die Universiteit van Turyn, uiteengeset het op die Linguistekongres in Den Haag (1928), n.l. dat twee verwante tale 'n veel groter invloed op mekaar uitoefen as twee tale wat minder verwantskap vertoon.<sup>2)</sup> In ooreenstemming daarmee kan ons eers beïnvloeding verwag deur die Suid-Afrikaanse inboorigroepe veral t.o.v. die volksgeloof, wanneer die blankes voldoende die inboorig tale beheers of omgekeerd. Dit laat dan ook beter besef waarom beïnvloeding deur die Bantoes, bevoorbeeld, sterk gelokaliseer is, en uit 'n veel jonger tydperk dateer.

#### § 7. Die Engelse Bevolkingsgroep.

Tot aan die einde van die eerste tydperk is die Hollanders, Duitsers en Franse die belangrikste Europese bevolkingselemente aan die Kaap. Die koloniste bewoon toe nog 'n baie beperkte gebied, en die stryd teen Willem van der Stel veral (in die beginjare van die agtiende eeu), het baie daartoe bygedra om die drie hoofgroepe te laat

---

<sup>1)</sup> Volk en Taal, 390. <sup>2)</sup> Actes du Premier Congrès de Linguistes tenu à La Haye du 10-15 Avril 1928, 105.



saamsmelt tot 'n geheel, 'n gebeurtenis wat waarskynlik heeltemaal aan die begin van die eeu plaasvind.

Aan die einde van hierdie eeu gaan die Kaap vir die eerste keer tydelik oor in die hande van die Engelse. Met die verwikkelinge wat in Europa gepaard gaan met die Napoleontiese oorloë, word die Kaap in 1806 weer in beslag geneem en nie meer teruggegee nie. Die hele neentiende eeu sien 'n aaneengeschakelde reeks vasberade pogings aan die kant van die nuwe bewindhebbers, om die Kaap te verengels. Allerlei middels word in die hand gegryp: afskaffing van die ou regstelsel, verbod op die taal van die koloniste, 'n denasionaliserende skoolstelsel en veral die invoering van die Britse setlaars — die eerste belangrike groep van ongeveer 5.000 in 1820-1,<sup>1)</sup> en daarna 'n gestadige stroom wat vandag nog nie opgehou het nie. Van die eerste vertel Theal: „To this time the colonists outside of Cape Town were almost entirely Dutch speaking, henceforward the English language is to be heard in many farmhouses as well as in the villages and town throughout the country, and English customs and ideas are to come into rivalry with the customs and ideas of the earlier settlers.”<sup>2)</sup> Die pogings tot verengelsing word onverwags, maar op uiters kragdadige wyse gesteun deur die ontdekking van die ryk diamantvelde by Kimberley in die jare sewentig, en die fabelagtige goudvelde op die Witwatersrand, in die jare tagtig.

Intussen het die koloniste die grens van hulle ou woongebiede verlaat, Natal-toe getrek en daarna na die Vry-

---

<sup>1)</sup> Theal: South Africa, 157. <sup>2)</sup> dies., 155.

staat en Transvaal toe tot diep in die binnelands van Afrika.

Deur die ekonomiese verwickelinge in Suid-Afrika, bly die Engelssprekende gedeelte van die nuwelinge hoofsaaklik woon in die stede en dorpe, vanwaar hulle invloed — natuurlik ook ten opsigte van die volksgeloof — gestadig bly deursypel na die omringende landelike bevolking wat hoofsaaklik Afrikaanssprekend is. Hierdie invloed het in Kaapland die gouste deurgewerk, maar in die Transvaal en Vrystaat het die weerstand langer geduur. Gemengde huwelike vind nou egter daagliks plaas in die vernameeste streke van ons land. Watter waarde dit vir die volksgeloof het, hoef nouliks aangetoon te word .

Die ontginning van ons delfstowwe bring natuurlik die instroming van allerlei landsmanne mee. Oor die algemeen geld egter dat hulle merendeels in die nywerheidsstede bly woon en daar veral met die ekonomies verswakte Afrikaanssprekende, wat tot betreklik onlangs nog bykans uitsluitend die Dietse groep in die enigszins vreemde milieu verteenwoordig het, in aanraking gekom het. In die stede egter, en besonder sterk by die landelike bevolking waar ons nog te doen het met die aansienlikes onder ons volk, verset die Afrikaanssprekende hom teen bloedmenging, vernameelik as dit landsmanne uit die suide en ooste van Europa betref.

Presies wat die verhouding tussen Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes was, wat betref getalsterkte, is moeilik om vas te stel. In die aanvangsjare van die Britse bewind was hoofsaaklik net die hoofamptenare Engelsprekend, en hulle invloed bly beperk tot Kaapstad en

omstreke. Ná die koms van 5.000 setlaars in 1820, verteenwoordig die Engelssprekendes ongeveer een-agste van die blanke bevolking, maar hulle invloed bly beperk deurdat die setlaars veral gevestig word in die oostelike gedeelte van die Kaapland. Die getalsterkte van die Engelssprekendes groei eers aansienlik aan ná die ontdekking van die delfstowwe, d.w.s. eers sedert die laaste kwart van die neentiende eeu, maar dan ook teen 'n erg versnelde tempo, met die gevolg dat die Engelssprekendes oor die hele land, teenswoordig ongeveer twee tel teenoor elke drie Afrikaanssprekendes. Ten opsigte van die volksgeloof het ons hier te doen met 'n kragtige invloed wat versprei lê oor die hele land, maar hoofsaaklik in die stede en dorpe.

---

## HOOFTUK II.

### Die Struktuur van die Afrikaanse Volksgeloof.

#### § 1. Lae.

Aangaande die struktuur van die Afrikaanse volksgeloof, geld die opmerking van prof. Schrijnen betreffende die Nederlandse folklore, na aanleiding van die Nederlandse flora: „er groeit in ons land zoo goed als geen soort, die niet ook in andere landen gevonden wordt; maar bodem en standplaats hebben een nuanceering en groepeer- ing gekweekt, die onzen plantengroei een beslist-natio- naal karakter geeft.”<sup>1)</sup> Ook die Nederlandse volksge- bruike, gewoontes, feeste, opvattinge, liedjies en verhale verskil nie weselik van die van ander volke nie. Maar, uit rasvermenging tot 'n bepaalde verhouding, en allerlei ander invloed, is die Nederlandse volkswese gebore.

Dit is dus saak, met die oog op die verskillende be- standdele van die Afrikaanse volk, om eweneens die verskillende bestanddele van ons volksgeloof, die struk- tuur daarvan na te gaan. Dit blyk dan al heel gou dat die stof in wese en oorsprong geen geslote eenheid vorm nie. Derhalwe is dit vir 'n diepgaande ondersoek nodig om verskillende lae en tydperke in die volksgeloof te onderskei. So vind ons in die Afrikaanse volksgeloof terug: 'n *natuurlike* en 'n *historiese* laag.<sup>2)</sup>

---

<sup>1)</sup> Volkskunde, II, 376. <sup>2)</sup> Vgl. die indeling by Schrijnen: Volkskunde, I, 85 e.v.; Volkskunde und religöse Volkskunde, t.a.p.

I. Die *Natuurlike* Laag. Op die bodem van die menslike natuur lê die begrippe van Godsbestaan, van vergelding, van die voortbestaan van die siel,<sup>1)</sup> begrippe wat ons nie net aantref by die kultuurvolke nie, maar ook by die minste beskaafde natuurvolke.

Maar die hedendaagse volkskunde moet ook rekening hou met die immer bedrywige mitevormende drang van die volk, 'n drang wat eertyds wel voortbeweeg het op die dwaalweë van die politeïsme, maar wat tog ook vandag nog 'n ryk bron is vir die ontstaan van begrippe op die gebied van volksgeloof en towery.

Die begrippe aangaande die bowesinlike kragte en magte, is egter nie eenvormig nie. Enersyds kry ons die opvatting van 'n onpersoonlike krag wat eie is aan elke mens of ding, iets wat Wundt die *Körper* of *Organseele* noem.<sup>2)</sup> Dit staan ook wel bekend as die *orenda* of *mana*. Hiermee word bedoel 'n soort onpersoonlike, vloeibare krag wat uitgestraal word deur die orendadraer, maar wat *gebonde* is aan die persoon van die draer, of aan onderdele daarvan. Die orenda skuil veral in die bloed, hare, baard, naels, asem, spieël- en skadubeeld, voedselreste en naam. Hierdie gebonde siel wat die kern uitmaak van die orendisme of magsgeloof, soos Pfister dit noem,<sup>3)</sup> stel ons die beste in staat om te begryp waarom juis die genoemde liggaamsdele so 'n belangrike rol speel in die toewerkuns, waarom aan sekere bestanddele soos bevoorbeeld 'n perde skedel, en aan sekere plante en metale afwerende krag toegeskryf word in die volksgeloof.

---

1) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 86; Helm: *Religionsgeschichte*, I, 9. 2) *Völkerpsychologie*, IV, 82, 88. 3) *Volks Glaube*, t.a.p., 95.

Teenoor die krag wat onpersoonlik is en vir sy voortbestaan gebonde aan 'n liggaam of liggaamsdeel, staan die opvatting van 'n persoonlike krag wat *skeibaar* is van die persoon of onderdele van sy liggaam. Hierdie tweede begrip wat so nou verwant is aan orendisme, staan bekend as *animisme*, waarin ons onderskei 'n *ruimer* en 'n *enger* sin. Onder animisme in die ruimer sin verstaan ons: „het toekennen van een ziel aan alle dingen, bewerktuigd en onbewerktuigd, gesproten uit een geestestoestand, waarin de mensch geen scherpe scheidingslijn weet te trekken tusschen hem zelf en de hem omringende natuur. De kloof tusschen mensch, dier, plant, mineraal is bij zulke wereldbeschouwing overbrugd, er is geen plaats meer voor het wonderbaarlijke, het meest ongelooflijke lijkt niet meer dan natuurlijk. Menschen kunnen evengoed in boomen en rotsen veranderen als omgekeerd.”<sup>1)</sup> Dit berus dus op 'n pre- of a-logiese geestestoestand, wat ook die grondslag uitmaak van die sprokieswêreld.

Hierteenoor kry ons die animisme in enger sin. sielsgeloof en dodekultus. By die dood voel die agterblywendes dat iets gewyk het, en dit probeer hulle terugvind in die omringende natuur; die bestanddeel wat gewyk het, is nie die siel nie, maar die gees, d.i. 'n min of meer sigbare skadubeeld, 'n soort oorgang tussen liggaam en siel. Op die bodem van hierdie sielsgeloof kry ons die mitiese faktore dood, slaap, droom, visioene, histerie.

Op animisme in ruimer en enger sin, is gegrond die ge-

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 87; *Essays*, 55, 80, 184; Naumann: *Primitive Gemeinschaftskultur*, 18.

loof aan bos-, berg-, woud-, water-, wind- en dwaalgeeste en gestaltes van die droomwêreld.

Ons moet egter waak daarteen om hierdie primitief wysgerige lewenshouding, die a-logiese, te oordryf en dit te beskou as godsdiens. Die grens tussen hierdie primitiewe wysbegeerte en natuurreligie is, weliswaar, baie vaag, maar godsdiens is eers dan aanwesig wanneer die religieuse moment by kom.<sup>1)</sup>

Kortom ons het hier 'n groep verskynsels wat gesamentlik beskou kan word as 'n uitvloeisel van die aangebore drang van die mens, en derhalwe word dit bestempel as die *natuurlike laag*.

II. Die *Historiese Laag*. Ook wat die herkoms van sy bestanddele betref, maak die volksgeloof op enige bepaalde tydstip geen eenheid uit nie.

Eerstens moet ons 'n *voorhistoriese* laag onderskei, 'n laag wat veral in die laaste tyd meer aandag ontvang as voorheen, Ten opsigte van die Nederlandse volksgeloof, kom ons hier bevoorbeeld te staan voor die vraagstuk van die voorbevolking, waarmee same hang die raaisels van die hunnebedde, moederreg, woningbou, bloedbroederskap, bloedwraak, ens.<sup>2)</sup> Hiermee hang ook saam die ondersoek na die herkoms en betekenis vir die samestelling van die Nederlandse volk, van die Franke, Sakse en Friese, — waarop reeds die aandag gevestig is.

Tweedens onderskei ons 'n *historiese* laag met sy be-

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Essays*, 61, 184-5. <sup>2)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 1 e.v., 89.

standdele uit die Germaanse en Romaanse mitologie en uit die Christendom.

a. By die *Germaanse mitologie* maak ons 'n verskil tussen animistiese bestanddele, — of die laere mitologie, en 'n uitgebreide demonkultus wat berus op 'n erkenning van die hoëre in die natuurkragte, — dus, die hoëre mitologie.<sup>1)</sup> Hieruit word verklaar 'n aantal begrafenisgebruike, die geloof dat sekere lieflinge van die volk vertoef in berge, rotse of kastele, die Wilde Jag, ens.

b. By die historiese laag hoort ook bestanddele uit die *Romaanse mitologie* wat hoogs waarskynlik die Nederlandse volksgeloof met 'n aantal Vastenavondgebruike verryk het; t.o.v. die Afrikaanse volksgeloof kry ons egter 'n vernuwing van die Romaanse invloed deur middel van die Franse Hugenate, en waarskynlik deur die koms van die Oos-Indiese slawe wat dáár in aanraking gekom het met die Portugese.

c. Van besonder belang vir die volksgeloof, is die invloed wat uitgegaan het van die *Christendom*. Sodra die Christelike kerk in die Germaanse land dring, ontstaan daar 'n wisselwerking tussen die twee geloofswêrelde.<sup>2)</sup> In sommige gevalle is bevoorbeeld heidense feeste, feesgebruike, van hulle heidense geaardheid ontdaan en diensbaar gemaak aan die Christelike kerk, m.a.w. *gekersten*: heidense bronne word die plek waar bekeerlinge die Christelike doop ontvang; op heidense offerplekke verrys geboue waarin die Christelike leer verkondig word, waarin

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 89; *Volkskunde und religiöse Volkskunde*, t.a.p., 245-6 <sup>2)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 118 e.v., *Volkskunde und religiöse Volkskunde*, 246-8.



die god van die Christene aanbid word. Ook in teenoor-  
gestelde rigting is daar natuurlik sprake van  
wisselwerking.

Hierdie wederkerige wisselwerking tussen twee stro-  
minge wat naas mekaar voortbestaan, maar wat dikwels  
met mekaar bots of ook in mekaar vloei, hierdie sinkretisme  
het vir die volksgeloof 'n blywende betekenis. Een van die  
belangrikste figure wat alreeds hieruit gebore is, is die  
*duiwel*.

Die wisselwerking gaan van twee punte af uit. Ener-  
syds maak die predikers van die nuwe geloof gebruik van  
ou bestaande begrippe en voorstellings om die nuwe in  
bevatliker vorm te klee; andersyds het die volk self op  
die ou patroon voortborduur met 'n nuwe draad. Só het dit  
gebeur dat Maria in menig opsig die plek inneem of eien-  
skappe aanneem van Freyja, en Sint Nikolaas van Wodan.

In baie opsigte kon die resultaat van die wisselwerking  
deur die Christendom opgeneem word t.w. in die erediens,  
maar in ander gevalle weer is daar bestanddele aanwesig  
wat nie verenigbaar is met die gedogmatiseerde kerkleer  
nie. Sulke bestanddele bly dan beperk tot die geloof van  
die volk in teenstelling tot die gedogmatiseerde kerkleer.  
Hier het ons dan die eintlike gebied van die volksgeloof,  
in verband waarmee dit sy nut kan hê om nogeens die  
aandag te vestig op die omskrywing wat Schrijnen daarvan  
gee: „Hoe vreemd het bij den eersten oogopslag ook  
schijnen moge: *religie des volkes* en *volksreligie* zijn niet  
synoniem. Deze laatste toch is spontaan uit het volk opge-  
groeid onder den invloed van Christelijke, maar ook van  
heidense voorstellingen en begrippen. Het religieuze den-

ken en leven des volks vormt een machtig stuk van zijn kultuurbezit, terwijl de volksreligie, die alleen tot het domein der volkskunde behoort hiervan substraat of bezinksel is, vorm en vervorming, uitvloeisel of uitbreiding, resorteerend onder het gebied der onderkultuur. Vandaar dat beide begrippen zich slechts dekken bij de natuurvolken: de volksgodsdienst is heel hun godsdienst." <sup>1)</sup>)

As ons al die dusver aangeduide lae: natuurlik en histories betrag bloot vanuit die standpunt van die Afrikaanse volksgeloof, dan kan ons die genoemde bestanddele, met die uitsondering van die Franse en Portugese beïnvloeding, suiwer beskou as erfgoed uit ons Germaanse stamland; naas die erfgoed kom dan te staan beïnvloeding deur Franse, Portugese, en later veral Engelse. Verder nog op Afrikaanse bodem, beïnvloeding uit Oos-Indië, en deur die verskillende inboorlinggroepe (Hottentotte, Boesmans, Bantoes).

Die bestanddele van die Afrikaanse volksgeloof is betreklik algemeen, en word deurgaans ook elders aangetref. Wat kenmerkend en eienaardig is, is die samevoeging, die hoeveelheid, die besondere groepering van hierdie bestanddele, die eienaardige struktuur van die Afrikaanse volksgeloof soos dit op die oomblik voor ons lê. Ons moet ondersoek *welke invloed* werksaam was en *in welke mate*, en ten slotte vas stel welke bestanddele aan eie geïsoleerde ontwikkeling te danke is.

---

<sup>1)</sup> Volkskunde, I, 85

## § 2. Verwantskap met Taalvraagstuk.

In 1931 al het prof. Boshoff, ná 'n oorsigtelike beskouing van ons volkswysheid, die vraag gestel: *erfgoed of leengoed?*<sup>1)</sup> Selfs ná oppervlakkige kennismaking blyk dat ons by 'n beskrywing van die Afrikaanse volksgeloof te doen het met 'n vraagstuk wat in hoë mate ooreenkom met die taalkundige vraag na die ontstaan van Afrikaans.

Omdat 'n beskrywing van die Afrikaanse volksgeloof miskien ook onregstreeks 'n waardevolle bydrae kan lewer tot die oplossing van 'n vraagstuk wat ruim 'n kwart eeu die aandag van Nederlandse en Afrikaanse taalvorsers in beslag geneem het, is 'n beknopte uiteensetting van die taalvraagstuk hier ter sake,<sup>2)</sup> te meer nog omdat daaruit al voldoende blyk die noue verwantskap van die twee vraagstukke.

Die pogings om 'n verklaring van die ontstaan van Afrikaans te gee, kan ons in twee groepe verdeel. Die eerste groep pogings gaan uit van die veronderstelling dat Nederlands tot Afrikaans geword het onder invloed van die een of ander Europese, Oosterse, of inboorlingtaal. In 1882 voer dr. Th. Hahn in 'n lesing in Kaapstad aan dat Afrikaans na sy klankstelsel Germaans (Nederlandse en Noord-Duitse dialekte) is, maar psigologies Hottentots. Ongeveer gelyktydig hiermee word die opvatting gehuldig deur prof. M. de Vries, prof. J. te Winkel, ds. S. J. du Toit, dat Afrikaans in wese Nederlands is in Franse mond. Prof. Hugo Schuchardt wil meer nadruk lê op die in-

---

<sup>1)</sup> Beskouinge, 127. <sup>2)</sup> 'n Breedvoeriger uiteensetting is te vinde by Bosman: Ontstaan, hfst. II.

vloed van die Duitse dialekte. Dr. Meyer-Benfey spreek die mening uit dat die grondtrekke van Afrikaans reeds vasgelê was vóór die stigting van die volksplanting aan die Kaap; daarby dink hy veral aan die moontlikheid dat Hollands in Oos-Indië in die hawens en in die wêreldhandel tydens die sewentiende eeu vervorm geraak het tot iets wat in hoofsaak Afrikaans was; later het hy hierdie *seemanstaal* bestempel as die stam waarop Afrikaans geënt is.

Die eerste stewig gedokumenteerde poging om langs hierdie weg tot 'n verklaring te kom, is dié van prof. D. C. Hesseling wat in 1897 sy s.g. *Maleis-Portugees-teorie* opstel, 'n hipotese dat die verworping van Nederlands in Suid-Afrika toe te skrywe is aan die invloed van Maleis-Portugees wat 'n tydlank as taal van die slawe en die seelui aan die Kaap gehoor en gespreek was.

Naas die teorieë wat min of meer vreemde tale aanspreeklik stel vir die ingrypende vormveranderinge van Nederlands in Suid-Afrika, staan die teorie wat die afwyking wil verklaar deur die *spontane ontwikkeling* van neiginge wat reeds in die oorspronklike Nederlands aanwesig was; voorstanders van hierdie opvatting is dr. E. Kruisinga, prof. J. J. Smith en ds. W. Postma.

Op die *spontane ontwikkelingsteorie* bou prof. D. B. Bosman voort, en ontwikkel sy bekende *Vreemdelinge-Nederlands-teorie*, n.l.: in so ver as Afrikaans nie die spontane ontwikkeling van Nederlands is nie, is dit 'n ontwikkeling van Hollands hoofsaaklik onder invloed van die Nederlands van vreemdelinge.<sup>1)</sup>

---

<sup>1)</sup> Ontstaan, 100.

Uit hierdie beknopte oorsig blyk dus voldoende dat die bevolkingsgroepe wat bygehaal is om die ontstaan van Afrikaans te verklaar, presies die bevolkingsgroepe is waarmee ons rekening moet hou by die beantwoording van die vraag of ons by bepaalde verskynsels in die Afrikaanse volksgeloof te doen het met erfgoed, leengoed, of nuwe vorming. Die antwoord op hierdie vraag kan slegs deur 'n ontleding van die aanwesige feite aan die hand gedoen word, en volg dus in Hoofstuk VI: Besluit.



## HOOFSTUK III.

### Gestaltes in die Volksgeloof.

§ 1. Geeste wat woon in heuwels, rotse en berge.

In een van die kamers van Kronborg, 'n ou kasteel in Noord-Seeland, Denemarke, sit die onsterflike Deen en slaap langs 'n tafel van klip. Hy sit al so lank dat sy baard deur die blad gegroei het, en hy sal daar bly sit totdat sy volk bedreig word met ondergang. Dan sal die onverganklike held ontwaak uit sy towerslaap, en sy volk lei tot 'n skitterende oorwinning.

Versprei oor die hele wêreld tref ons sulke verhale aan betreffende lieflingspersone van die volk, wat vertoef in berge, rotse en spelonke. In die Karelsberg by Nürnberg, slaap Karel die Grote, en Barbarossa in die Kyffhäuser; in Swede is dit Koning Olaf wat só voortleef in die verbeelding van sy volk en in Engeland is dit Koning Artur van die Tafelronde.

Dergelike opvattinge van die volk, kan die beste verklaar word deur die sielsgeloof in engere sin, eintlik wel die geloof in 'n min of meer stoflike skadubeeld van die mens, volksvoorstelling van die siele van die afgestorwenes. Maar ook ander berge word aangetref waarin daar, volgens die volksgeloof, siele skuil onder heerskappy van die doodsgodin, n.l. die *Venus-* of *Holleberge*.<sup>1)</sup>

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 89 e.v.

Van *Vrou Holle*, die doodsgodin, vind ons 'n hele aantal oorblyfsels in Nederland. Tussen Elspeet en Uddel (Geld.) het ons die hoogte: *de Hulde* of *het Hul*, en by Hoogsoeren: *Pomphul*, wat albei in verband gebring word met *Holle* (*Holda*, *Hulda*). Dat sy in Nederland nog iets meer is as net 'n figuur wat leef in skool- en sprokiesboeke, bewys bevoorbeeld 'n gesegde in Godlinse (Gron.) en elders, wanneer dit sneeu: *Vrou Holle schudt het bed*, wat saam hang met die opvatting dat sy die kapok verwek.<sup>1)</sup> In Noord-Brabant het die inwoners van Beers nog 'n rympie: *Vrou Holle bakt oliebolle*.

Die Afrikaners het geen volksheld wat iewers in 'n towerslaap versink lê en wag op die wekroep van sy stamgenote wat in nood verkeer nie, en ook *Vrou Holle* is by ons weinig meer as 'n naam uit die skoolboekies. Spoorloos het sy egter nie verdwyn uit ons volksgeloof nie. In Nederland al, het 'n aantal eienskappe van *Vrou Holle* — die vrou in wit — en haar stoet, oorgegaan op die *witte vrouwen*, *witte juffers*, *belewitte* of *witte wieven*; waarmee ons slegs wil aandui dat *Vrou Holle*, die witte wieven, ens., tot eenselfde animistiese vorming behoort. In Urk (N.-Hol.) was kraamvrouens, veral op die negende dag, besonder bevrees vir die *witte wijven*;<sup>2)</sup> in Blaricum (N.-Hol.) het die *witte wievens* vroeër snags rondgedwaal, en hulle het die mag gehad om eensame wandelaars onverwags oor 'n heg te plaas; vroeër kon

---

<sup>1)</sup> Grimm: *Deutsche Mythologie*, I, 222; Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, VI, 1478. <sup>2)</sup> Behalwe waar anders vermeld, is gegewens t.o.v. Nederland afkomstig uit *Vraelys* nr. 2, 1937, van die Koninklijke Akademie van Wetenschappen (Volkskunde-Commissie), Amsterdam.

mens by Nieuwe Bildtdijk (Ferwerd, — Friesl.) die witte wieven op die weivelde sien dans in die maanskyn op die water, terwyl hulle aan die brugleuning vashou, en in dieselfde omgewing het hulle snags tussen elf en twaalfuur alle geslote hekke op die boederye oopgery. Ook in Terschelling en Zoutkamp (Gron.) was of is hulle nog bekend.

Oorspronklik was hulle egter goeie geeste en hulpvaardig. In Friezenveen (Overijs.) word vertel van 'n boer en sy twee seuns wat die hooi moes *opper*; 'n donderweer steek op en die werk word gestaak, maar die vader laat hulle spekpannekoek agter, en toe hulle die volgende dag terug keer, was die hooi geopper. Dit het die witte wieven gedoen.


In Suid-Afrika geld die witvrouens gewoonlik as dwaalgeeste (waarvan later meer), maar daar is tog aanduidings dat plek-plek nog 'n verskil gevoel word tussen gewone dwaalgeeste en „die gedaante soos 'n laken in die hek as 'n mens daar wil verby” (Dewetsdorp).<sup>1)</sup> Maar ook by ons kom die oorspronklike goeie geaardheid van hierdie wesens aan die lig in die geloof dat, as 'n wit vroulike gedaante in die nag op die kerkhof te sien is, 'n *goeie* persoon uit die omgewing gaan sterf (Pofadder); net soos in Nederland,<sup>2)</sup> word ook in Suid-Afrika 'n mens se nagrus versteur deur 'n wit, vroulike spookgedaante wat jou kom wek en iewers in die veld, in 'n grot, in 'n ou bouval, of in 'n bewoonde huis, 'n ver-

---

<sup>1)</sup> Behalwe waar anders vermeld, is die Afrikaanse gegewens afkomstig uit die ingevulde volkskunde-vraelyste wat in 1937 deur my uitgestuur is.

<sup>2)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 92.






(Die syfers tussen hakies, verwys na die kaart).<sup>1)</sup>

Avontuur (16)	Loeriesfontein (30)
Belfast (60)	Louis Trichard (66)
Bethal (56)	Malmesbury (3)
Bloemfontein (45)	Middelburg (23)
Bredasdorp (8)	Naboomspruit (en Kamola) (63)
Caledon (9)	Niekerkshoop (35)
Clanwilliam (7)	Nylstroom (62)
Colesberg (28)	Oemtata (Oemgazana, Rooiheuvel) (26)
Darling (4)	Ohrigstad (64)
De Aar (Sweetfontein) (29)	Pearston (21)
Dewetsworp (ook Helvetia) (44)	Pletersburg (65)
Dordrecht (Zwempoot) (24)	Piketberg (Bergrivier) (6)
Dullstroom (61)	Potchefstroom (en Mulskraal) (49)
Franschhoek (10)	Postmasburg (36)
Graaff-Reinet (22)	Pretoria (58)
Grahamstad (20)	Prieska (en Springputs) (32)
Grikwastad (34)	Reddersburg (43)
Heidelberg (Woyenthin) (55)	Robertson (Goudmyn) (12)
Hopetown (Higgshope) (33)	Rustenburg (59)
Indwe (25)	Saldanha (5)
Jansenville (19)	Swellendam (11)
Johannesburg (54)	Schweizer-Reneke (67)
Kaapstad (Skiereiland, Simon van der Stelskool, Prinsesvlei) (1)	Standerton (50)
Kakamas (37)	Trompsburg (Poortjie) (42)
Kenhardt (ook Podfadder) (31)	Uniondale (en Joubertina) (17)
Klerksdorp (Goedgevonden, Harte- beestfontein) (48)	Venterstad (27)
Knysna (Groot Brak) (15)	Ventersdorp (Elandskuil, Makoksdraal, Schefferspos) (51)
Koeroeman (Doorndraai) (38)	Vryburg (39)
Koster (Nooitgedacht, Van Wyk- skraal, Makoppa) (52)	Vryheid (Zwartfolozi) (41)
Kroonstad (47)	Weenen (40)
Krugersdorp (53)	Wellington (Hottentotspoort) (2)
Laingsburg (14)	Winburg (Theunissen) (46)
Letjesbosch (18)	Witbank (57)
	Worcester (Rawsonville) (13)

---

<sup>1)</sup> Vgl. lys van medewerkers op bls. 4.



(Die syfers tussen hakies, verwys na die kaart).

Aalten (M. 1)	Giesbeek (L. 32)	Onstwedde (C. 1)
Aardswoud (E. 21)	Godlinze (C. 9)	Oostburg (I. 1)
Abbekerk (E. 20)	Gouda (E. 1)	Oosterend (B. 9)
Akkerwoude (B. 5)	's Gravenhage (D. 1)	Oranjewoud (F. 25)
Alphen (K. 1)	's Gravenpolder (I. 9)	Oud-Beijerland (K. 8)
Amersfoort (F. 6)	Groningen (C. 4)	Oudelande (I. 4)
Amsterdam (E. 11)	Haarlem (E. 12)	Oudemirdum (F. 26)
Andelst (L. 23)	Halsteren (I. 13)	Oudesluis (E. 22)
Angerlo (L. 33)	Harderwijk (F. 10)	Reek (L. 16)
Anlo (C. 2)	Harlingen (B. 4)	Renkum (L. 29)
Arnhem (L. 31)	Hedel (K. 5)	Rhenen (L. 27)
Axel (I. 1)	Heel (L. 2)	Roelofarendsveen (E. 7)
Balgooij (L. 19)	Heesum (L. 30)	Rottevalle (B. 2)
Bathmen (F. 15)	's Heerenhoek (I. 8)	Rotterdam (K. 9)
Beers (L. 17)	Heerlen (Q. 6)	Scherpenisse (I. 12)
Berg en Terblijt (Q. 4)	Heeswijk (L. 12)	Schin-op-Geul (Q. 5)
Berkel (S.H.) (K. 10)	Helmond (L. 9)	Schinveld (Q. 7)
Berkel (N.Br.) (K. 3)	's Hertogenbosch (K. 4)	Spakenburg (F. 8)
Berkenwoude (K. 11)	Herveld (L. 22)	Staphorst (F. 20)
Blaricum (E. 10)	Hoevelaken (F. 7)	Steenwijk (F. 23)
Blitterswijk (L. 8)	Hoogsoeren (F. 12)	Ten Boer (C. 5)
Borsselen (I. 5)	Horst (L. 6)	Terschelling (A. 1)
Breda (K. 2)	Hunsel (L. 1)	Tiel (L. 24)
Broekhuizen (L. 7)	Ingen (L. 26)	Urk (F. 27)
Broek in Waterland (E. 16)	Kerk-Driel (L. 13)	Utrecht (E. 9)
Buggenum (L. 3)	Koeqange (F. 21)	Veghel (L. 11)
Brummen (F. 2)	Koelvorden (G. 3)	Velden (L. 5)
Buren (L. 25)	Koog a.d. Zaan (E. 15)	Venlo (L. 4)
Castricum (E. 13)	Kruiningen (I. 10)	Veur (E. 4)
Delft (E. 3)	Lamswaarde (I. 3)	Vlissingen (I. 6)
Deventer (F. 14)	Leerzum (F. 5)	Vriezenveen (G. 2)
Diepenveen (F. 16)	Leeuwarden (B. 3)	Wagenborgen (C. 6)
Doesburg (F. 1)	Leiden (E. 5)	Wageningen (L. 28)
Dokkum (B. 7)	Leiderdorp (E. 6)	Wanneperveen (F. 22)
Dordrecht (K. 7)	Loppersum (C. 10)	Warffum (C. 11)
Edam (E. 18)	Maastricht (Q. 2)	Weerselo (G. 1)
Ede (G.) (F. 4)	Marken (E. 17)	Weseper (F. 17)
Ede (Z.) (F. 13)	Meerssen (Q. 3)	Westzaan (E. 14)
Eindhoven (L. 10)	Middelburg (I. 7)	Wilnis (E. 8)
Elspeet (F. 11)	Midwolde (C. 7)	Yerseke (I. 11)
Enkhuizen (E. 19)	Millingen (L. 20)	Zaltbommel (K. 6)
Epen (Q. 1)	Nijkerk (F. 9)	Zegwaard (E. 2)
Everdingen (K. 12)	Nijmegen (L. 21)	Zoutkamp (B. 8)
Ferwerd (B. 6)	Nistelroode (L. 15)	Zuidhorn (C. 3)
Geffen (L. 14)	Noordhorn (C. 8)	Zutphen (F. 3)
Genemuiden (F. 19)	Oldeboorn (B. 1)	Zwolle (F. 18)
Gennep (L. 18)	Oldemarkt (F. 24)	

borge skat gaan aantoon deur op die betrokke plek (op 'n klip of teen 'n muur) 'n kruisie te trek, met haar voet te stamp, of 'n ander teken te laat. In die oggend het jy dan wel die gevoel dat jy erg verwarrend gedroom het, maar by nadere ondersoek kom die skat tog te voorskyn. Sulke verhare tref mens bykans orals in ons woon-gebied aan.

Maar Vrou Holle as doodsgodin, is ook koningin van die *elwe*, die siele van die afgestorwenes, — 'n groep in die volksgeloof wat dus weer animisties van oorsprong is in die engere sin. Hierdie kinderlike volkie, waartoe ook gereken moet word die *dwegies* of *erdmannetjies* en die *kabouters*, leef nog tot 'n geringe mate in die Nederlandse volksgeloof. Die elwe staan in 'n slegte reuk,<sup>1)</sup> maar die dwergies en kabouters is hulpvaardig. In Zuidhorn (Gron.) kon mens voorheen saans die karring gereed maak, en die kabouters het dan gedurende die nag die room afgekarring; in Wagenborgen (Gron.) sê hulle vandag nog skertsend: die kabouters sal vannag die werk afmaak. In Horst (L.) kon mens vroeër deur middel van 'n towerspreuk die kabouterfolk oproep tot verlening van hulp. Ook elders in Nederland is hulle nog bekend.

In Suid-Afrika is hierdie gediensige volkie, behalwe in die sprokiesliteratuur op skool, weinig meer as 'n skim uit die verlede, só erg verbleek dat in die omgewing van Hottentotspoort (Wellington) apies, bekend staan as kabouters. In Niekerkshoop (Hay) bestaan nog 'n kindergeloof dat goeie of slegte dae deur die elwe beloon of

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 90-4.

bestraf word, en dat goeie kinders deur hulle beskerm word, — iets wat saam hang met dieselfde karaktertrekke by Vrou Holle.<sup>1)</sup>

Dit blyk dus voldoende dat hierdie groep in die volks-geloof: Vrou Holle, die *wit vrouens*, die elwe, dwerge en kabouters, in Nederland en veral in Suid-Afrika verbleek het tot iets wat voortleef in die herinnering, in 'n woord, of in 'n naam.

Wat die elwe betref, is daar egter aanduidings dat van elders af 'n klein (wit) mannetjie met 'n geweldige lang baard, besig is om die Afrikaanse volksgeloof binne te dring, en wel die geheimsinnige *Tokkelôsi* uit die Bantoe-lore. Op verskillende plekke is hy al welbekend by die blankes, — sy dit dan nog as kwelgees van die inboorlinge, wat voldoende aanleiding is tot ontlening. In die omgewing van Hottentotspoort ken die blankes hom as 'n behaarde, klein mannetjie wat snags op die hutte van die kleurlingvolk sit en voorwerpe binne in stukkend gooi; Tokkelôsi is dan sogenaamd op soek na 'n meid. Op Helvetia (Dewetsdorp) loop die klein mannetjie met die lang baard snags rond en besoek huise, of hy tree bedags onverwags te voorskyn uit die lang gras om die beeswagtertjies (inboorling) die skrik op die lyf te jaag (Trompsburg).<sup>2)</sup>

Tokkelôsi is eintlik 'n kwellende vlakke- of watergees, en as sulks sal ons later weer die geleentheid hê om hom te bespreek.

---

<sup>1)</sup> Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, VI, 1481. <sup>2)</sup> s. ook Van den Heever: Nuwe Boord, 81.

§ 2. Watergeeste.

„Wie om twaalfuur snags na die strand toe wil gaan  
Op die skuimoorplaste rotse wil staan,  
Sal dan ver uit die see op golfrugge, by  
Die maan se geglinster, die robbe sien ry,” —

só begin 'n gedig waarin Van den Heever <sup>1)</sup> návertel die welbekende volksverhaal van 'n visser wat om twaalfuur op 'n maanligaand na die strand gegaan het om te sien hoe die seehonde van gedaante verander. Daar het hy gesien hoe blanke vrouegedaantes hulle glimmende velle afgooi om op die sand te kan dans; een van die velle het hy weggemoffel, en toe die see begin afneem trek al die vrouens weer hulle velle aan en spring met gladde lywe die branders in, — behalwe één, want haar vel was verlore. Die visser vang haar, trou met haar, en met die verloop van jare word twee kindertjies gebore. Intussen het die man die robbevel weggesluit gehou in die kelder, maar op 'n goeie dag vergeet hy sy sleutelbos tuis, en toe hy terug kom vertel die twee kindertjies dat hulle moeder met 'n vel weggesnel het see-toe. Hierdie verhaal, wat goed bekend is in die Transvaal en Vrystaat, maak deel uit van ons Nederlandse (Germaanse) erfskat. Volgens oorlewering is daar vroeër in Nederland in die Purmermeer by Edam 'n seemeermin gevang deur, en getroud met 'n visser.<sup>2)</sup> Van den Bergh <sup>3)</sup> vertel van 'n soortgelyke verhaal op die Fär-Oer-eilande. Verwant

---

<sup>1)</sup> dies., 18. <sup>2)</sup> Bakker: Watergeesten, t.a.p., 80; s. ook Schrijnen: Volkskunde, I, 94. <sup>3)</sup> Proeve van een Kritisch Woordenboek der Nederl. Mythologie, 154 (s. Eigen Volk, I, 1929, 80).

hieraan is die verhaal van die *Schwanjungfrau* uit die Germaanse mitologie; ook hulle het 'n hemp (van vere) wat hulle kan uittrek en dan vrouegedaantes aanneem; net soos ons meermin, was ook een van hulle getroud met 'n gewone mens, en met dieselfde verloop.<sup>1)</sup> Dus, wat hierdie besondere bestanddeel van die volksgeloof betref, het ons 'n algemeen Germaanse verskynsel. Verwant aan die Germaanse meerminne, is die *Watermeide van Groenvlei* (Knysma), met hulle melkblanke liggame, hulle onoortreffelike skoonheid, en hulle betowerende sang;<sup>2)</sup> maar sover ek oor gegewens beskik, is dit die enigste plek in Suid-Afrika waar die meerminne op 'n bepaalde plek en op vasgestelde tye *gehoor* word. (Geen Groenvleier het nog ooit die meerminne *gesien* nie!)

Dit bring ons dan by die eintlike geeste wat woon in riviere, spruite, kuile, of die binnelandse water. Waarneming het die mens gelei tot 'n geloof in die geneeskrag van sommige fonteine en putte, maar dit het ook die ontdekking meegebring dat die water uit sommige weer, onheil kan stig. So het reeds in die ou tyd 'n geloof bestaan dat daar 'n goeie of bose gees skuil hou in so 'n fontein of put.<sup>3)</sup> Hulle animistiese geaardheid word juis openbaar deur die feit dat fonteine en putte, net soos die grotte of gange in die Holleberg waarin ons Vrou Holle aantref, toegang verleen tot die duister ryk van die geeste.

Nederland is ryk aan binnewaters, en bykans oor sy hele woongebied kry ons nog 'n lewende geloof aan

---

<sup>1)</sup> Grimm: *Deutsche Mythologie*, I, 354-6. <sup>2)</sup> Loxton: *Legends of Groenvlei* t.a.p. <sup>3)</sup> Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, I, 1672 e.v.



watergeeste, bose geeste. Die bekendste van almal is wel *Bullebak* (*Bulbak, de Bul, Bollebak*), 'n wese wat alle kinders wat te dig by die waterkant kom, gryp en in trek. Die *Bullebak* is veral bekend in Noord-Holland (Koog a.d. Zaan, West-Zaan, Oudesluis, Abbekerk, Oostwoud, Zwaagdijk, Bovenkarspel, Venhuizen, Noord-Schermer, Oudendijk-N., Middellie, Sint Meerten, Aardswoud, Uithorn, De Kwakel), Suid-Holland (Berkel, Bergschenhoek, Meerkerk, Everdingen, Roelofarendsveen, Nieuwkoop, Zoetermeer), Overijssel (Staphorst, Wanneperveen, Ulst), Utrecht (Wilnis), Drente (Koekange), Friesland (Westert).

Van die *Bullebak* is nie veel besonderhede bekend nie. By Zoetermeer eet hy die kinders op; by Oostwoud verslind hy alles wat in die water val; by Sint Meerten en Aardswoud kan jy hom sien as jy naby die waterkant staan en afkyk, maar hy staan altyd op sy kop; Bakker vertel dat die *Bullebak* by Broek in Waterland die kinders na die waterkant toe lok deur hulle allerlei moois te laat sien, soos liggies, sterretjies, en dat hy hulle dan meeneem na sy verblyf onder die water. In Koog a.d. Zaan word vertel dat hy groot tande het. In Middellie en Broek in Waterland staan die *Bullebak* bekend as *Krolleman*,<sup>1</sup>) *Krulleboes*, en *Kroezeboes*.

Elders in Nederland kry ons dieselfde soort kinderskrik, maar dan bekend as *Haakman, Hakeman, Hake-manneke, Jan Aek, Jan de Haak* (gewapen met 'n haak

---

<sup>1</sup>) Bakker: *Watergeesten*, t.a.p., 80-1.

om die kinders mee te vang): Limburg<sup>1)</sup> (Schin op Geul), N.-Brabant (Geffen), en Zeeland ('s Gravenpolder, Borsselen, Oudelande). Besonderhede gee Franquinet<sup>1)</sup> aan as volg: die meeste mense weet nie hoe *Hakeman* lyk nie; sommige vertel dat hy groen oë het, dat hy heeltemal swart is, dat hy 'n groen hoedjie op het, 'n wilde baard van waterplante, en swemvliese tussen sy tone; dat hy kinders vang, hulle bloed uitsuig en hulle siele gevange hou onder omgekeerde kruike; wie so 'n kruik omstoot, verlos daarmee 'n kindersiel.

As kinderskrik is verder bekend: *Heintjefaar* (Oostereind, Texel, — N.-Hol.), *Joosje Pik* ('s Heerenhoek, — Zeel.), *Henske* (Brummen, — Geld.), *Hans met de Bokkepooten* (Gron.), die *Nokker* (Marken; vgl. die *Nekkers* in Vlaandere), *Boeman* (Gouda), *Lange Griet Everdingen*, *Laakmannelje* (*laak* — grenssloot tussen Gelderland en Utrecht by Spakenburg); *Dijksluiter* of *Tientoner* of *Tien-toon-en-elf-rib* tree op as kinderskrik in Middelle, Abbekerk, Sint Meerten en Aardswoud, almal geleë in Noord-Holland; hy kom uit die water en vang alle kinders wat met skemer nog buite is. Te Aardswoud woon hy in die *putte*, d.i. reghoekige waterkuile van afstand tot afstand langs die dyk, waaruit voorheen grond gehaal was vir ophoging van die dyk, en hy word ook beskou as die gees van koning Radboud. Anders van aard is die *Wadduwel* wat te Zoutkamp (Gron.) onder die slyk en wier uit opduik om skepeling met te trek; en *Ossaart*, *Osschaerd*, uit Zeeland (Lamswaarde), wat

---

<sup>1)</sup> s. Franquinet: *Watergeesten in Limburg*, t.a.p., 105.

lyk soos 'n hond en al die vissers kwel (ook bekend in Vlaandere <sup>1</sup>). In Nederland word die vywers bevolk deur watergeeste wat geen kinderskrik is nie; spoke word bevoorbeeld in die vywers geban; bekend is ook die *Grijze Meer*.<sup>2</sup>)

Van belang is dit om hier te let op die feit dat *Holle* 'n vrou is, en van die genoemde watergeeste ook *Lange Griet*; al die ander watergeeste is egter manlik: *Bullebak*, *de Bul*, *Hakeman*, *Joosje Pik*, ens.

In Suid-Afrika kry ons dieselfde „watervrees”, versprei haas oor die hele woongebied. As ons die *waterbul* van Higgshope (Hopetown), — 'n kinderskrik wat in die dam woon, uitsluit, dan bly daar drie duidelik skeibare groepe watergeeste oor wat wesenlik nie verskil van die in Nederland nie, maar wat moet geld as besondere vorms daarvan, n.l.: die *watermeid*, *diamantslang*, en *waterslang*. (Laasgenoemde twee groepe het baie punte van ooreenkoms soos later sal blyk).

Met betrekking tot die *watermeide* deel my beriggewer uit Avontuur mee: in die Kaapse Skiereiland bestaan die Prinsesvleistorie en dit is eienaardig dat die vlei elke jaar 'n slagoffer eis. „Ek het dikwels self die vlei besoek in my kinderjare en die grootste vrees gehad om in die water te baai. Meeste slagoffers, so word beweer, word aangetrek deur die prinses wat die vorm aanneem van die mooi pêrs-geel waterblomme wat die meer se oppervlakte bedek. Slagoffers kom te lande in diep water en word dan

---

<sup>1</sup>) s. ook Ter Laan: *Overleveringen*, I, 64 e.v. <sup>2</sup>) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 95.

deur die watergras gevang en hoe meer hulle spartel, hoe vaster word hulle gedraai sodat die arme drenkelinge skynbaar langsaam na onder gesleep word deur onsigbare hande, — vandaar die bygeloof aan die prinses." Dieselfde blomme word in Swellendam *Kaimansblomme* genoem, en 'n gelyksoortige verhaal word vertel. Wat die *Kaimansblomme* betref, moet ons ook let op die waterlelies, die *Nymphaea*, wat in die stamland bekend is, en waarvan die naam op 'n waterwese wys. In Nederland is bekend die *Nymphaea alba* of *Waterkruik*, 'n wit waterlelie.<sup>1)</sup> In Swede is 'n soort bekend met rooi blomme. Die Griekse *nimfe*, net soos bogenoemde prinses, verlok die jong mans om uiteindelik met hulle in die water af te daal.<sup>2)</sup> Dink verder maar aan die Grieks-Romeinse *Sirene*, en die bekende *Lorelei-sage* uit Duitsland.

Ook dat fonteine, watergate of riviere jaarliks 'n slag-offer eis, is in Europa goed bekend; Selma Lagerlöf vertel dit (in *Gösta Berling*) van die Löfvenmeer in die Vermeland, Swede. In Duitsland vorder die Nikker jaarliks so 'n offerande, en as iemand verdrink, dan sê die mense: *der Flussgeist vordere sein jährliches Opfer*,<sup>3)</sup> — soms op vasgestelde dae.

Treffend is dus die ooreenkoms wat hierdie besondere vorm in Suid-Afrika, vertoon met die bekende watergeeste in Europa.

Die feit dat die prinses die vorm kan aanneem van 'n waterblom, vertoon ook sterk ooreenkoms met die water-

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, II, 368. <sup>2)</sup> Preller: *Griechische Mythologie*, 718 e.v.; Meyer: *Mythologie*, 154. <sup>3)</sup> Grimm: *Deutsche Mythologie*, I, 409; Strackerjan: *Aberglaube*, I, 419.

meide van die Hottentotte en Boesmans. Von Wielligh beskrywe hulle as volg: „ Daar was 'n jong meid wat altyd water by 'n fontein gaan haal het. Daar naby die fontein was 'n groot gat water, en in daardie gat water het pragtige blomme gegroei. Haar ma het haar dogter altyd gewaarsku om tog nie daardie mooi blomme te gaan pluk nie; want hulle is jong meide wat na die water weggevoer was om daar blomme te word. Maar daardie blomme was vir daardie jong meid tog te aantreklik, en die versoeking om hulle te pluk was tog te groot, sodat sy die drang om hulle te pluk nie kon weerstaan nie. Sy wou dit maar net eenmaal waag. Sy stap daardie gat water in, maar toe verdwyn die blomme onder die water, en die groot waterslang trek meteens die jong meid ook in die water. Die jong meid word toe nie in 'n blom of padda verander nie, maar sy bly mens, wat die krag kry om ander mense met haar onsigbare wil die waters in te trek — buitekant die water het sy daardie mag nie besit nie ... Die jong meid het toe die *Meid van die Waters* geword. In die water besit sy die mag om mense op onsigbare wyse in te trek; daar buitekant betower sy weer die mense met haar skoonheid sodat hulle haar onwillekeurig volg.”<sup>1)</sup>

Verskillende inboorlinggroepe in Suid-Afrika, glo aan 'n watergees wat mense onweerstaanbaar in die water trek; ons kry dit by die Basotoes,<sup>2)</sup> by die Soeloes en by die Xosas,<sup>3)</sup> Temboes en Pondoos, — laasgenoemde drie groepe in die oostelike gedeelte van Kaapland, by wie ons

---

<sup>1)</sup> Boesman-Stories, I, nr. 19, bls. 139-42. <sup>2)</sup> Aylward: Transvaal Today, 218. <sup>3)</sup> Theal: Kaffir Folk-lore, 15; s. ook McGlashan: Sacrifice, t.a.p.; Dekking De Kaffer, 38.

ook Tokkelôsi aantref as watergees wat die rivieroewers bewoon.<sup>1)</sup> Maar by geeneen van hierdie groepe, sover my bekend, word die watergees as spesifiek vroulik beskou; by geeneen staan sy bekend as *watermeid* wat die vorm van 'n waterblom aanneem nie.

Dit is onnodig om ontlening van die Boesmans of Hottentotte aan te neem. 'n Belangrike oorweging is egter wel dat die watermeid soos hierbo uiteengesit, slegs in beperkte kring deel uitmaak van die Afrikaanse volksgeloof. Uit Kaapland word so 'n watermeid berig uit Prinsesvlei (Skiereiland), Hottentotspoort (Wellington), Swellendam, Grikwastad, en „uit die Karo”. Ook in Dordrecht is 'n watermeid bekend, maar geen verdere besonderhede nie. Ons het dus 'n aantal punte wat wel erg ver uitmekaar lê, maar wat miskien tog wys op die gebied waar die blankes met Hottentotte en Boesmans in aanraking gekom het dus min of meer in die westelike helfte van Kaapland.

So 'n watermeid is, volgens die vraelyste wat ek terug ontvang het, onbekend in die Transvaal, Vrystaat en Natal. Ongelukkig het ek nog geen geleentheid gehad om vas te stel of gebrek aan berigte toegeskryf mag word aan die feit dat die watermeid onbekend is of nie. Hier is dus noukeurige ondersoek nodig alvorens 'n gegronde mening gevorm kan word; waarskynlik sal 'n afdoende antwoord eers dan moontlik wees wanneer ons hier oor voldoende gegewens beskik om die verskynsel geografies in kaart te kan bring.

Maar dit lyk in ieder geval tog geregverdig om die

---

1) Hunter: *Reaction to Conquest*, 275.

gevolgtrekking van Schonken in hierdie verband in twyfel te trek. Hy besluit naamlik, op grond van die belangrike rol wat towery speel by die Bantoes, gesteun deur die oorweging dat die *watervrouen* as boeman of kinderskrik bekend is by die Bantoes, dat die *rivier-* of *watermeid* van die Vrystaat en Transvaal hulle „oorsprong bij de Kaffers hebben”, al gee hy dan toe dat hulle ook bekend is by die Boesmans en ook in Europa.<sup>1)</sup> Dit is tog nie nodig om aan die beïnvloeding van die Kaffers te dink nie, want ook by die Boesmans was die watermeid bekend as kinderskrik. Die vermoeding van Schonken berus m.i. op 'n misverstand wat kon ontstaan het deurdat die verskillende lae in die geloof aan watergeeste nie voldoende uitmekaar gehou en afsonderlik behandel is, — soos verder sal blyk nie.

Ingewikkelder word 'n verslag oor die *waterslange*. Hier moet ons twee soorte onderskei, eerstens: die *diamantslang* of *slang met die ster*. As kinders het ons die diamantslang baie goed geken in die Lichtenburgse distrik, Westelik Transvaal. Juis in daardie streek tref ons 'n aantal watergate of fonteine aan wat al op die soom van die Kalahari langs lê, wat skynbaar onderaards met mekaar verbind is, en wat 'n geweldige vat het op die verbeelding van die inwoners, — blankes sowel as inboorlinge. Hierdie reeks gate begin by Malmani-se-Oog, naby Koster en Zeerust, loop suidwes oor Malopo-se-Oog, die Wondergat (!), Grootfontein (waar ek die slang leer ken het), Bodibi en ons kry nog sulke fonteine verder suidwes by Koeroeman en Klein-Boetsab.

<sup>1)</sup> Volksoverleveringen, 153-4.

Op Grootfontein het ons geglo dat daar naby die fontein 'n groot waterslang hou. Dit het 'n steen op sy kop wat in die sonskyn soos 'n ster blink. Die slang seil halflyf regop en blêr soos 'n bok- of skaaplam, met die doel om mense, veral kinders ('n kinderskrik dus), nader te lok en te verslind. As die slang in die water gaan, neem dit die steen af en laat dit aan die kant van die water. Op hierdie tydstip moet mens ongemerk nader kom en nat beesmis op die diamant gooi, en dan so gou as moontlik weghardloop. Kom die slang uit, kan dit die steen nie meer bemagtig nie, en opgekrul om die beesmis sterf dit uiteindelik. Dan kan mens sonder gevaar die steen kom haal. Eenkeer was daar iemand wat te gretig was om die steen te besit. Pleks dat hy mis op die steen gooi, steek hy dit eenvoudig in sy sak en gaan daarmee huistoe. Die slang kom uit die water, merk dat die steen weg is, en volg toe op die spoor van die man wat intussen al die vensters en deure van sy huis gesluit het. By die huis aangekom, het die slang hom om die huis gedraai en die huis met alles wat daarin was, fyngefrommel.

Die slang met die steen is ook bekend in die Piketbergse distrik,<sup>1)</sup> in Malmesbury, Clanwilliam, Namakwaland, Higgshope (waar dit garingslang heet), Grikwastad, Niekerkshoop, Kakamas (in hierdie geval woon die slang in die berge), Trompsburg en Reddersburg. In Heidelberg, Tvl., is 'n waterslang bekend wat 'n bles voor die kop het.

Gekroonde slange is, behalwe in Groningen,<sup>2)</sup> nie in

---

<sup>1)</sup> Von Wielligh: Boesman-Stories, III, nr. 57, bls. 52. <sup>2)</sup> Cohen: Sagen, II, 265.



Nederland bekend nie, maar hulle kom voor in ander gebiede wat van belang is vir die verklaring van die herkoms van hierdie bestanddeel van die Afrikaanse volksgelooft. Slang met 'n goue kroon is veral bekend in Duitsland waar die kroon dikwels ook 'n diamant is;<sup>1)</sup> ook in Frankryk tref ons die *diamantslang* aan, die s.g. *vouivre* waarvan Sébillot<sup>2)</sup> die volgende vertel: as hierdie soort slang dors het plaas dit sy diamant aan die kant van die water; die slang is dan blind, want die steen dien tewens as enigste oog; verskeie persone het al so 'n steen probeer bemagtig, gewoonlik vrugteloos; 'n listige boer het egter 'n plan uitgedink; hy kruip weg onder 'n bak, en toe die slang besig was om te drink, skuif hy die bak oor die steen; deur die bak het hy 'n groot spyker geslaan sodat die punt na buite uitsteek; die slang kon sy steen nie weer vind nie en storm herhaaldelik verwoed op die bak af, en kom as gevolg van ernstige spykerwonde om. Eendag het 'n kolebrander so 'n slangsteen opgeraap en hom gou daarmee uit die voete gemaak;<sup>3)</sup> toe die slang uit die water kom en sy verlies merk, was hy ontsettend woedend; hy het eintlik gefluit van woede, die beste aangeval en die takke in sy pad uitmekaar geskeur, maar sonder dat hy die diamant kon terugvind. Radeloos snel hy af op die hutte van die kolebranders wat intussen alle vensters en deure diggestop het. Die slang het 'n paar uur vrugteloos probeer om in te kom, en in die toppunt van sy woede „il broqua

---

1) Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, VII, 1114 e.v.; Grimm: Deutsche Mythologie, III, 198; Strackerjan: Aberglaube, II, 108 e.v.; Negelein: Germanische Mythologie, 95. 2) Folk-lore, II, 206-7, 444; (s. ook I, 243, III, 298; Grimm: Deutsche Mythologie, III, 198). 3) Folk-lore, II, 358.

dans la terre avec une telle violence, qu'il creusa le trou."

Op Duitse gebied tref ons die diamantslang aan o.a. in Gottschee; die steen maak die besitter ryk en gesond en dit is 'n goeie middel teen slangbyt; om die krag van die steen te herstel word dit in melk geplaas.<sup>1)</sup> Strackerjan vermeld nog die volgende geval: iemand in Haasbroek ontmoet een keer die slangkoning en neem sy goue kroon af. Die koning fluit, en daar verskyn 'n groot aantal slange wat die rower agtervolg. Die man vlug sy huis binne, beveel sy vrou om die klerekas oop te maak sodat hy hom kan verberg want hy het eits verkeerd gedoen. Die slange kom die huis in, omring die kas, en deur die sleutelgat en alle skrefies blaas hulle gif na binne. Toe die kas later oopgemaak word, lê die man dood, gruwelik mismaak.<sup>2)</sup>

Maar die diamantslang is ook bekend in Oos-Indië. In „d'Amboinsche Rariteitkamer" (Amsterdam, 1705, bls. 305 e.v.),<sup>3)</sup> vertel G. E. Rumphius van die *Ular Sawa* met „een slangensteen in 't hoofd zoodanig dat hij hem afleggen kan, wanneer hy eeten of drinken wil, dan moet men snedig oppassen en den steen wegroven." Ook hier is die steen 'n goeie middel teen slangbyt, en die krag daarvan kan herstel word deur dit ongeveer „honderd tellens lang" in lou water of melk te plaas.

Die verklaring van die diamantslang in die Afrikaanse volksgeloof word nog ingewikkelder wanneer ons ontdek dat die Boesmans ook iets dergeliks het. Von Wielligh beskryf die *Groot Waterslang* van die Boesmans as volg: „Die Groot Waterslang is die dogter van die Waters en

---

<sup>1)</sup> Hauffen: Gottschee, 97, 102-3. <sup>2)</sup> Aberglaube, II, 109. <sup>3)</sup> s. Van Andel: Slangen- en Paddensteenen, t.a.p., 146-8.

die Reënbees. Sy kan haar groot of klein maak — net soos sy verkies ..... Die Groot Waterslang dra 'n pragtige, skitterende steen op haar kop. Op 'n groot afstand is die glans van daardie steen sigbaar en dit flikker met uitstekende ligstrale wat die lig van die maan ver oortref; want dit kan duidelik op die middag in die helderste sonskyn gesien word. Die waterslang heg groot waarde aan daardie steen. Nooit sal sy haar in die water waag nie, of selfs water drink nie, sonder die steen eers op 'n veilige plek weg te steek ..... Het sy so 'n veilige plek gekry, dan lig sy haar voorlyf hoog op om beter te kan rondkyk of iemand haar nie sie nie ..... Dan eers skuif sy die steen van haar kop af, verberg dit daar veilig, en waag haar in die waters ..... Gewaar sy iemand in die nabyheid, dan kom sy windsnel uit die water en bestorm die persoon en maak hom óf dood óf vermink hom vir lewenslank." Word iemand besitter van so 'n steen, dan word hy ryk, en die slang self kwyn weg; kom die slang egter agter wie die steen het, dan word die besitter ongelukkig en sterf uiteindelik 'n ellendige dood. Die steen is 'n probate middel teen slangbyt, en die krag daarvan word ook herstel deur melk.<sup>1)</sup>

Gesien die verspreidheid van hierdie geloof oor ons hele woongebied, laat 'n mens vermoed dat die waterslang in ons volksgeloof oorgegaan het terwyl ons Afrikaanse voorouers nog nie die eerste terras om die Kaap bewoon het — betreklik vroeg dus. Die punte van ooreenkoms met dieselfde geloof in Duitsland en Frankryk laat ons sterk

---

<sup>1)</sup> Boesman-Stories, III, nr. 2, bls. 77; nr. 57, bls. 51-2.

vermoed dat ons hier tewens, en selfs meer in die besonder te doen het met 'n brokstuk erfgoed van die Hugenote en Duitse stamouers. Invloed uit Oos-Indië hoef dan nog nie uitgesluit te word nie. Maar verder, die feit dat die geloof aan die diamantslang sterk beklemtoon is in die westelike gedeelte van ons land, dien as vingerwysing dat ons in hierdie bepaalde streek te doen kan hê met 'n dubbele ontlening. Trouens, my beriggewer uit Kakamas vermeld duidelik: „in my jeugjare *het ons kindermeide gesê* (ek kurs.) daar is 'n slang in die berg wat 'n steen op sy kop dra.” En die beriggewer uit Malmesbury en Clanwilliam skryf: „Die Hottentotte glo aan 'n diamantslang ..... sy spoor is so wyd soos 'n vat wat op sy sy geval het. En as hy stip in jou oë kyk, dan sterf jy. Die geloof het naderhand na die blankes in die omgewing oorgegaan.”

Ek stel my dan voor dat die diamantslang reeds betreklik vroeg opgeneem is in ons volksgeloof, dat dit waarskynlik wat die patroon, die besondere vorm betref, erfgoed is van die Hugenote en Duitsers (iets wat taamlik skaars is in Suid-Afrika), versterk deur die Oos-Indiese slawe en later weer versterk — in die westelike gedeelte van ons land deur aanraking met inboorlinggroepe. In die laasgenoemde geval loop die versterking waarskynlik uit op 'n groter verbesondering: beesmis moet op die steen gegooi word, die slang blêr soos 'n bok- of skaaplam, sy spoor is so wyd soos 'n vat wat op sy sy geval het, as hy stip in jou oë kyk sterf jy.

Tweedens kry ons die *waterslang sonder steen*. In Higgshope (Hopetown) vertel hulle van die slang met

die steen dat dit in die groot damme en in die hoë dwarrelwinde naby sulke damme, hou — 'n verwarring met die slang sonder steen wat in kuile en seekoegate woon. Hierdie laasgenoemde soort slang het Van den Heever as volg uitgebeeld in sy gedig *Oor die Seek'gat*:<sup>1)</sup> 'n aantal mans gaan visvang by die seekoegat; opeens breek alle hoeke af; met 'n borrelende geskuim verskyn die waterslang aan die oppervlakte, sit hom óm in 'n dwarrelwind en verdwyn in die wolke in. Hierdie beskrywing geld vir Trompsburg.

Schonken deel mee: „In de oude Republieken vertelt men gaarne de legende van de *Grosse Schlange* van de Oranjerivier”, en steunend op 'n aanhaling uit Stow (*The Native Races of South Africa*, bls. 131-2) spreek hy die vermoeding uit dat ons hier 'n geval het van ontlening aan die Boesmans — die oerbewoners van ons land.<sup>2)</sup>

In *The Star* van 15 Desember 1925, staan 'n berig van 'n persoon wat in die Vaalrivier verdrink het. Die berig eindig as volg: „The people about here (Longlands) believe that there is a great water snake in the river, which pulls swimmers down, and holds them till they are drowned ..... People are convinced that the youth is another victim of the water snake.”

Bykans orals in Suid-Afrika waar daar watergate, riviere of spruite is, veral in blougate, seekoegate en diep kuile, en waar daar gevalle van verdrinking voorkom, hoor mens van die waterslang. 'n Jaar of twee gelede het 'n roeiskuit op die Hartebeespoortdam ('n kunsmatige dam

---

1) Nuwe Boord, 50. 2) Volksoverleveringen, 150.

dus) by Pretoria, omgekantel en die persoon wat daarin was het verdrink. In Johannesburg het verskillende Afrikaanssprekendes toe vertel dat daar 'n groot slang in die dam hou, — wat vir hulle 'n bevredigende verklaring was van 'n hele aantal gevalle wat hulle nog kon onthou.

Hierdie waterslang sonder die steen, tref ons by al ons inboorlinggroepe aan, — iets wat lig begryplik is as mens weet hoe baie slange ons in Suid-Afrika het. Dat ons in hierdie besondere geval in ons volksgeloof te doen het met 'n versterking uit die oorlewering van die inboorlinge (Hottentotte, Boesmans en Bantoes) lyk vir my dus sonder meer aanneemlik. Dat dit so algemeen versprei is oor ons woongebied, kan ons gedeeltelik verklaar deur verwysing na die feit dat ons voorouers uit Nederland 'n diepge-wortelde geloof aan watergeeste meegebring het. Die aarde was dus ontvanklik.

Om nou saam te vat: Wat betref die watergeeste, moet ons onderskei tussen *watermeide*, *diamantslange*, en *waterslange sonder steen*. By die watermeide stel ons vas, enersyds: erfgoed uit Nederland, naamlik die *meermin*; andersyds: miskien versterking deur die Hottentotte of Boesmans, naamlik die watermeid as waterblom. By die diamantslang stel ons vas, enersyds: groot ooreenkoms met 'n soortgelyke verskynsel in Frankryk en Duitsland, Oos-Indië, en by die Hottentotte en Boesmans; andersyds: dat dit waarskynlik ten dele afstam uit Frankryk en Duitsland, met versterking uit Oos-Indië en verbesondering in Suid-Afrika — veral in die westelike gedeelte van ons land. Ten opsigte van die waterslang sonder steen, het ons

ongetwyfeld te doen met versterking uitgaande van die Suid-Afrikaanse inboorlinggroepe, te meer daar die gees van die blanke as gevolg van sy erfgoed uit Nederland, gunstig gestem was vir die versterking.

Kortom: by die groot ooreenkoms wat die algemene geaardheid betref tussen die watergeeste in die Nederlandse en in die Afrikaanse volksgeloof, bestaan daar wat die verskillende gestaltes en die besonderhede betref tog ook 'n aansienlike verskil wat teweeggebring is as gevolg van gewysigde landsomstandighede en nuwe bevolkingsgroepe waarmee die koloniste in Suid-Afrika in aanraking gekom het.

### §3. Bos en Boomgeeste.

'n Waarneming van die plantegroei het die oermens gelei tot die ontdekking van 'n wesenlike ooreenkoms tussen hom en die plant, en hy het daaraan 'n siel toegeskryf gelykvormig aan sy eie. Dit is, volgens Mannhardt,<sup>1)</sup> die grondbegrip waarop die Germaanse boomverering berus het. In hierdie gelykstelling van mens en plant onderskei hy verskillende opvattinge.<sup>2)</sup> By sommige volke was die gelykstelling só groot dat hulle die opvatting gehuldig het dat die eerste mense afkomstig was uit bome of plante; nugterder is die opvatting dat die boom of plant tydelike verblyfplek of kleed is van 'n mensesiël wat verband verloor het met die liggaam; elders was die opvatting dat saam met die boom, en verbonde daaraan 'n soort gees of demon gebore word wat saam met die boom sterf; hier-

---

<sup>1)</sup> Wald- und Feldkunde, I, vii. <sup>2)</sup> dies., 1-4.

die boomgees of demon kon aanleiding gegee het tot die ontstaan van die *vrugbaarheidsgees* wat so 'n belangrike rol speel in die Germaanse *boomverering*.

In die Duitse bosse smee die kolebranders die bome om vergiffenis voordat hulle dit omkap; die boom is dus woonplek van 'n gees of boomsiel.<sup>1)</sup> Die boom wat uit die donker aarde tevoorskyn kom, maar veral bome wat op graftes groei, dien as herberg van 'n siel;<sup>2)</sup> hekse woon tussen die boom en die bas; kindertjies kom van bome af, veral uit hol boomstamme.

Uit hierdie begrip of voorstelling groei voort die gebruik om 'n boom te plant by geboorte, verlowing of huwelik; die meiboom; die gebruik wat verband hou met die verering van die vrugbaarheid; aanwending in die volksgeneeskunde by die weg-enting van siektes. Hierdie handeling wat voortvloei uit die geloof, is egter die onderwerp van die volgende hoofstuk.

Dat ons in Suid-Afrika nog 'n vervaagde besef het van 'n boomsiel, blyk uit die gebruik in Lichtenburg om langs die stamme van onvrugbare perebome strooivure te maak sodat die vlamme en rook in die takke opslaan, — 'n verdrywing van die bose gees wat die onvrugbaarheid bewerkstellig. Daar is by ons egter geen sprake van 'n *boomdiens*, *kultus*, of *verering* nie.

As die boomsiel sy gewone verblyfplek verlaat, dan ontstaan gestaltes wat genoem word: *Wildemanne*, *Wit*

---

<sup>1)</sup> Sartori: *Sitte und Brauch*, II, 165. <sup>2)</sup> Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, I, 954-58.



en *Groen Juffers*,<sup>1)</sup> — maar in Suid-Afrika is hulle nie bekend nie.

#### § 4. Windgeeste.

Animisties van aard, met 'n sterk natuur-demoniese inslag is die *Wilde Jag*,<sup>2)</sup> — 'n woeste groep geeste onder leiding van Wodan, Hackelberg, Dietrich von Bern, Koning Artur, Karel die Grote, die Sondagjagter, e.a.; vandaar dan ook die verskillende benaminge: Wodansjag, Helse Jag, Helse Wagel. Dit kan ook sonder leier verskyn, — wat miskien een van die oudste vorms is.<sup>3)</sup>

Die voorstelling van so 'n groep geeste wat dikwels op bepaalde tye, gewoonlik tydens die Twaalf Nagte, deur die lug raas en vernieling aanbring, is oeroud en ook nie uitsluitend Germaans nie, soos duidelik getoon word deur die stof wat byeengesamel is deur Karel Meisen.<sup>4)</sup>

Die *Wilde Jag* toon enersyds verwantskap met die sielsgeloof; in Noorweë is die *Aasgaardsreia* 'n groep wat bestaan uit die siele van ongedoopte kinders, dronkaards en allerlei misdadigers;<sup>5)</sup> hierdie siele wat met die laaste asem die liggaam verlaat het, verenig dan tot 'n stormwind wat oor die bosse en bome heen suis, en daardeur verkry dit andersyds 'n natuur-demoniese geaardheid. Wat sy animistiese geaardheid betref, hou die *Wilde Jag* ook ver-

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 88. <sup>2)</sup> Plischke: *Wilden Heere*, 82. <sup>3)</sup> dies., 39 e.v.; verder, Meyer: *Mythologie*, 382 e.v.; Helm: *Altgermanische Religionsgeschichte*, I, 260 e.v.; Grimm: *Deutsche Mythologie*, II, 770, III, 280; Schrijnen: *Volkskunde*, I, 196 e.v. <sup>4)</sup> *Wilden Jäger*, 20-1, 22-3, 29-30, ens. <sup>5)</sup> Schrijnen, t.a.p.

band met Vrou Holle, die doodsgodin en koningin van die elwe.<sup>1)</sup>)

In Nederland leef die herinnering aan die Wilde Jag nog voort — en slegs in sover behoort dit tot die lewende folklore — in verskeie provinsies. In Gelderland kon mens 'n geslagstydperk gelede snags nog die twee honde van die *Hubertusjacht* hoor blaf (Giesbeek); in Herveld en in verskeie plekke in Limburg (Neerweert, Pasterholt, e.a.) staan die Jag bekend as *Henske met die Honde*, in Aalten as *Berndekesjacht*. In Overijssel is die spore duideliker, in Weseper en Bathmen bring *Dirk met die Beer* 'n besoek aan alle boerderye, en hekke en alle gereedskap wat rond lê buite word meegeneem (ook in Barum, — Friesl., en in Zutfen); in Geesteren, as die nagvoëls skreeuend verbytrek dan sê die moeders aan hulle kinders: dit is *Tewkesjacht* wat verbygaan, d.i. Sondagjagters wat in voëls verander het en nou snags moet rondvlieg; in Tilligte tref ons die *Kifkesjacht* aan, wat bestaan uit 'n jagter, 'n bosklopper, en 'n hond; hierdie drietal het vroeër op Paas- en Kersfees gaan jag, en nou mag hulle nie meer rus nie, behalwe by huise waarin 'n lamp brand terwyl die deure oopstaan, of: as die *niendeur* van die Saksiese huis nie toe is nie, kon die Wilde Jag binne kom en óm die vuurherd oornag; met sonop moes die groep egter weer vertrek; ook in Limburg ry die Wilde Jag deur die lug, en as mens fluit gooi die leier 'n skinkelbeen na benede.

Aan die Wilde Jag is verwant die *Vurige Wa* of die *Hellewa*, 'n gloeiende wa wat snags twaalfuur deur die lug

---

<sup>1)</sup> Pflischke: Wilden Heere, 47 e.v.

suis. In Eindhoven (N-Brab.) is die wa bespan met twee perde, en dit word bestuur deur 'n groot koetsier. In Noord-Brabant was die wa ook bekend in Veghel, waar dit deur die toppe van die bome gery het terwyl die kettings rammel: die *Peelre Jacht*. In Helmond kom die *Vuurwagen* tydens 'n kwaai storm. In Overijssel (Diepenveen) het hulle vroeër geglo aan 'n *Oogswagen* (met 'n ooreenkomstige betekenis as in Helmond). In Giesbeek het die ou vrouens veertig jaar gelede snags „die gluûjende waōge van Nimege” sien rondry; sommige van hulle was meegevoer en het dan smorens erg stuurs gevoel! In Kerk-Driel (Geld.) het die *Duvelswagen* snags van Hedel af deur die polder gery na die Maas en daarin verdwyn; dit het steeds op 'n behoorlike afstand gebly en „maakte veel leven”. In Limburg (Meerssen) ry die *Vurige Wagel* snags rond, kom op jou af en verbrand jou; as dit naderkom hoor mens 'n gedruis soos 'n stormwind, maar as dit verby is, is alles stil. In S.-Holland was die hellewa voorheen bekend en ook in Groningen en Drente.<sup>1)</sup> In Zeeland is *Hellewagen* die benaming van die sterrebeeld *De Grote Beer* (Axel en Oostburg). Hieruit blyk dat in Nederland die volksvoorstelling van die Wilde Jag wel vaag en vervaag is, maar dat dit nog geensins as uitgestorf beskou kan word nie.

In Suid-Afrika het die *benaming Wilde Jag* spoorloos verdwyn. Daar is egter 'n aantal animisties-natuurmitologiese verskynsels wat regstreeks met hierdie oeroue voorstelling verband hou. Die inwoners van Letjesbosch (Beau-

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 97.

fort-wes) ken 'n naamlose swart skaduwee wat soos 'n wolk oor die bome trek, en wat in verband gebring word met die geestewêreld. Belangwekkend in hierdie verband is 'n eenaardige volksgebruik wat o.a. nog in Oemtata en in die distrik Schweizer-Reneke bekend is, t.w. om op Oujaarsaand — by wyse van kwajongstreke — die bure se hekke, wa-, en karwiele, gereedskap en ander los goed weg te dra.

Naby Vrede jaag daar op donker stormagtige nagte 'n wit perd sonder kop oor die veld; ook in Clanwilliam, Malmesbury en Namakwaland is hierdie wit perd (nooit 'n ander kleur nie) op stormnagte welbekend, maar in hierdie gevalle het dit 'n ruiter.

.In Tulbagh kry ons die *Spookwind van Gouda*, waarvan die volgende vertel word: op 'n doodkalme aand ry iemand met 'n motorkar 'n paar myl buitekant Tulbagh; skielik word sy hoed van sy kop afgeruk, en toe hy omkyk om te sien waarheen sy hoed waai, merk hy dat die kartént van voor na agter oopgeskeur word; 'n rukwind kom toe verby, en daarna is alles stil. Die bestuurder hou stil, klim uit, en tot sy verbasing roer daar nie eers 'n luggie nie. Dit was die *Spookwind van Gouda*.<sup>1)</sup>

Van dieselfde aard is die windgees waarvan ons 'n mededeling het van Aylward.<sup>2)</sup> Hierdie *Spirit of the Storm*, 'n natuurdemoniese verskynsel, was só algemeen bekend langs die Toegelarivier aan die voet van die Drakensberge tydens die laaste kwart van die neentiende eeu, dat die beriggewer verklaar: „There is another class

---

<sup>1)</sup> Sunday Times, 25.4.1937. <sup>2)</sup> Transvaal Today, 210-13.

of ghost ..... with which I can vouch for almost a personal acquaintance." 'n Goeie kennis van hom het op 'n Sondagmiddag in die veld gery; 'n donderstorm was aan opsteek agter hom wat hom laat omkyk en ook sy perd. Opeens begin die perd te spring en probeer weghardloop met duidelike tekens van vrees. Die ruiter, wat nie bygelowig was nie en ook nie drank gebruik nie, kyk óm om te sien wat gaande was. En daar sien hy, „in the broad daylight coming floating towards him, with outstretched arms, in front of the moving mass of rain, but several feet raised from the earth, a young, fair, ethereal, golden-haired female, whose robes of glittering white, trailed just over the highest points of the grass. She spoke not, but came steadily down on him in advance of the storm". Die perd was nou onbeheerbaar, en met gebreekte teuels snel perd en man teen die skuinste af, rivier-toe. Tweekeer kon die ruiter nog omkyk, en telkens kon hy nog die meisie met haar uitgestrekte arms sien naderkom. Intussen kom hulle by die Klein Boesmansrivier aan. „Here, however, (the horse) did not stop, but plunged recklessly through to the other side; then, shaking all over, but neighing with satisfaction and triumph, just as the raindrops caught him, he halted." Die *Gees van die Storm* het verdwyn sodra dit die rivier bereik het.

Die ruiter het sy ervaring aan 'n paar van sy kennisse oorvertel, waarop een van hulle, — later 'n magistraat op een van ons groot dorpe — bevestig dat twee van hulle dieselfde verskynsel waargeneem het, wat hy as volg beskryf: „What he saw ..... was the luminous figure of a young, fair creature standing close to the roadside, above

the level of the grass, on the top of which her feet seemed to rest. She, however, began to vanish before they attempted to pass, disappearing slowly from the feet upwards, the head being the last part of the apparition visible."

Die *Hellewa* of *Spookwa* is ook in Suid-Afrika bekend. 'n Besonder mooi beskrywing vind ons by Ellis<sup>1</sup>) van die *Spookwa* in die omtrekke van Ceres en Beaufort-wes, aan die kant van die Groot Karo en in die hartjie van die spookwêreld. Een van Ellis se kennisse vertel hoe 'n groep van hulle met 'n poskar gery het ongeveer drie-uur in die nag. Die perde het skielik gaan staan. Die drywer het uitgeklim, maar kon niks verkeerds ontdek nie. Met die hulp van 'n sweep het die perde weer gevat. 'n Eindjie verder het hulle weer vasgesteek, en toe hoor die reisigers die klank van 'n naderende wa. Hulle sien werklik 'n wa met 'n geweldige vaart nader kom; net die sterre het geskyn, maar in die donker gaan dit oor klippe, rotse, en bosse, op 'n pad waar mens oordags skaars veertig tree sal kan vorder. Weldra word die wit wa-tent sigbaar, en dit lyk of dit reguit op die poskar afstorm met 'n helse lawaai — „soos 'n donderslag tussen die rante in". Die muile, tien, twaalf, veertien, kom in volle vaart aan, skuimbedek en dampend in die naglug. Op honderd tree skree die drywer van die poskar: „Waar de h... gaan julle heen?" „Na die hel-toe!" klink 'n langgerekte skreeu uit die wa, gevolg deur 'n sataniese gelag wat die bloed laat stol. Al die reisigers spring van die kar af. Net toe die voormuile byna

---

<sup>1</sup>) South African Sketches, 156-164; reeds vermeld deur Schonken: Overleveringen, 42, wat dit egter as gewone spook verklaar.

die poskar raak, swenk hulle skielik en die wa skiet agterna, op 'n haar na in die poskar vas. Die wa word gevolg deur 'n windstroom wat soos ys is, so koud; die reisigers het gevoel hulle bloed wil daarvan gaan staan. Regoor hulle draai die wa-drywer sy kop en hy stoot sy hoed uit sy gesig. Dit was die gesig van 'n blanke, aaklig bleek soos van 'n lyk, die kakebeen opgebind met 'n doodsdook. Die oë kyk dwarsdeur almal. Toe kom daar weer 'n duiwelse skaterlag uit die wa-tent, gevolg deur 'n doodse stilte waarin geen enkele geluid te hoor was nie ..... en bo in die bloute van die Suid-Afrikaanse naghemel slegs die flonkerliggies van die duisende sterretjies.

'n Week daarna het die drywer van die poskar, 'n persoon wat alom bekend was as bedrewe en versigtig met 'n kar en perde, in een van die bergklowe afgestort en hom met perde en al te pletter geval. Het hy daardie nag nie gevra waar die Hellewa heenvaar nie, sou al die reisigers in die poskar vermorsel gewees het; deur sy vraag het hy sy reisgeselle se lewe gered, maar sy eie moes hy opoffer binne 'n week — dit was onverbiddelik.

Die algemene veronderstelling was dat die Hellewa volgelaai is met duiwels wat tydelik losgelaat is uit die warmplek. Sommiges het egter gemeen dat die reisigers op die Spookwa die geeste is van persone wat voorheen al vermorsel was deur die wa; hulle skep 'n onderaardse behae in die soortgelyke lot wat ander reisigers gaan tref, — vandaar die duiwelse skaterlag.

Uit navrae in die omgewing, blyk dat daar nog van die ouer inwoners is wat die Hellewa goed onthou. Eienaardig is egter, dat daar digby in die rondte nou 'n gemoderni-

seerde vorm van die Hellewa te sien is, en wel 'n *Vurige Motorkar* by Letjesbosch; die outo is vol kermende, kreu-nende mense! Hierdie modernisering het in die stamland nie plaasgevind nie!!

Ook elders is die *Vurige Wa* bekend: in Venterstad, waar dit, — bespan met vurige perde en begelei deur soldate — die siele van afgestorwenes kom haal, veral die siele van Hottentotte.

In Kakamas en Potchefstroom word vertel van 'n osse-wa of perdekar wat 'n mens duidelik hoor verby trek in die nag; jy hoor selfs die sweepklap, hoe die drywer stilhou om 'n hek oop te maak en te sluit en dan weer verder ry. Maar as jy die volgende oggend gaan kyk, is daar geen enkele wa- of karspoor te sien nie.

#### § 5. Gedaanteverwisseling en Gestaltes uit die Droom-wêreld.

Hier het ek die oog op drie groepe verskynsels wat nou verwant is aanmekaar, t.w. die *weerwolf*, die *nagmerrie*, en *goëlery* (heksery). Die geloof aan die nagmerrie word miskien die beste verklaar deur middel van gebeurtenisse wat met die slaap saam hang, maar die verwisseling van gedaante waarop dit berus, is ook die wesentliche kenmerk van die twee ander groepe; die *weerwolf*, die *nagmerrie* en *goëlery* word daardeur innig saamgeknoop tot een groot geheel.

Animisties van aard is dan die *weerwolf*, letterlik *man-wolf* (Got. *wair*, Lat. *vir*). Volgens Fr. Krauss kom weerwolf-verhale in Europa veral voor by die Slawiese volke,<sup>1)</sup>

<sup>1)</sup> Südslaven, 10, 112.



maar die geloof aan so 'n verskynsel word tog oor die hele wêreld aangetref.<sup>1)</sup> Dit kom ook voor by die negers van Afrika, by die Hottentotte en Boesmans, by die Oos-Indiërs, Sjinese; in Amerika en oral in Europa.

In breë trekke kom die geloof daarop neer dat die een of ander mens die gedaante van 'n dier kan aanneem; die dier wissel af in die verskillende lande. In Europa en Noord-Asië is dit meestal 'n wolf; in Afrika is dit 'n leeu, hiëna, of luiperd; in Indië is dit 'n tier.

Die gedaanteverwisseling word bewerkstellig deur 'n wolfshemp aan te trek of 'n wolfsgordel om te sit. Die verwisseling duur slegs 'n bepaalde tyd lank. Tierend hardloop die „wolf” deur die omgewing, verskeur en vreet mense en diere, todat dit uiteindelik weer terugverander in sy menselike gedaante. Om die terugwisseling teweeg te bring is dit slegs nodig om die persoon se naam te noem, of die weerwolf draai self drie keer in die rondte teen die rigting van die son in, of hy word verwond, of hy skuur teen 'n paal.

Om die weerwolf aan te wys neem mens 'n stuk broodkorsie in jou mond en loop drie keer om die verdagte persoon wat dan gedwonge sal wees om die wolfsgedaante aan te neem indien hy oor die vermoë beskik. 'n Weerwolf se wenkbroue groei aanmekaar; hy het twee kroontjies op sy kop; dikwels het hy ook 'n rudimentêre wolfstert aan sy ruggraat.

Nie alle mense kan weerwolwe wees nie, maar slegs

---

<sup>1)</sup> Andréé: *Parallelen*, 62 e.v.; Grimm: *Deutsche Mythologie*, II, 915 e.v.

een uit elke sewe seuns wat in 'n gesin gebore word sonder 'n dogter tussenin.

Die weerwolf is welbekend in Nederland; opgawes is gemaak uit Friesland, N.- en S.-Holland, Groningen, Overijssel, Gelderland, Zeeland, N.-Brabant en Limburg.<sup>1)</sup>

Uiterlik verskyn die weerwolf byna algemeen in die gedaante van 'n wolf of 'n hond. In Angerlo (Geld.) word vertel dat as 'n mens by die afwesigheid van 'n weerwolf sy huis besoek en daar lank genoeg wag, kom daar 'n hond die huis ingehardloop en die eienaar kom daarna te voorskyn uit 'n ander kamer; almal weet wie die weerwolf is. In Yerseke (Zeel.) ken hulle dit as 'n „ruigbehaarde, groote hond die loensch uit zijn oogen gluurde, de staart tusschen de beenen hield en zoo langs den zijkant van de weg voortliep.” In Terschelling is slegs die naam bekend.

Die mens wat oor die vermoë beskik om die gedaante van 'n wolf of hond aan te neem, val mense en diere aan, verskeur skape en verslind hulle (Hunsel,-L., Yerseke, Oud-Beyerland, S.-H.). Die wenkbroue van persone met hierdie vermoë, is aanmekaar gegroei (Oud-Beyerland). As die weerwolf verwond word, moet hy sy eie gestalte aanneem. In Hunsel word vertel van 'n jagter wat oorval is deur 'n wolf en byna verwurg. Hy kon egter sy jagmes trek en 'n poot van die ondier afsny. Die wolf slaan toe op vlug en die poot verander in 'n hand, waardeur dit moontlik geword het om die skuldige persoon aan te toon. (Ook in Ingen,-Geld.)

---

<sup>1)</sup> s. ook Schrijnen: Volkskunde, I, 98.

Die gedaanteverwisseling vind plaas wanneer die weerwolf 'n wolfsvel,<sup>1)</sup> gordel, of leerriem om sy lyf bind (Buggenum,-L.). Deur hierdie riem te verbrand, soms onder hewige verset, word die eienaar van sy vermoë verlos (Heeswijk, Heel,-L.). In Blitterswijk is ook bekend hoe die jong mans uit die omgewing een aand by 'n bekende weerwolf gaan besoek aflê het. Hulle het laat bly sit, en daarom kon die weerwolf nie weg nie. Om twaalfuur val daar 'n wolfsvel uit die skoorsteen op die vuur, dit verbrand, en die weerwolf was verlos. Die krag wat in die vel of gordel skuil, word in verband gebring met die duiwel (Renkum,-Geld., en Hunsel). In Nistelrode (N.-Brab.) het weerwolwe 'n stokkie in hulle besit; saam met hierdie stokkie raak hulle ook hulle weerwolf-vermoë kwyt. In Scherpenisse (Zeel.) bestaan die opvatting dat 'n onskuldige persoon deur 'n heks verander kon word tot weerwolf.

Alle mense kan nie weerwolf word nie; wel een van sewe seuns wat in 'n gesin gebore word sonder dogters tussenin (Oranjewoud, Zwaagwesteinde,-Friesl.). In Noorderhorn (Gron.) is die jongste die weerwolf.

In Ingen (Geld.) bestaan die opvatting dat die persoon slegs met sy gees besig is om te weerwolf (!) terwyl hy, wat sy liggaam betref, nog tuis lê en slaap, — 'n opvatting wat duidelik die animistiese geaardheid van die verskynsel op die voorgrond stel.

Vermelding verdien nog dat in Noord-Brabant van 'n

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 98; vgl. ook Ter Laan: Overleveringen, II, 37-43, 138; Meyer: Mythologie, 85.

meisie met loshangende hare gesê word: *sy lyk soos 'n weerwolf* (Etten); 'n seun met 'n kroontjie op sy voorkop, moet hoor dat hy 'n weerwolf het (Reek).

Op 'n paar plekke in Noord-Holland en Overijssel is die weerwolf onbekend, behalwe as persoon in die volgende kinderspel: 'n aantal kinders staan op 'n ry en stel skape voor; een van hulle is die herder, en een die weerwolf wat vasgehou word deur twee kinders; die volgende dialoog vind plaas:

Wagter: Herder, laat je schapjes gaan.  
Herder: Durf niet.  
Wagter: Waarom niet?  
Herder: Om die booze weerwolf niet.  
Wagter: De booze weerwolf is gevangen  
Tusschen twee ijzeren tangen  
Tusschen de zon en de maan  
Dus Herder, laat je schapjes gaan.

Nou hardloop die kinders oor en die weerwolf word gelos. Hy vang een van die skapies, en die spel word herhaal totdat al die skapies gevang is (Olst, Kampen, Tessel, Oosterend).

Op sommige plekke het die weerwolf verwar geraak met *Osgart* (Kruiningen; ook in Vlaandere), met die *Geldersche Stoep* (Weerselo, Blaricum), en met die watergeeste (berndiewe: 'n kinderskrik in Oldeboorn,-Fr.), en die *Witte Wieven* (Blaricum). Die verwarring het egter wei-

nig betekenis met die oog op die volksgeloof in Suid-Afrika.

By ons is die weerwolf óf 'n vae voorstelling waarmee kinders bang gemaak word; óf die werklike wolf, wildehond, of maanhaarjakhals word daarmee bedoel. In die laaste geval het die woord dus heeltemaal 'n ander betekenisinhoud gekry. Die gewone wolf as roofdier, word 'n weerwolf genoem in Belfast, Niekerkshoop, Postmasburg, Bredasdorp, Darling. In Jansenville kan dit ook 'n wildehond wees. In Kakamas, Mafeking (Bradbury), Wellington (Hottentotspoort), en in Niekerkshoop staan die maanhaarjakhals bekend as weerwolf. Hierdie soort jakhals het langer hare op sy nek en skouers, met hier en daar 'n swarterige kleur, dit vang nie vee nie, en lyk uiterlik ook anders as die gewone jakhals. Daar word tog jag op gemaak, veral deur die inboorlinge, en die vel word verwerk tot karos.

Alombekend is by ons die uitdrukking: *hy lyk soos 'n weerwolf*, waar dit iemand geld met 'n onversorgde voorkoms of verwaaide hare.

Met die volksgeloof hang egter saam 'n opvatting in Suid-Afrika dat persone met dubbele kroontjies in hulle hare, ongelukkig is, (Schweizer-Reneke), en dat persone van wie die wenkbroue saamgegroeï is, kortgebonde is.

Eienaardig is 'n taai geloof onder ons ou mense dat die wolf (die weerwolf of die tierwolf) tweeslagtig is ('n trassie). Daar is dus geen paring nodig nie, of, met paartyd rits hulle gemeenskaplik in 'n kring. Onlangs nog het ek op Tamboekiesfontein (Heidelberg, Tvl.) gehoor van vyfendertig tierwolwe wat so in 'n kring gestaan

het. Net voor hulle paar, maak hulle 'n woeste lawaai en dan is dit lewensgevaarlik om naby te kom.<sup>1)</sup>

Dit lyk dus of die eintlike weerwolfgeloof haas verdwyn het in Suid-Afrika. Dat dit tog nie die geval is nie, bewys die volgende berig uit Sandspruit: een aand, na sononder, loop 'n boer uit die omgewing, van sy landerye af huis-toe; op die pad agter hom hoor hy 'n geblaf; hy kyk om, sien 'n knorrende gedierte op hom afstorm; die boer kies die naaste boom waarin hy 'n tydlang vasgekeer word deur 'n hond met lang, woeste hare (!); 'n paar dae daarna word 'n meisie te perd ook teen die val van die skemer deur dieselfde hond gejaag, en die volgende oggend ontdek 'n buurman een van sy osse dood lê in die veld met sy gorrel uitgeskeur, met die spore van 'n groot hond duidelik sigbaar. Die berig eindig só: 'n kommando word georganiseer om die dier te gaan jag, maar sommige van die inboorlinge en die boere glo dat dit iets bonatuurliks is, en dat dit eers vorm aanneem nadat die son onder is.<sup>2)</sup>

Dis tog duidelik die weerwolf, nie waar nie; waar die weerwolf as kinderskrik aangewend word, is dit egter 'n vae, vormlose voorstelling.

Die weerwolf is 'n ononderbroke reeks van sewe broers. Daarteenoor staan die *nagmerrie* — een uit 'n reeks van sewe susters.

Die woord *nagmerrie* is 'n vervorming van *nagmare*, Mnl. *mâre*, verwant aan die Ou-Noorse *mara*, d.i. *nag-*

---

1) Iets soortgelyks word vermeld deur W. Heuvel: *Volksgeloof*, 13.

2) *Sunday Times*, 18.4.1937.

*spook, nagbelemmering* (vgl. ook Frans *cauchemar*: *cauche* [Lat. *calcare*, d.i. *druk*]).

As mens saans te laat 'n groot, swaarverteerbare maaltyd geniet, gebeur dit soms dat jy in die nag gepla word deur 'n nare droom waarin jy byna verwurg word deur 'n aaklige wese wat op jou bors sit, of waarin jy van 'n hoë muur, wal of boom afval en eindeloos deur die lug trek. Nat van die sweet skrik jy uiteindelik wakker, en slaak 'n sug van verligting dat dit maar 'n *nagmerrie* was wat jou *gery het*.

Die versteuring van die spysvertering of van die bloedsomloop tydens die slaap, skep 'n abnormale geestestoesstand, 'n toestand waarin 'n rafel van die deken of die wolkant van die kombors teen jou gesig, genoeg aanleiding is om in jou sterk geprikkelde verbeelding allerlei menslike en dierlike gestaltes te laat ontstaan. Die vervorming van *mare* tot *merrie* kan onder sulke omstandighede eenvoudig verklaar word as 'n volksetimologiese vervorming. Wat hierdie besondere verskynsel in die volksgeloof betref, het ons dus te doen met die slaap en droom as mitevormende faktor waarop veral L. Laistner<sup>1)</sup> die aandag gevestig het.

Reeds in die Middeleeue al, en ook voorheen, het die wetenskap die juiste uitleg geweet van hierdie verskynsel wat in die geloof van haas elke volk aangetref word.<sup>2)</sup>

In breë trekke verskyn die *nagmerrie* as dier: perd of kat; as voël: *nagvoëls* of *vlermuise*; as mens; of mens is daar só vaag bewus van dat dit byna vormloos is. Net

---

1) *Das Rätsel der Sphinx*, Berlin, 1889. 2) Meer besonderhede by Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, I, 281 e.v.; Grimm: *Deutsche Mythologie*, I, 365 e.v. III, 372; Meyer: *Mythologie*, 129-134.

soos by die weerwolf, het verskillende persone, veral vrouens die vermoë om as nagmerrie op te tree. Een uit 'n ononderbroke reeks van sewe dogters het ons reeds genoem. In sommige gevalle is dit 'n meisie wat in haar liefde teleurgestel is. Sy kan dan met haar hele liggaam optree as nagmerrie, of slegs haar gees verlaat haar terwyl die liggaam rustig bly voortsloop. Die nagmerrie kan mens herken deur alle openings van 'n kamer dig te stop. Sodra die son weer skyn, moet die nagmerrie dan haar gewone gestalte aanneem. Ook as die nagmerrie beseer word, sal die liggaam die volgende dag die verwonding vertoon. Ook hier is die wenkbrouwe van sulke persone aaneengegroeï. Kinders wat te vroeg gebore is, of met tande, besit die vermoë om nagmerrie te speel.

Die nagmerrie beklem 'n mens tydens jou slaap. Dit ry snags op perde en vleg hulle maanhare inmekaar; so 'n perd is dan smorens uitgeput en nat van die sweet.

Daar bestaan velerlei afweermiddels: op jou sy slaap; sleutelgat digstop; kouse kruiselings voor die bed neerlê; die skoene met hulle hakke teen die bed; 'n nat vadoek voor die bed oopsprei; 'n skerp voorwerp op jou bors met die punt na boontoe; 'n Bybel onder jou kopkussing; towerspreuke.

Die nagmerrie (Fr. *nachtmerje*; Limb.: *nachtmerrie*, *nachtmaar*, *nachtmaal*; N.-Brab.: *maal*) in die gedaante van 'n nagspook is deur die hele Nederland en ook in Vlaandere bekend. Die benoude droom (wat toegeskryf word aan 'n swaar maaltyd, slegte spysvertering, 'n verkeerde slaapligging, oorvermoeïenis, of 'n angswekkende voorval gedurende die dag, te sware dekking terwyl jy



op jou rug lê met jou hande oorkruis op jou liggaam), sonder 'n begeleidende gedaante, d.w.s sonder dat dit deel uitmaak van die volksgeloof, is egter ruim so bekend. Dit word ook wel toegeskryf aan sielsiekte (Roelofarendsveen).

In Nederland kan die volgende persone nagmerrie word: die jongste van sewe dogters (Noordhorn), jou buurvrou (Ingen); 'n meisie wat haar minnaar kom pla ná 'n gebreekte verlowing (Giesbeek); geeste wat afkomstig is uit Asië (Lengel,-Geld.); die duiwel (Oldeboorn); hekse (Berkel).

Dit verskyn in die gedaante van 'n klein mannetjie, ongeveer 20 cm. lank, die ewebeeld van iemand uit die buurt (Akkerwoude); 'n vrou; 'n harige dier (Leersum); 'n bloedhond (Heelsum); 'n swart kat (Onstwedde); 'n vlermuis (Berkenwoude).

Belangwekkend is 'n beskrywing van die gevoel van die slapende: half wakker, half aan die slaap, hoor mens die deur oopgaan en die nagmerrie (hond of kat) kom binne, klim op jou voete, en kruip al hoër, jy is magteloos en erg benoud; naderhand lê die ondiër met sy pote aan jou hals en probeer jou verwurg (Ten Boer,-Gron., Heelsum).

Ook diere word deur die nagmerrie gepla, veral perde word gery en hulle mane word só gevleg dat dit die vorm aanneem van 'n stiebeuel.<sup>1)</sup>

In Tilligte (Overij.) word op die volgende maniere aangetoon waar die nagmerrie die vorige nag opgetree het: 'n sakdoek word plat opgegooi; op een van die diagonale

---

1) Ter Laan: Overleveringen, I, 92.

word 'n sakmes geplaas en dan dubbel gevou oor die ander diagonaal; rol dit nou op en draai daarmee drie keer in die rondte onderwyl jy vra: Nagmerrie, waar was jy vannag? 'n Tweede persoon noem dan die naam van iemand uit die buurt. Die sakdoek word nou sorgvuldig afgerol, en as die mes presies nog lê soos voorheen, het die betrokke persoon geen besoek van die nagmerrie gehad nie, anders wel.

As afweermiddels geld die volgende: drink 'n groot hoeveelheid water teen die slegte drome (Oostwold); brand 'n lig voor die bed; strooi meel, want die nagmerrie mag niks meeneem nie (Zwaagwesteinde); maak die slapende wakker, maar moet hom nie aanraak of sy naam noem nie (Midwolde, Rottevalle); gaan ruggelings na bed (Warffum); trek hemp agterstevoor aan en lê jou kouse oorkruis neer (Oranjewoud); slaap met 'n blikskottel op jou bors met die hef van 'n mes op die skottel en die lem na bo (Halsteren); 'n nat dweil voor die bed oopsprei (Leersum).

Waar die nagmerrie 'n meisie is wat haar gebreekte verlowing kom wreek, moet die gewese minnaar 'n kruik vol urine geslote onder sy bed bewaar dan kom die meisie self terug om hom van die merrie te verlos (Giesbeek, — Geld.). In Spakenburg hang die vissers 'n noungebreide visnet om die kooi; die merrie moet dan eers al die mase tel voordat sy die slapendes kan kwel; sodoende word dit dag en die nagmerrie moet onverrigtersake vertrek. In Limburg (Gennep) en Gelderland (Millingen a.d. Ryn) is dit voldoende om saans die volgende rympte op te sê:

Nachtmaal aardig dier  
Komt mij van deze nacht niet hier  
Alle wateren zult gij waaien (waden)  
Alle boomen zult gij blaaien  
Alle grasspieren zult gij tellen  
Komt mij van deze nacht niet kwellen.<sup>1)</sup>

Perde word beskerm deur knoffel (huislook) op die dak van die skuur te plant (Gelderland), of 'n perdeskedel word op solder bewaar of op die stal (Leiderdorp, Zegwaart, Ede).

In Suid-Afrika geld die nagmerrie byna deurgaans as 'n nare droom wat die gevolg is van te veel eet in die aand, te veel taai vleis, te veel melktert eet voor slapens tyd, slegte tande, moeilikhede gedurende die dag, 'n kwaai gewete, of deurdat jy verkeerd lê in die bed (op jou rug). As „afweermiddels” geld dan ook heeltemal nugter: eet minder vleis of onverteerbare voedsel in die aand, lê op jou sy in die bed.

As nagmerrie-droom geld dat jy gejaag word deur die een of ander ondier, of dat jy van iets afval en oneindig deur die lug trek. In die geval waar mens van iets afval, skrik jy gewoonlik wakker voordat jy grondvat, — so nie, sal jy dit nie oorleef nie.

Maar die nagmerrie wat op jou bors sit en jou ry, is tog nie onbekend nie (Naboomspruit). By ons geld dit egter oor die algemeen dat die kwelling vaag gevoel word as 'n soort gees (Koster), 'n soort wangedrog waarvan

---

<sup>1)</sup> Ook vermeld deur Heuvel: Volksgeloof, 17.

jy nie eintlik 'n begrip het nie (Colesberg); in Nylstroom (Vierentwintigriviere) is dit die duiwel wat jou ry. In Pofadder (Kenhardt) word dit 'n *bruinmerrie* genoem, en dit word beskou as 'n voorbode.

In Avontuur (Uniondale) het 'n vrou gesien dat 'n swart kat deur die geslote venster in die slaapkamer kom; eers het dit op die voetenend van die bed gespring, toe op haar maag, en uiteindelik op haar bors waar dit bly sit het tot sy nat was van die sweet; daarna verdwyn dit op dieselfde wyse waarop dit verskyn het. Hiermee moet in verband gesien word die bekende geloof in Suid-Afrika dat 'n kat vals is, en veral nie by babetjies toegelaat moet word nie, want dit lê met sy neus teen die van die kind aan en suig sy asem uit, iets wat ook bekend is in Duitsland.<sup>1)</sup>

As afweermiddels geld: slaap met 'n Bybel onder jou kopkussing (Nylstroom); of — heeltemal modern — brand gomelastiek, dan laat die nagmerrie los.

Dus, as gedaante wat die mens kwel, het die nagmerrie al byna verdwyn by ons. As gedaante wat die perde kwel is dit egter alombekend. Dit ry dan die perde en mat hulle só af dat hulle smorens nog nat is van die sweet. Die duidelikste bewys dat 'n perd deur die nagmerrie besoek is, lê in die gevlegte maanhare — 'n opvatting wat deur ons hele land aangetref word. Op Tamboekiesfontein (Heidelberg, Tvl.) en in Kakamas word die maanhare egter op 'n sonderlinge wyse gevleg: die hare word om die beurt 'n eindjie gevleg en 'n eindjie los gelaat, en

---

<sup>1)</sup> Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, I, 293.

aan die punt van die vlegsels word duidelik 'n stiebeuel-gemaak waarin die nagmerrie sy voet sit. Soiets is ook bekend in Nederland en Duitsland. <sup>1)</sup>)

As afweermiddels geld: kam die vlegsels met 'n skerp mes uit; sny die vlegsels los met 'n broodmes.

Ook waar dit die perd betref, word gewoonlik nie aan 'n vormvaste gedaante gedink nie. In Ventersstad egter geld 'n *voël* as nagmerrie. In Theunissen 'n *bokmakierie* (voël); in Dewetsdorp 'n *soort voël*; in Jansenville 'n *sekere soort klein voëltjie*, en in Indwe 'n *voël wat sy verblyf in die vlei het*. Veel voorkomend is die opvatting dat die nagmerrie 'n soort *vlermuis* is (o.a. Higgshope, Tamboekiesfontein). Hiermee klop die algemene opvatting in Suid-Afrika dat vlermuis saans in 'n mens se hare vlieg en dit dan só deurmekaar vleg dat dit afgesny moet word, 'n opvatting wat — belangrik genoeg — ook vry algemeen bekend is in Nederland. Só sterk is hierdie besondere geloof dat die Johannesburgse *Sunday Times*<sup>2)</sup>) verlede jaar nog, tydens die somermaande, 'n berig oor die groot hoeveelheid vlermuise wat in die Kaapse Skiereiland te sien was. verklaar: 'n hele aantal vrouens en kinders is vreesbevange omdat hulle bang is die vlermuise sal in hulle hare vlieg; die verteenwoordiger van die blad het egter 'n besoek afgelê by 'n bekende natuurkundige wat uitdruklik verklaar dat vlermuise nooit in iemand se hare vlieg nie, en dat hulle niemand byt of knyp nie.

Na voorafgaande hoef dit geen betoog meer nie dat

---

<sup>1)</sup> Ter Laan; Overleveringen, I, 92; Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, I, 293.  
<sup>2)</sup> 6.12.1936.

dr. S. J. du Toit se bewering: „maar sy betekenis as towerdier het die vlermuis by ons al lang verloor,”<sup>1)</sup> nie heeltemal juis is nie; dit sal ook nog blyk waar ons towery bespreek.

'n Groot gedeelte van wat dusver gesê is oor die weerwolf en nagmerrie, laat dadelik dink aan die Nederlandse *heksegeloof*, en ons is, veral wat die gedaanteverwisseling betref, by uitstek op die gebied van die Afrikaanse *goëlery*.<sup>2)</sup>

Die geloof aan hekse is taamlik sterk vermeng met Christelike bestanddele, maar dit staan vrywel vas dat hierdie geloof sy oorsprong het in die voor-Christelike tydperk.<sup>3)</sup> Maar veral tydens die Middeleeue, met die ontstaan van die *heksewaan* en *hekseprosesse*, is dit 'n besonder kragtige bestanddeel van die volksgeloof.

Aan hekse word verskillende eienskappe toegeskryf: verbonde sluit met die duiwel, *Schadenzauber*, en die vermoë om deur die lug te vlieg en van gedaante te verwissel. Veral in l.g. eienskap, in die *Proteusnatuur*, kom die animistiese sterk op die voorgrond, dis egter nie 'n spesifiek Germaanse verskynsel nie, maar kom voor in die geloof van haas alle volke.<sup>4)</sup> Ons het oorspronklik wel te doen met die kwalikgesinde siele van afgestorwenes.

Hoe algemeen die heksengeloof in Nederland was, selfs in die neentiende eeu nog, merk ons uit die ver-

---

<sup>1)</sup> Suid-Afrikaanse Volkspoësie, 33. <sup>2)</sup> s. ook Boshoff: Beskouinge, 118.  
<sup>3)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 101-2; Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, III, 1842 e.v.; Meyer: Mythologie, 224. <sup>4)</sup> Grimm: Deutsche Mythologie, II, 873; Hansen: Zauberwahn, 18 e.v.

sameling volksverhale van Ter Laan.<sup>1)</sup> Hoewel die toestand sedertdien belangrik gewysig is, is die geloof aan *tjoendery* of heksery vandag nog goed bekend in Friesland. Uit Akkerwoude word berig: „over *tjoenderij* lopen hier ontelbare verhalen.” Dis ook bekend in Noord- en Suid-Holland, Noord-Brabant, Groningen, Overijssel, Gelderland en Limburg.

Die wesentliche eienskappe van hekse kan hier nog, hoewel enigsins vervaag, aangetoon word in die volks-geloof. In Oudemirdum (Fr.) het 'n persoon gewoon wat elke sewe jaar iemand om die lewe moes bring as offerande aan die duiwel; dit hoef nie juis 'n mens te wees nie, maar dit kon ook 'n dier of plant wees. (Die vermoë om bome dood te kwel was van oudsher een van die eienskappe van die heks; vgl. die *maretak*). In Laren (N.-Hol.) het iemand met die bynaam *De gekroonde Christus* die vermoë gehad om jou appelboom te laat doodgaan as jy weier om appels aan hom te gee.

Gedaanteverwisseling is egter een van die bekendste eienskappe. In Oudemirdum het 'n man snags 'n rumoer voor sy bed verneem; hy ruil toe een nag plekke met sy vrou; — 'n heks, net soos 'n nagmerrie, kan nie die persoon wat agter slaap kwel nie. Toe die man weer die gerumoer hoor, gryp hy, maar ondanks alle kraginspanning, kon hy *dit* nie vashou nie. Die volgende dag verneem hulle van 'n verdagte vrou in die buurt wat 'n skouerbreuk opgedoen het gedurende die nag.

In dieselfde omgewing het die jagmeester van die

---

<sup>1)</sup> Overleveringen, II, 55-144.

kasteel 'n swart kat uit 'n boom geskiet, maar toe die kat op die grond val was dit 'n mens. Die jagmeester gaan die kasteeleienaar roep, maar met hulle terugkoms was daar niks. In 'n aangrensende dorp was daar egter 'n persoon met 'n afbeen.

Op die voorgrond tree dus die feit dat die heks van gedaante kan verwissel, die gedaante kan aanneem van 'n swart kat of hoender (Andel, Rijswijk, Noordhorn), en dat verwondinge aan die diere sigbaar is aan die liggaam van die heks.<sup>1)</sup>

'n Ander eienskap tree te voorskyn in Hoevelaken (Geld.). Soms word 'n heks of towenaar bewusteloos aangetref. Onderwyl kom daar 'n muis uit die mond van so 'n persoon,<sup>2)</sup> wat, terwyl die muis buitekant is, nie verlê moet word nie, anders sou die muis nie die terugpad vind nie en die persoon sterf onmiddelik. Terwyl die muis buitekant is, kan dit van gedaante verwissel, en dit word 'n swart kat. So 'n kat kan mens met niks raaskiet nie, behalwe met silwer.<sup>3)</sup> Iemand het eendag met 'n dubbeltjie na so 'n kat geskiet, dit getref, maar nie dodelik nie, en die volgende dag loop sy buurvrou met 'n gat in haar kop rond.

Die heks kry haar vermoë uit 'n *towerboekie* wat mens nie van haar af kan wegsteel nie; dit keer altyd weer na die eienaar terug.

Die heks kan ook gedwing word om sigbaar te word. 'n Swart hoender, — wat geld as 'n moontlike gedaante-

---

<sup>1)</sup> s. Ter Laan: *Overleveringen*, II, 116-8. <sup>2)</sup> Muis as sielsdier, *Schrijnen: Volkskunde*, I, 101; *Essays*, 83, 90. <sup>3)</sup> s. ook Ter Laan *Overleveringen*, I, 134, 136.



verwisseling van 'n heks — word lewend in 'n pot kookwater gestop; dan moet die heks daarop afkom, al was sy voorheen nêrens te sien nie (Noordhorn).

Om 'n meer geslote beeld van die heksegeloof te verkry, is dit nodig om enigsins vooruit te loop op hoofstuk IV, § 1, en hier te wys op die apotropeïse handeling wat ten doel het om iets te wete te kom aangaande die heks of jou te beskerm teen haar bose werke.

Om towery te vermy maak mens gebruik van 'n towerspreuk telkens wanneer jy iemand ontmoet wat moontlik 'n heks kan wees. As jy aan so 'n persoon sê: dis vandag *Sondag* (of *Maandag* al na gelang van die dag), dan gebeur daar niks (Laren, N.-Hol.). Hekse het ook 'n *bose oog* (Leiderdorp, S.-Hol.).

Wat die toestand in Suid-Afrika betref, vermeld Schonken die volgende: „Van belang is de houding der blanken teenover al deze tooverij. Zooals wij zagen bestaat er nog een belangrijk deel van dit geloof in tooverkracht, men staat er echter, met zeldzame uitzonderingen, slechts lijdelijk tegenover, want om zelf handelend in te grijpen, verbiedt de Christelijke leer. Het is verblijdend, in verband hiermede vast te kunnen stellen, dat van geloof aan heksen geen spoor meer over is.”<sup>1)</sup> Dit is wel waar dat 'n *vroulike towenaar*, — 'n heks — by ons so-tese verdwyn het, en dat blankes oor die algemeen *self* min doen aan hekserij of *goëlery*, maar, alhoewel dit onmiskenbaar van Schonken se idealisme getuig waar hy hulle houding as *lijdelijk* beskryf, is dit tog 'n volkome mis-

---

<sup>1)</sup> Volksoverleveringen, I, 64; s. ook Boshoff: Beskouinge, 118.

kenning van die feit dat ons mense selfs vandag nog veelvuldig die dienste inroep van 'n toordokter of goëlaar of Slamaaier.

In hierdie verband is dit terloops nodig om te let daarop dat die Nederlandse *heksegeloof* en *spokery* ooreenstem met die Afrikaanse *goëlery*. *Spokery* het by óns meer betrekking op die *dwaalgeeste*; in Nederland is dit 'n generiese uitdrukking. *Goëlstories* sou in Nederland *spookgeskiedenis* genoem moet word, en het eintlik geen verband met heksery nie.<sup>1)</sup>

In die distrikte Lichtenburg en Schweizer-Reneke, het ek in my jeugjare goëlery leer ken uit die volgende verhale wat *gemeengoed* was in die betrokke omgewing. In Schweizer-Reneke het iemand 'n plaas gekoop, maar die *goëlkatte* het die gesin snags só gepla in die woonhuis, dat hulle verplig was om die plaas te verlaat. Iemand kom dit te hore en besluit om ondersoek in te stel. Hy neem sy intrek in die spens by 'n tafel aan die voet van die breë trap wat van die solder af kom. Hy steek 'n kers op en begin doodluiters uit die Bybel lees. Nie te lank nie, of 'n groot swart kat kom uit die solder te voorskyn, en gaan op die heel onderste sport van die trap sit en die leser aanskou. 'n Tweede kat volg en gaan sit op die tweede sport; so hou dit aan totdat daar sewe katte op 'n ry sit. Die man lees egter ongesteurd voort totdat die onderste kat betekenisvol omkyk na die ander katte. Toe gryp die man sy handbyl en kap na die groot kat. Met 'n towerslag is alles verdwyn en die huis is doodstil. Op

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 107.

die spensvloer lê egter die afgekapte voorpoot van die kat. Rustig gaan die man na bed, en slaap ongehinderd voort tot die volgende dag. Toe hy weer in die spens kom, lê daar op die vloer die hand van 'n vrou met 'n pragtige diamantring aan die vinger. Kort daarna ontvang hy berig dat 'n vrou uit die buurt ernstig verwond is gedurende die nag. Haar hand is afgekap. Die oorspronklike eienaar keer daarna terug, en bewoon ongehinderd die huis. Die goëlery was op 'n end!<sup>1)</sup>

'n Ander gesin is lastig geval deur 'n groot hoenderhaan. Elke keer as hulle aan tafel sit kom 'n groot haan die eetkamer ingestap, spring op die tafel, krap al die kos deurmekaar, en verdwyn dan. Die huisvader verloor egter sy geduld en kap na die haan met 'n tafelmes. Die haan verdwyn meteens, en in die slaapkamer gaan die huisvrou se suigeling jammerlik aan die huil. Ná ondersoek blyk dit toe dat die kind se een toontje afgekap is; hulle vind dit terug op die tafel in die eetkamer.

Op 'n derde plaas het daar gewoonlik onder die ete 'n vuil kombuisvadoek in die eetkamer verskyn, en die aanwesiges kry elkeen 'n raps daarmee deur die gesig; die vadoek verdwyn dan weer.

Op my grootvader se plaas in Schweizer-Reneke het daar jare gelede saans in die buitekamers, waar die seuns slaap, 'n ketting in die hoek van die kamer afgeval, gevolg deur 'n springende bal en verskillende soorte groentes. Die hele optog verdwyn dan deur die buitedeur.

---

<sup>1)</sup> Vgl. Sloet: Dieren, 14-6, waar presies dieselfde soort verhale vermeld word uit Oos-Vlaandere en Switserland.

In Gwelo, S.-Rhodesië, word vertel van 'n aantal mans wat tydens 'n transporttog moes oornag in 'n verlate huis waarin dit, volgens die eenaar, goël. Terwyl hulle in die kombuis voor die vuur sit, begin twee ape bo-op die oop hanebalke rondspring. Een van die transportryers skiet na die ape, en 'n Boesman tuimel na benede — dood. Dit blyk toe dat dit een van die plaasboesmans van die eenaar was; die ander een het spoorloos verdwyn.

In Oemtata word vertel van 'n geval waar 'n vrou se wasgoed op onverklaarbare wyse bo in die toppe van die bome te hang kom; die mooiste blomme in die tuin verdwyn en hang dan verspreid rond in die takke. Die vrou se seun het altyd die mense geroep om te kom kyk, maar hy wou nooit iemand toelaat wat 'n geweer meebring nie.

Een van die bekendste vorms wat goëlery aanneem is wel die van *klipgooiery*. Een van die vroegste en breedvoerigste beskrywings hiervan, vind ons by Aylward (in 1869).<sup>1</sup>) 'n Groep „more intelligent farmers of Weenen (Natal) ..... accompanied by two Britons”, sou die geval een aand gaan ondersoek. Dadelik ná hulle aankoms in die betrokke woning, het daar 'n halfdosyn granate op die tafel geval. Daarna 'n hoeveelheid gruis klippe wat onbekend was in die onmiddelijke omgewing. Een van die geselskap staan uit sy stoel op en dit word meteens met groot geweld agter hom aangeslinger. Toe begin groot stukke ysterklip in die kamer val; die kleinste stuk weeg ongeveer tien pond. Dit word gevolg deur 'n hoeveelheid pleistering

---

<sup>1</sup>) Transvaal Today, (The Little Tugela Ghost), 204-210; s. ook Schonken: Volksoverleveringen, 163-4.

wat te pletter val op die vloer asof dit ver uit die hoogte vandaan kom. Merkwaaardig was dat egter geen lid van die geselskap beseer is nie. Een van die twee Engelse probeer nou om die golery te ban deur middel van die heiligste dinge wat bekend is aan die Christen. Die enigste uitwerking was 'n groot plat klip wat die „banner” tref. Dit was genoeg, en die geselskap het sonder versuim die woning verlaat.

'n Aantal gelyksoortige verskynsels word beskryf deur dr. I. D. du Plessis in *Die Huisgenoot*,<sup>1)</sup> waarin hy 'n poging maak om hierdie soort verskynsels te verklaar deur middel van *telekinese*, *spiritistiese dematerialisasie*, en *mediumistiese* verskynsels (soos breedvoerig beskryf word deur dr. Baudisch: *Het Probleem van de Stille Kracht*). Ander gevalle van klipgooiery het voorgekom in Kimberley (in 1890), Paulpietersburg,<sup>2)</sup> Heilbron,<sup>3)</sup> Rustenburg,<sup>4)</sup> Dundee (Natal),<sup>5)</sup> Windhoek (Suidwes),<sup>6)</sup> en Bethal.<sup>7)</sup> Voor drie jaar het daar ook 'n *klipgooiery* plaas gevind op die Oos-Rand; hierdie geval het soveel belangstelling gaande gemaak dat dit toeskouers gelok het oor die hele goudveld. Uit die vraelyste en uit koerant- en ander berigte, blyk dit dus voldoende dat die blankes van Kaapstad af in die suide tot by Gwelo in die noorde, en van Windhoek af in die weste tot by Weenen in die ooste, glo in die een of ander vorm van goëlery. Wat die ver-

---

<sup>1)</sup> 19.4.1935 (Maleise Samelewing); 24.4.1936 (Goëlery). <sup>2)</sup> *The Star*, 13.11.1928. <sup>3)</sup> *Sunday Times*, 1.3.1936. <sup>4)</sup> *Sunday Times*, 10.5.1936. <sup>5)</sup> *Die Vaderland*, 1.8.1936; *Sunday Times*, 2.8.1936. <sup>6)</sup> *Sunday Times*, 17.5.1937. <sup>7)</sup> *The Star*, 18.5.1937.

spreiding van die verskynsels oor ons woongebied betref, hoef niks meer gesê te word nie.

Wat die verskynsels self betref, het ons alreeds die vernaamste vorms wat dit aanneem aangedui. Volledigheidshalwe noem ek nog die volgende veelvoorkomende besonderhede: die goëlaar beskik oor die vermoë om van gedaante te verwissel; hy kan dan verskyn in die vorm van 'n swart kat,<sup>1)</sup> 'n swart hond, 'n haan (swart) of kalkoen, 'n bul, 'n bok, of in die gedaante van 'n bobbejaan, slang of jakhals. Of hy kan onsigbaar word en dan mense se hare trek, hulle knyp of slaan, meubels rondskuif, en eenaardige geluide maak in die huis, porselein-goed laat val en die skyn verwek dat alles gebreek is, kettings deur die huis of oor die dak sleep, die tafeldoek van die tafel afruk, die huis se dak of die deur op 'n eenaardige manier laat kraak, stof in die inwoners se kos gooi, die skyn verwek dat daar perde om die huis hardloop, inkbottels van skryftafels afstamp sodat die ink die vloer beplek. In Nederland sou meeste van hierdie gevalle *spookgeskiedenis*, *spokery* genoem word.

Hier moet met 'n enkele woord verwys word na die aanwending van hare, naels, uitwerpsels, ens., deur goëlaars om iemand te dwing om op te tree as tussenpersoon (hoofstuk IV, § 1).<sup>2)</sup>

Wat die verskillende gedaantes betref waarvan die goë-

---

<sup>1)</sup> 'n Heks in die vorm van 'n swart kat is welbekend in Nederland; Ter Laan: Overleveringen, I, 94-8; II, 65, 97, 101-3, 138; s. ook Schrijnen: Volkskunde, I, 101, 102, 111, 115, 289, 329. <sup>2)</sup> Vgl. Ter Laan: Overleveringen, I, 98, waar vertel word van 'n nagmerrie wat deur die aanwending van hierdie middels, *gestuur* word.

laar gebruik maak (in Nederland sou mens dus sê: die verskillende gedaantes waarin die heks kan verskyn, wat die heks kan aanneem), is die kat, hond, en bok algemeen bekend in Europa. Waar daar in Suid-Afrika sprake is dat die goëlaar kan verskyn as jakhals en veral as bobbejaan, — in watter geval die verskynsel besonder gevaarlik en boosaardig is — lyk dit my na 'n besondere Suid-Afrikaanse vorm, miskien ontleen van die inboorlinge. By die Boesmans<sup>1)</sup> neem towenaars dikwels die gedaante aan van bobbejaansmannetjies, en in Oemtata (Oemgazana) glo die Bantoes dat die towenaars snags op bobbejane rondry; in Dundee het 'n Zoeloe 'n stamgenoot beskuldig van towery en daarvan dat hy snags op 'n bobbejaan ry, wat aanleiding gegee het tot 'n hofsak.<sup>2)</sup>

Die goëlaar besit eenvoudig die vermoë om te goël, maar hy kan ook sy kuns aanleer van die duiwel, aan wie hy dan sy siel in pand gee; of hy leer dit by 'n ander goëlaar in Johannesburg of Kaapstad (De Aar). Maar om die kuns magtig te word, moet tog sekere dinge gedoen word, bevoorbeeld die leerling moet sy moeder vervloek (Colesberg), of die Bybel en God (Benoni).<sup>3)</sup> Jy kan ook die vermoë verwerf deur 'n swart kat tot velletjies en beentjies te kook en op te eet (Gwelo); of die swart kat word gekook totdat al die vleis van die bene af is: — die laaste beentjies van die stert stel jou in staat om onsigbaar te word en toorkunste uit te voer (Kaapstad, Higgs-

---

<sup>1)</sup> Von Wielligh: Boesman-Stories, IV, nr. 96, bls. 160-2. <sup>2)</sup> Sunday Times, 25.8.1935. <sup>3)</sup> Ook bekend in Duitsland; s. Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, III, 1879.

hope). Jy moet twaalfuur snags 'n pikswart haan slag en eet (Schefferspos).

Ook hier speel die *gordel* of *band* 'n rol. Sommige mense glo naamlik dat die goëlaar of towenaar 'n gordel dra waaruit sy krag voortvloei (Trompsburg, Kaapstad); dat die beste goëlaar se gordel die sterkste is, sal ons nog later merk. Dit is my vertel dat daar vroeër in Johannesburg 'n blanke persoon gewoon het wat 'n Slamse gordel of goëlband op sy bloot liggaam gedra het. Hierdie gordel het wonderbaarlike eienskappe besit, bevoorbeeld as die goëlaar 'n sakdoek neem, dit daarteen vryf en dan 'n dame aan die sakdoek laat raak, is sy onmiddelik op hom verlief vir ses maande lank (daarná slaan die liefde om tot haat). Die towergordel is in die Germaanse volksgeloof in verskillende vorms bekend. Op die gordel van die weerwolf het ons al die aandag gevestig. Die wolfsgordel is met mag belaaï: dus orendisme. Bekend is nog die kragsgordel van elwe en reuse.<sup>1)</sup>

Die goëlaar kan aangetoon word deur die goëlgedaante op die een of ander wyse te verwond, bevoorbeeld deur dit te gooi met seepsoda of met kookwater,<sup>2)</sup> deur dit te kap of te steek, deur dit te slaan met 'n sambok (kameelsamboek: Trompsburg); een van die bekendste en doeltreffendste middels is wel om op die verskynsel te skiet, maar dis gevaarlik om hierdie middel toe te pas, want een van jou eie huisgenote kan aangewend wees as tussenpersoon, en jou koeël tref die verkeerde persoon (Helvetia,

---

<sup>1)</sup> Meyer: *Mythologie*, 173, 232; s. ook De Vries: *Altgermanische Religionsgeschichte*, II, 39, 211; Schrijnen: *Volkskunde*, I, 98; Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, III, 1210 e.v. <sup>2)</sup> s. ook Meyer: *Mythologie*, 215.



Potchefstroom). Soms is die uitdruklike opdrag dat jy met 'n silwer muntstuk moet skiet<sup>1)</sup> (fyngesny in stukkies: Trompsburg; muntstuk tot koeël giet). Deur hierdie verwonding word die goëlverskynsel gedwing om sy eie gedaante aan te neem en die verwonding is aan hom sigbaar. Ook as 'n pikswart hoender lewend gekook word, word die goëlaar gedwing om te verskyn (Schefferspos); hy moet ook verskyn as mens sewe knope in 'n tou knoop en kookwater op die middelste knoop gooi (Vryheid). Onder gewone omstandighede is die goëlaar sigbaar aan alle kinders van nege jaar en onder (Avontuur). In Standerton word geglo dat enigeen die goëlaar kan sien as hy 'n kwas onbeskadig uit 'n stuk greinhoutplank druk en dan deur die gat loer.<sup>2)</sup>

Maar daar is ook in Suid-Afrika bepaalde middels om die kwaaië bedoelings van die goëlaar af te weer en krag teloos te maak: dra varkspek<sup>3)</sup> onder jou voet, in jou baadjiesak, hang dit in die huis op, of smeer dit om alle openinge van die huis; dra klawerdrie of vier<sup>4)</sup> by jou; dra knoffel<sup>5)</sup> in jou sak. Die gewoonste middel is egter om 'n ander goëlaar met sterker *toorgoed* of *medisyne* of *goëlband* te huur, wat stellig nie Germaans is nie, maar wat wel van die inboorlinge of Maleiers afkomstig sal wees. Hy wys dan dikwels aan waar die naels of hare begrawe is waarmee sekere persone tot tussenpersoon

---

<sup>1)</sup> s. ook Ter Laan: Overleveringen, II, 40; die skietery is 'n afweergebruik om die bose geeste te verdrywe; s. Schrijnen: Volkskunde, I, 292, 300. <sup>2)</sup> Vgl. iets dergelyks in Duitsland, Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, III, 1920. <sup>3)</sup> s. Meyer: Mythologie, 32. <sup>4)</sup> s. Ter Laan: Overleveringen, I, 108-9. <sup>5)</sup> Schonken: Volksoverleveringen, 166; Meyer: Mythologie, 220.

gedwing word (orendisme). In Higgshope word gevlegte matte opgegooi om die werking van die begraafde hare of naels te belet, en in Piketberg word 'n begogelde persoon vier voet bokant die grond opgelig om die werking te verbreek. Minder bekend as afweermiddel is die rondstrooi van peper (Kakamas); ook 'n kruis het afweerkrag (Silakatskop). Taamlik algemeen is ook die opvatting dat perdehoefysters teen die muur of bokant die deur, afweerkrag, het,— ook alombekend in Nederland en Duitsland.<sup>1)</sup>

Minder bekend is die aanwending van towerspreuke. In Benoni moet die goëlaar die wyk neem as jy sê: *Wyk Satang, eers die Here en dan jy*. In die Pêrel het 'n ou Slamaaier 'n goëlaar aangetoon deur sy beeld te laat verskyn in 'n glas water. As hy in die glas water met 'n speld wou steek, sou die goëlaar onmiddelik gesterf het (simboliek) (mededeling uit Johannesburg). Hier is dus simpatiese towery op die spel. In Standerton word goëlery afgeweer deur enige gevlegte voorwerp, bevoorbeeld 'n sweep of 'n string hare in die huis te verbrand (simboliek).

Hoewel enigsins buitekant die kader van hierdie hoofstuk, is dit, met die oog op verklarings, nodig om 'n beskrywing te gee van 'n paar Afrikaanse goëlaars, die afkoms van ons goëlaars, om op hierdie manier te staan te kom voor die vraagstuk: vanwaar stam die goëlery as bestanddeel van die Afrikaanse volksgeloof?

Die bekendste toordokter in Suid-Afrika, is ongetwyfeld *Skoorbek*, 'n verloopte matroos wat woonagtig was in Humansdorp. Klein van persoon was hy, met deurmekaar

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 104; Meyer: *Mythologie*, 388.

hare en baard. Hy was nooit getroud nie en het alleen gewoon in 'n klein grasdakhuisie wat hy nooit gesluit het nie. In teenstelling met towenaars en hekse elders, was hy nooit wreed van geardheid nie, maar hy kon boosaardige persone trotseer. Nooit wou hy sy kuns aan iemand anders leer nie, uit vrees dat dit misbruik sou word. (Daar is egter in Potchefstroom 'n oorlewering dat hy sy kuns aan 'n familielid geleer het).

Aan hom word allerlei haas bonatuurlike dade toegeskryf. Op 'n dag was hy by vriende aan huis. „Kyk,” sê hy, „so 'n verbrande kaffer! Hoe steel hy my byltjie! Ek sal hom wys.” Nie te lank daarna nie, kom 'n kaffer aangehardloop, nat van die sweet. Hy wil die byl oorhandig, maar Skoorbek gelas hom om dit te gaan neersit op dieselfde plek waar hy dit geneem het. Eendag besoek hy sy buurman wat ongelukkig nie tuis was nie. Op pad terug loop Skoorbek deur sy buurman se boord en pluk 'n lemoen af, tot ergernis van die buurvrou wat dit eiege-regtig vind. Terwyl die vrou nog allerlei bitsige opmerkings staan en maak. Iê meteens al die lemoene op die grond, wat haar woede verskerp. Voordat sy egter veel meer kon skel, hang daar 'n slot voor haar mond. Toe haar man tuiskom was die slot egter verdwyn en die lemoene hang nog aan die bome. Skoorbek het jare gelede 'n watervoor gegrawe waarin die water opdraand vloei! En die geweldige voor het hy alléén gemaak. Niemand het ooit gesien dat hy hulp ontvang nie, maar verbygangers het altyd honderde arbeiders aan die werk gehoor. Eendag het hy besoek afgelê op die plaas Driefontein, vlak by Somerset-Oos. Hulle sit op die voorstoep en twee ruiters

te perd kom aangery. Meteens sê Skoorbek: „Kyk, hulle gaan jaag;” dit gebeur. „Kyk, die swart perd gaan wen”; dit gebeur ook. „Nou gaan die swarte spring.” Ook dit gebeur.<sup>1)</sup> Gestole vee kon deur Skoorbek terugbesorg word, en die dief verklaar altyd dat hy aanhoudend deur ’n onsigbare persoon geslaan was totdat die vee by hulle regmatige eienaar terugbesorg was. By geleentheid van ’n kafferinval in die Suurveld, het hy ’n stok in die rietdak van ’n huis gesteeek as middel teen brandstigting. Jare daarna is die dak afgegooi, maar die riet wou nog onder geen omstandighede brand nie. ’n Vreemde kaffer het op ’n keer ’n blanke meisie aangerand. Skoorbek gebied die ouers om ’n seepot te vul met water en dit te kook. Hy begin toe self om die pot hardloop totdat die skuldige kaffer uiteindelik aangehardloop kom en binne in die pot kokende water spring. ’n Miskraal wat jarelank gebrand het en wat niemand kon blus nie, het Skoorbek onmiddelik geblus deur ’n brood in die vlamme te gooi! Twee arm vrouens kom hem vra om hulle te seën. Hy belooft dat hulle albei geseën sou wees met die eerste werk wat hulle aanpak. Die eerste vrou begin ’n stuk linne in lengtes skeur; die rol linne was só onuitputlik soos die kruik van die weduwe; die tweede vrou wou vooraf versekerd wees dat die gewone behoeftes van die natuur haar nie sou verhinder by die verrigting van die eerste belangrike „werk” nie, en ook sy was onuitputlik!

Verder is nog bekend *Steenberg* uit die Vrystaat en

---

<sup>1)</sup> s. ook Ter Laan: *Overleveringen*, I, 112, waar ’n soortgelyke verhaal staan van ene Brouwer in Midwolde.

*Gertzen-Middelburg* uit Kaapland. Ook in Suidwes is 'n bekende *toordokter* of banner van geeste.<sup>1)</sup> Van Steenberg word vertel dat hy diewe kon *vasset*. Voor 'n skaapkraal waaruit diefstal gepleeg is, het hy 'n mes in die grond gesteek met die lem na boontoe; die volgende oggend staan die dief daar en wys met sy vinger na die mes, — hy kon dus geen duim verroer nie. Hiermee stem ooreen gevalle waar onsigbare kragte 'n wa en osse só vashou dat dit nie kan wegkom nie. In hierdie geval is die afweermiddel 'n kruis op die wielbande trek, of om met 'n byl se kop te slaan teen die punt van die as. In l.g. geval kry die goëlaar die slag op sy kop, en as mens hard genoeg slaan moet hy daaronder beswyk. In die Germaanse (en Nederlandse en Vlaamse) volksgeloof is hierdie verksynsel en afweermiddels bekend genoeg.<sup>2)</sup>

Die geloof aan die krag van sulke toordokters is só algemeen versprei, dat 'n regter dit onlangs, na aanleiding van 'n hofsak nodig geag het om daarop te wys dat die beskuldigde die bygelowigheid van die blankes uitbuit om hom self te verryk. Die regter voeg daarby dat die getuigenis aan die lig gebring het dat ook andere besig is met dieselfde winsgewende swendelary.<sup>3)</sup>

As ons die veelvuldige gevalle van swendelary buite rekening laat, dan blyk dit egter dat blanke towenaars deur die bank goedgesinde persone is en hulle kuns aanwend in belang van die welvaart van die mensdom. Hulle geniet dan ook orals hoë aansien, wat miskien groten-

---

<sup>1)</sup> *Sunday Times*, 17.5.1937. <sup>2)</sup> Vgl. *De Cock: Iemand vastzetten*, t.a.p.: Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, III, 1913. <sup>3)</sup> *Sunday Times*, 10.5.1936.

deels daaraan toe te skryf is dat hulle die blankes teen die inboorlingtowaars moet beskerm.

Van die grootste betekenis is die opvallende eienaardigheid dat ons toorkunstenaars en goëlaars, anders as in ons stamlande, byna altyd manlik is. In ons hele woongebied het ek slegs uit Nylstroom die aantekening gekry dat, as jy 'n skeeloog vrou om die hoek sien kom, jy nie by haar moet verbygaan nie. In Ventersdorp, in die nabyheid van Elandskuil, het 'n *heks* gewoon wat mense kon verlos van goëlery en towery. In die Vrystaat is nog bekend *Antjie Somers*, wat deur D. F. Malherbe in 'n gedig met dié naam, behandel is.<sup>1)</sup> Schonken het hierdie feit as volg probeer verklaar: „In de seventiende eeuw behoorden in Holland de heksenprocessen reeds tot het verleden en in de Kolonie was de plaats, welke de vrouw innam, te aanzienlijk dan dat een dusdanig geloof wortel had kunnen schieten. Vooral in de eerste jaren waren de vrouwen zeldzaam en des te meer geacht. Het is teekennend, dat vernederende spreekwoorden ten nadeele der vrouw, zooals men deze in menigte by Dijkstra en in de laatste jaargangen van Volkskunde aantreft, nauwelijks aanwezig zijn en algemeen verworpen worden. De zegenrijke en heldhaftige rol der vrouw in Zuid-Afrika is uit de geschiedenis genoegzaam bekend en nauwelijks ergens ter wereld word zij zoo ridderlijk vereerd als hier;”<sup>2)</sup> wat m.i. nie heeltemal juis is nie. In die Middeleeue was daar weldeeglik hoogagting vir die vrou. Die Renaissance

---

<sup>1)</sup> Somerdae, 65; s. ook Sunday Times, 3.5.1936. <sup>2)</sup> Volksoverleveringen, 164-5.

en die Franse Omwenteling het veral op teoretiese gelykberegting van die vrou aangedring; maar deur die sinkende moraal en die veranderde ekonomiese toestand, is die posisie van die vrou veelal omlaag gedruk.

Dit is wel waar dat die vrou in die nuwe omgewing 'n belangrike rol moes speel, maar ek dink tog dat daar meer rekening gehou moet word met die sielkundige houding wat by die blanke tevoorskyn tree as gevolg van die aanwesigheid van 'n groot aantal inboorlinge met 'n primitiewer en andersgeaarde beskawingsvorm.

Uit ons hele woongebied is die kwaadaardige goëlaar 'n nie-blanke. In die noordelike gedeeltes word, onder invloed van die *Bantoe-dolosgooiers*, dikwels geglo dat die goëlaar 'n kaffer is. Oor die algemeen geld egter dat die kuns veral toegeskryf word aan *Slamaaiers* (kontaminasie van *Islam* en *Maleier*). Du Plessis stel dit só: „Goëlery en die *Slamaaier* is in Suid-Afrika onafskeidelik aanmekaar verbonde; en die Europeane wat nie geheel en al skepties staan teenoor sulke dinge nie, sien in elke Maleier 'n potensiële towenaar. Talle van gevalle word aangehaal van klipgooiery.”<sup>1)</sup> Dit is dan ook 'n welbekende feit dat die geloof aan gedaanteverwisseling veel voorkom by die Maleiers.<sup>2)</sup>

Maar die geloof aan gedaanteverwisseling en onsigbaarmaking kom sterk voor by die ander bevolkingsgroepe wat in aanmerking kom by die beskrywing van ons volks-geloof. Von Wielligh beskryf bevoorbeeld 'n geval waar

---

<sup>1)</sup> Maleise Samelewing, t.a.p. <sup>2)</sup> Andréé: Parallelen, 77; s. ook Boshoff: Beskouinge, 125, wat tereg minder waarde toeken aan die invloed van die Hottentotte as aan dié van die Maleiers.

'n towenaar van die Boesmans agtereenvolgens die gestalte aangeneem het van 'n voël, 'n bobbejaan, en toe as onsigbare met klippe gegooi het.<sup>1)</sup> Boesmanmeide het die vermoë om die gedaante van 'n leeu aan te neem.<sup>2)</sup> Wat die Bantoes betref, kom die meergemelde *Tokkelôsi* hier weer in aanmerking, wat as volg beskryf word deur mej. Monica Hunter: „Tikoloshe is a small hairy being, having the form of a man, but so small that he only reaches to a man's knee. He has hair all over his face and coming out of his ear, and his face is squashed up like a baboon ... T. has a charm with which he can make himself invisible, and he is only seen by adults who possess him, and by some children ... T. by himself is mischievous but not really harmful ... He will go into a hut, knock over things, spill the milk, and fill calabashes with water ... Often people complain that stones and clubs have been thrown at them by some unseen things. Sometimes the unseen thing is said to be T.”<sup>3)</sup> Westermann tref hierdie geloof ook in Togoland aan.<sup>4)</sup>

Du Plessis vestig ook nog, i.v.m. die aandeel van die Slamaaier aan ons goëlery, die aandag op een van die Maleise voorskrifte ter verkryging van die goëlkuns. Die betrokke persoon moet naamlik om twaalfuur snags na die kerkhof om daar 'n verbond te sluit met die Djin.<sup>5)</sup>

Uit die feit dat *Slamaaier* in betekenis gelyk staan aan *Maleier* en *towenaar*, en die feit dat aan die inboorlinge en die nakomelinge van die Oos-Indiese slawe 'n groot

---

1) Boesman-Stories, IV, nr. 96, bls. 160-2. 2) Andersson: Lake Ngami, 331; Von Wielligh: Boesman-Stories, I, nr. 21, bls. 158. 3) Reaction to Conquest, 275. 4) The African Today, 179-180. 5) Maleise Samelewing, t.a.p.



rol toegeskryf word in ons goëlery, mag ons egter ten enemale nie aflei dat goëlery in Suid-Afrika afkomstig is uit Oos-Indië nie, iets wat skynbaar wel aanvaar word deur Schonken.<sup>1)</sup> Andréé vermeld bevoorbeeld i.v.m. die weerwolf: „Die finnischen Lappen versichern nämlich dass im russischen Lappmarken Schamanen existieren sollen, die sich die Gestalt van Renthieren, Bären, Wölfen, Fischen, Vögeln, u.s.w. zu geben vermögen. Dergestalt verwandelt heisst der Schamane bei den Lappen *Wiro-ladsch*, bei den Finnen *Wiroleinen*, was eigentlich *Estländer* bezeichnet”.<sup>2)</sup> Andréé wys ook daarop dat die vermoë van gedaante verwisseling oor die hele Abessinië toegeskryf word aan die *Budas*, die veragtelikste volkskaste; in die gedaante van 'n hiëna of ander dier, besoek hulle die kerkhowe en plunder die grafes, en derhalwe sal niemand dit ooit waag om gedroogde vleis te eet by 'n Buda nie.<sup>3)</sup> Wat betref die towerkuns wat veral aan die Lappe toegeskryf word, merk De Vries op: „Wenn fremde auf einer niedrigeren Kulturstufe stehende Volkselemente mit anderen zusammenwohnen, so werden sie oft als wohlbewandert in der Magie betrachtet.”<sup>4)</sup> Gevolglik was 'n mislukte poging aangewend om *Fin* uit te lê nie net as *Laplander* nie ,maar ook as *towenaar*.

Trouens, ná wat tot dusver aan die lig gebring is i.v.m. die weerwolf, die nagmerrie en goëlery as bestanddele van die Nederlandse (Germaanse) volksgeloof, is dit nie nodig om in die Afrikaanse volksgeloof sonder meer ont-

---

1) Volksoverleveringen, 161. 2) Parallelen, 68 3) T.a.p., 70. 4) Altgermanische Religionsgeschichte, II, 65.

lening van elders aan te neem nie; niemand sal egter 'n versterkende invloed uit Oos-Indië sowel as uit Suid-Afrika self, ontken nie.

Ons kan die volgende gevolgtrekking maak:

a. heksery, hekse- en spookgeskiedenis (Nederlands), goëlery (Afrikaans), en vormveranderinge, is gemeenskaplik aan Nederland (Germaanse volksgeloof) en Suid-Afrika;

b. In Nederland is die *heks* vroulik; die *spook* kan manlik of vroulik wees, maar is eintlik geslagloos: *het* spookt, sê hulle in Nederland. In Suid-Afrika lyk dit of die *heks*, *goëlaar* deurgaans manlik is;

c. Persone soos *Skoorbek*, *Steenberg*, e.a., het weinig uit te staan met hekse; hulle is towenaars, toordokters, „medisynmanne” wat óf Maleis óf Suid-Afrikaans inlands van oorsprong is; die opname in die Afrikaanse volksgeloof, is vergemaklik deur ons erfgoed.

## § 6. Dwaalgeeste.

Gaandeweg het ons die laaste groot animistiese groep in die volksgeloof bereik, die *dwaalgeeste*, 'n versamelnaam waaronder alle geesverskynsels inbegryp word wat nie hulle oorsprong het in die mite of goëlery (d.i. die gedaante-  
verwisseling by weerwolwe, nagmerries, en heksery) nie, en wat ook aangedui word met die meer generiese naam *spook*.<sup>1)</sup>

Ook in Nederland onderskei ons twee groepe: *dwaalligte*,

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 107; Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, III, 767.

en *spoke* of dwaalgeeste met 'n menselike gedaante.<sup>1)</sup>

In Nederland is die *dwaalligte* onder verskillende benaminge bekend: *dwaal-*, *dwaas-*, *waas-*, *hip-*, *stallig*; *stal-kaars* (*steltkaars*: Nistelrode); *vuurman*; *ierlicht* (Epen-Wittem; vgl. Duits *irren*); *wylde lanteernen* (Friesland); *blauwe vuurtjes*.<sup>2)</sup> Die volk glo dat hierdie liggies die siele is van ongedoopte kinders (Leiderdorp, Deventer); om hulle tot rus te bring moet die liggies gedoop word (Alphen).

Die *vuurman* is egter kwaadaardig: dis die gees van 'n landmeter wat oneerlik was.<sup>3)</sup> 'n Eienaardige kenmerk is dat as mens fluit, hierdie lig jou agtervolg, en as jy gou genoeg jou woning bereik en die deur agter jou digslaan, hoor jy hom daarop stamp en die volgende dag is die tekens van sy vurige hand in die hout te sien (Heerlen, Berg en Terblijt).

Die dwaalliggies word ook soms beskou as *voerspooksel* (Andelst); in Velden dui die *hêrbrand* ('n vallende vuurbal) aan in welke rigting spoedig 'n sterfgeval verwag kan word; in Meerlo dui 'n skiet-ster dit aan.

Die dwaalliggies probeer soms om die eensame wandelaar in die nag te laat verdwaal, maar in Zoutkamp (Gron.) waarsku die liggies van gevaar. By die dwaalligte hoort ook die *Sint Elmsvuur* wat te sien is aan die maste van skepe.<sup>4)</sup>

Wat die *spoke* betref, het ons meestal te doen met geeste van persone wat om die een of ander rede geen rus kan vind

---

1) Schrijnen: Volkskunde, I, 105. 2) Schrijnen: Volkskunde, I, 106; gewens aangevul uit die dialektelyste Schrijnen-Van Ginneken-Verbeeten. 3) Meer besonderhede by Schrijnen: Volkskunde, I, 106. 4) Freudenthal: Feuer, 473.

in die graf nie. In Laren het 'n koster sy pastoor beloof om op 'n bepaalde plek 'n mis te lees ná die dood van die pastoor; die nuwe pastoor wou nie daarin toestem nie, en die ou pastoor het bly „terugkeer” totdat die koster kranksinnig was.

Die spoke is gebonde aan bepaalde tye en plekke; hulle word veral aangetref op kruispaaie<sup>1)</sup>; hulle is ook nie vir almal sigbaar nie, maar persone wat *met die helm gebore is*, het wel die vermoë (Genemuide, Wanneperveen).

Die dwaallig of spook kom tot rus sodra die onreg herstel is.

Wat die geloof aan dwaalgeeste in Suid-Afrika betref, het Aylward al gesê: „A belief that the earth is often visited by ghosts for comparatively harmless and utterly unreasonable purposes, is the most striking feature” van die Afrikaanse volksgeloof.<sup>2)</sup> Schonken meen dat die geloof aan spoke goed saam gaan met die vroomheid van die Afrikaner; die geloof is só diep gewortel dat dit openlik erken word; „*spookstories* vertellen vormt op gezellige bijeenkomsten een voorname bezigheid; bij honderden kan men ze verzamelen”<sup>3)</sup>.

Ook in Suid-Afrika moet ons onderskei tussen *voorbodes* of *voorspooksele*, en die eintlike *na-loper*, dwaalgeeste (vgl. Duits *Wiedergänger*). Die voorbode neem die vorm aan van 'n helder, blou of wit lig teen die kamermuur, of dit verskyn as 'n volledige begrafnisstoet met kis, lykwa, roukoets en stoet. In albei gevalle dien dit as aanduiding dat daar 'n

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 106-7; Meyer: *Mythologie*, 30, 31, 42, 184-5, 308. <sup>2)</sup> *Transvaal Today*, 204. <sup>3)</sup> *Volksoverleveringen*, 40-1.

sterfgeval op hande is. Gewoonlik is dit slegs sigbaar aan mense wat gebore is met die helm.

Wydbekend in Suid-Afrika is die *spook-* of *dwaallig*. Dit dra die volgende name: *motorspook* (dit lyk soos die lig van 'n motorkar wat snags oor die veld aangery kom: De Aar, Paardeberg<sup>1</sup>), Venterstad, Avontuur, Swartfolozi), *ligman* (Hottentotspoort), *dwaalvuur* (Koster), *spookvuur* (Hoopstad)<sup>2</sup>, *vuurbolle* (Avontuur). Verder is nog bekend 'n blou liggie wat snags in Jansenville voor op die punt van die sweep of lat van die perderuiters gaan sit.

Die animistiese geaardheid van hierdie dwaalligte tree duidelik vorendag uit die berig dat sulke ligte uit 'n graf in die lug opstyg, twee of drie keer neerdaal, verspring na bepaalde punte in die omgewing, en dan weer tot rus kom in die graf (Avontuur)<sup>3</sup>; 'n blou lig skyn op 'n klip waaronder 'n kaffergeraamte lê (Tamboekiesfontein).

Dwaalligte kan egter ook die vorm aanneem van mense, diere (hond, perd, bobbejaan), en voëls.

'n Groot aantal geeste spook eenvoudig omdat spook spook is. Maar in meeste gevalle is daar tog 'n doel met die gedwaal<sup>4</sup>): persone wat 'n gewelddadige of ontydige dood gesterf het, met die gevolg dat die een of ander belofte onvervul of 'n onreg nie herstel is nie, of wat 'n skat begrawe het; spoke kom ook wraak neem op die moordenaar deur hom te pla<sup>5</sup>); by kwaai-vriendskap waarop geen versoening gevolg het voor die dood nie, volg dwalery (Nylstroom);

---

<sup>1</sup>) Sunday Times, 2.5.1937. <sup>2</sup>) Sunday Times, 10.1.1937. <sup>3</sup>) s. ook Boshoff: Beskouinge, 119. <sup>4</sup>) s. ook Schonken: Volksoverleveringen, 41; Grimm: Deutsche Mythologie, II, 761 e.v. <sup>5</sup>) Aylward: Transvaal Today, 213.

spoke kan ook verskyn om 'n waarskuwing te bring Kenhardt). Hier bevind ons ons dus feitlik op die gebied van die volksgewete en die sedelikeheidsgevoel van die samelewing.

Die mooiste blom van die enigsins sombere spookgeloof in Suid-Afrika, is die hulde wat in sommige verhale gebring word aan die liefde van die moeder. In Johannesburg loop die verhaal van die vrou van ene Smit wat voor haar dood gesê het sy sal altyd na haar kinders kyk. Ná haar dood moes die man een aand van huis af, en hy sluit die kinders daarin toe. Laat die nag kom hy tuis, en merk dat die gordyne van die slaapkamer aan brand was, maar dat dit met hande doodgemaak is. Lank daarna besoek hy 'n spiritis waar sy vrou aan hom verskyn en hom vertel dat dit sý is wat die brand geblus het.<sup>1)</sup>

Al na gelang die vorm waarin die spookgedaante verskyn, het dit verskillende name: *grysmannetjie* (Klerksdorp), *kappietanta* (Avontuur), *Tokkelôsi* (Avontuur).

Spookgedaantes het verskillende eienskappe: aan sy kleur kan dit vasgestel word of hy goed of boos is (Rooiberg)); hulle is wit (goed), swart (boos), of rooi (baie kwaai) (Zwempoort: Dordrecht); wit spoke is gewoonlik onskadelik en hulle kan nog praat oor die onreg wat gedaan is, maar duur dit te lank voordat iemand met hulle praat, dan verander hulle van kleur (word vaal) en dit is uiters gevaarlik om met hulle te praat (Koster); waag jy dit tog, kan jy baie maklik 'n klap kry, in welk geval die swart vingertekens lewenslank op jou wang sigbaar is: het jy met

---

<sup>1)</sup> Soortgelyke verhale by C. J. Langenhoven: *Die Wandelende Geraamte*; s. ook Rumpf: *Religiöse Volkskunde*, 186.

hom gepraat en belowe om iets te doen, ter bekragtiging waarvan jy hom moet groet, dan moet jy eers 'n sakdoek om jou hand draai, — so 'n sakdoek is dan heeltemal verskroei.<sup>1)</sup> As die belofte aan die spook nie uitgevoer word nie, verkeer die maker van die belofte in lewensgevaar (Helvetia).

Spoke verskyn op vasgestelde tye en plekke. Gewoonlik hou geeste tussen ou murasies of bouvalle. Spoke gaan nie oor water nie.<sup>2)</sup> Nie alle persone kan spoke sien nie; gewoonlik slegs, net soos in Nederland, persone wat met die helm gebore is; enige ander persoon wat oor so 'n persoon se skouer kyk, kan ook die spook sien. Spoke loop nie op die grond nie, maar sweef in die lug (Benoni, Trompsburg, Schweizer-Reneke), en as daar 'n lig op hulle gegooi word, verdwyn hulle (Benoni). As 'n spook jou agervolg, moet jy 'n bossie uittrek en dit onderstebo, met die wortels na boontoe, neersit. Die spook sal hom hieraan só verwonder dat jy geleentheid het om veilig jou huis te bereik. Spotlustig laat die volk egter soms die wind so 'n bossie omwaai; dan ontdek die spook dat hy gefop was en yl die voortvluggende opnuut agterna.

Wanneer 'n persoon ná sy dood terugkeer na sy woning, dan word die deure verbreek sodat hy nie die pad deur die huis ken nie, en hy moet dan verdwyn.<sup>3)</sup>

Ook diere kan spoke sien: 'n perd hardloop vir 'n spook weg; 'n os word steeks in die aanwesigheid van 'n spook. As 'n hond tjank in die nag, sien hy 'n spook; om die hond

---

<sup>1)</sup> s. ook Ter Laan: Overleveringen, I, 228, 231, 240-1, 247-252, 254, 257, 263, 270. <sup>2)</sup> s. ook Ter Laan Overleveringen, I, 26. <sup>3)</sup> s. ook Ter Laan: Overleveringen, I, 269-270.

te laat ophou moet jy jou linkerskoen omdraai, dan sal die spook die wyk neem (Trompsburg, Johannesburg).

Spoke kom gewoonlik tot rus nadat iemand met hulle gepraat het. Maar ook die towerspreuk: *Wyk Satang* (alombekend) dien as afweermiddel. *Vloek* is ook 'n goeie middel (Gwelo). Jy moet dit egter nooit waag om op 'n spook te skiet nie, want die geweer sal inmekaar smelt of die loop sal na jou toe draai (Potchefstroom).

Ook diere dien as afweermiddels: 'n hond met rooi kolle hou spoke van die huis af, of 'n swart hond met rooibruin kolle (Nylstroom), of 'n bont kat se vel (Vierentwintigriviere. 'n Perdehoefyster as afweermiddel is orals bekend. In Piketberg glo die mense dat die wind 'n bietjie waai na 'n begrafnis of dat 'n bietjie reënt val om die spore uit te wis. Die gees van die afgestorwene kan dan nie maklik die terugpad vind nie.

In die wyse waarop spookverskynsels tot bedaring gebring word, moet ek op nog 'n skone bloeisel wys van die piëteitsgevoel van die Afrikaanse kind teenoor sy ouer. In hierdie verband is dit opvallend dat die Afrikaanse kind nooit sy ouers met *jy* en *jou* sal aanspreek nie, maar steeds angsvallig omskryf met *pa hulle*, *ma hulle*, *pa se* en *ma se*, só erg selfs dat sy taal soms onbeholpe aandoen. Dit geld verder as een van die grootste gruwele wanneer 'n kind sy hand oplik teen sy ouers. Die volk glo dat daar 'n hand verskyn op die graf van 'n kind wat aan sy ouers geslaan het. Rus word in so 'n geval teweeggebring deur daardie hand te slaan met 'n lat totdat dit verdwyn.<sup>1)</sup>

---

<sup>1)</sup> Die liggaamsdeel wat die onheil bewerk het, verskyn ook in Duitsland



'n Laaste verskynsel: 'n boer se mooi gesaaide word deur hael platgeslaan. Uit woede skiet hy in die wolke, en hy word getref deur 'n blits. Daarna, elke keer as die weer opsteek, word sy kis uit die graf geslaan; dit het gebeur tot drie maal toe, — iets wat ook bekend is onder die Bantoes.<sup>1)</sup>

Dit bring ons by die invloed van die inboorlinge op die Afrikaanse volksgeloof, to..v. die geloof aan dwaalgeeste (Sowel by die Boesmans en Hottentotte<sup>2)</sup>), as by die Bantoes<sup>1)</sup>), word 'n sterk geloof geheg aan die wederkeer van die geeste.

Wesenlik bestaan daar t.o.v. die dwaalgeeste geen verskil tussen die Afrikaanse volksgeloof en die volksgeloof in die stamlande. Hier dus, kan daar slegs sprake wees van versterking van die kant van die inboorlinge, en nie wesenlike wysiging nie.

### § 7. Spook- en Sielsdiere.

Ons het nou al herhaaldelik voorbeelde gehad van 'n siel wat die liggaam van 'n mens verlaat en die gedaante van 'n dier of voël aanneem. Diere wat veral hiervoor in aanmerking kom, is o.a. die perd, hond, kat, en die wolf.

Die siel wat die liggaam verlaat het, veral deur die in-trede van die dood, het die besondere vermoë om in die toekoms te sien. Vandaar dat juis die diere en voëls wat kan geld as die gedaanteverwisseling van 'n siel, aangewend word om die toekoms te voorspel. Dis dan nie die dier wat

---

op die graf, b.v. die hand van die meinedige, Freudenthal: Feuer, 461.

<sup>1)</sup> Schoeman: Volkekundige Navorsing onder die Swazi, t.a.p. <sup>2)</sup> Von Wielligh: Boesman-Stories, III, nr. 56, bls. 45; nr. 58, bls. 62-3.

die voorspelling maak nie, maar die siel wat in hom skuil. Ons praat dan ook van *sielsdiere* en *voëls*. Meestal verkondig hierdie soort diere egter teenspoed; hulle word dan ook soms *onheils-* of *ongeluksdiere* genoem. Uitsonderings is die *swaeltjie* en die *kraan-* of *sprinkaanvoël*, albei aankondigers van die voorjaar<sup>1</sup>); hier kan ons dus praat van *geluksdiere*.

Eienaardig is verder dat hierdie diere en voëls veral gedurende die nag bedrywig is: die kat, uil, vlermuis, en bygevolg word hulle *diere van die nag*, *neweldiere*, *storm-*, en *onweersdiere* genoem.

Daar is nog 'n ander rede waarom sommige diere in 'n slegte reuk staan in die volksgeloof. Hulle het vroeër nou in verband gestaan met die Germaanse godewêreld: die perd, rawe en wolwe van Wodan, en die kat van Fria. Die verkondigers van die nuwe leer het die Germaanse gode as duiwels voorgestel, en dieselfde lot het die gemelde diere getref.

In teenstelling met hierdie toekomsvoorspellende diere, het ons die *spookdiere* in engere sin, waar 'n dwaalgees op die aarde ronddwaal in die gedaante van 'n perd of hond sonder kop, 'n hond met gloeiende oë, 'n bobbejaan wat sy tande kners dat die vuurvonke spat in die duister. Alhoewel die spookdiere in engere sin, ook animisties van aard is, sal ons in die volgende beskrywing van die afsonderlike diere in die volksgeloof nie nader stilstaan by hierdie gesigspunt nie, en ewe min let op die feit dat sommige diere — bevoor-

---

<sup>1</sup>) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 109 e.v.; s. ook Heuvel: *Volksgeloof*, 151 e.v.; Grimm: *Deutsche Mythologie*, II, 539 e.v.

beeld die haan, swaeltjie, ooievaar, ens.,—meer van natuurmitologiese as van animistiese aard skyn te wees, altans in die engere sin van die woord.

Ons moet 'n duidelike verskil maak tussen toekomsvoorspelling as bestanddeel van die volksgeloof, en voorspelling wat berus op skerp waarneming, bevoorbeeld: as 'n uil op 'n huis kom sit voorspel dit 'n sterfgeval in die gesin; dit is volksgeloof. Maar, dat skape, perde, beeste, volstruise opgewek rondspring vóór 'n reenbui, dat donkies lomerig hulle ore klap in die swaar lug wat 'n donderstorm voorafgaan, dat insekte die reënt voel kom en dus begin vlieg en só die swaeltjies lok om laag oor die gras en water te skeer, is alles dinge wat getuig van 'n sterk waarnemingsvermoë van die boer vir wie die reenval 'n besondere groot betekenis het.<sup>1)</sup> Om juis te wees, moet ons hier dus sê: as die perde speel, die donkie sy ore klap, en die swaeltjies laag vlieg, dan *beteken* dit dat daar reënt aan die kom is; maar as 'n uil op die dak skree, as 'n hond tjank in die nag, dan *voorspel* dit die dood. Daar moet iets meer aanwesig wees as bloot waarneming voordat daar sprake kan wees van volksgeloof.

Die edelste dier op die werf van die boer was van oudsher die perd<sup>2)</sup>, die dier van Wodan. Die Germane het ook gewyde perde aangehou in gewyde bosse; daarmee het hulle die toekoms voorspel. In Nieuwe Bildtdijk (Fr.) voorspel die eienaardige runnik van 'n perd dat daar binnekort 'n lykswa te wagte kan wees.

In Suid-Afrika kan besonders die perd geeste sien (Kakamas, Avontuur, Potchefstroom); as mens tussen die perd

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: Volkskunde, II, 356-7. <sup>2)</sup> Sloet: Dieren, 154-173.

se ore deurkyk, kan jy ook die spook sien (Doordraai, Koeroeman). Perde is ook geluksbringers: as jy 'n wit perd sien moet jy 'n kruisie op die sool van jou skoen maak en wens, en as jy dan al te saam sewe wit perde sien op dieselfde dag, sal jou wens waar kom (Nylstroom); as jy 'n gevlekte perd sien kan jy wens (Nylstroom); as 'n nooi 'n wit of bont perd sien, moet sy tot honderd tel, en die eerste jonkman wat sy dan sien, is haar deel (Kakamas). Tel jy die hoefyster van 'n perd óp, kan jy wens; spoeg op die yster, gooi dit oor jou kop na agtertoe, maar moenie omkyk nie; as die oop kant na jou toe lê sal jou wens waar word, anders nie (Lichtenburg, Schweizer-Reneke). Die hoefyster het ook afwerende krag teen spoke en nagmerries; spyker dit teen die muur, bokant die deur, teen die staldeur, bo-oor die sleutelgat (Nylstroom, Lichtenburg). 'n Perdetand om jou nek gedra, weer tandpyn af (Prieska). Begrawe die kopbene van dooi perde op die plekke waar die molle pla, dan verdwyn die molle (Vierentwintigriviere, — Nylstroom); dit kan vergelyk word met die reeds genoemde gebruik in Nederland om 'n perdeskedel in die stal te bewaar as beskerming vir die diere teen die nagmerrie.

Maar 'n perd kan ook gevaar aanlok; 'n natgeswete perd trek naamlik swaar weer (Kakamas, Johannesburg).

Saam met die perd, is die getrouste dienaar van die mens *die hond*.<sup>1)</sup> In Nederland word taamlik algemeen geglo dat honde geeste sien<sup>2)</sup>; hulle getjank snags kondig 'n sterfgeval aan (Zoutkamp, Terschelling, Oosterend), — in

---

<sup>1)</sup> Grimm: Deutsche Mythologie, II, 555-6; Sloet: Dieren, 29-39. <sup>2)</sup> s. ook Ter Laan: Overleveringen, I, 62; II, 129.

Friesland word hierdie soort getjank *spookgûle* genoem (*gûle* = *huil*) (Nijewier, Ferwerd). Op Texel kom nog sporadies die gebruik voor om 'n hond saam te neem na bed en só bevry te raak van rumatiek.

In Suid-Afrika word bykans orals vertel dat honde spoke kan sien, daarom tjank hulle snags so aanhoudend; as mens dan oor hulle linkerskouer kyk, kan jy dit ook sien (Rooiberg); as die hond snags aanhoudend tjank, voorspel dit die dood van 'n familielid. Om die hond te laat ophou met tjank, en om die spook te verdryf wat hy sien, moet jy jou linkerskoen voor die bed omdraai (Trompsburg, Johannesburg). In Kakamas moet 'n hond tydens swaar weer ver van jou af bly, want hy trek die weer. In Laingsburg word vertel dat as 'n hond gaan staan en na jou omkyk, gaan jy twis kry met sy eenaar.

In Nederland word *katte* hoofsaaklik in verband gedink met hekse<sup>1</sup>); 'n swart kat voorspel egter ook geluk en kondig besoekers aan.

In Suid-Afrika het ons reeds al die rol van die kat by goëlery beskryf. Dit geld oor ons hele woongebied dat 'n kat wat hom was, besoek aankondig; as 'n kat op 'n stoel sit en hom was, sal daar binnekort 'n kuiergas op dieselfde plek sit (Nylstroom). 'n Swart kat as huisdier, of wat oor jou pad loop is 'n alombekende aanduiding van geluk. 'n Swart kat wat by jou huis aankom, voorspel geluk (Colesberg). Daarenteen voorspel 'n wit kat teenspoed (Avontuur); 'n swart kat word dikwels ook as bringer van onheil beskou (Kamola, Belfast). As 'n kat op jou skouer nies,

---

<sup>1</sup>) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 111; Sloet: *Dieren*, 1-28.

voorspel dit slegs heil (Zwempoort, — Dordrecht). Ook by ons het die kat die spreekwoordelike sewe of nege lewens en die persoon wat 'n kat doodmaak word daardeur ongelukkig, dikwels vir sewe of nege jaar lank (Nylstroom, Oemtata, Krugersdorp, Trompsburg).

Die kat word ook aangewend in die volksgeneeskunde. Déur 'n seerkeel of óór 'n karkatjie in die oog, moet die lyer sewe maal vee met die punt van 'n kat se stert (Nylstroom, Lichtenburg).

Die kat veroorsaak ook siekte en dood. 'n Kattehaar in jou ingewande veroorsaak tering; 'n kat suig die asem van 'n slapende babetjie uit; 'n kat is vals en ondankbaar. In Johannesburg het ek die volgende geskiedenis opgeteken: 'n dame het een keer sewe katte besit wat sy behandel het as kinders. Hulle het saam met haar aan tafel geëet; op 'n goeie dag ontvang die vrou gaste, en die katte kon nie saam aansit nie. Ná afloop van die maaltyd wou die grootste kat egter nie sy kos aanneem nie, en hy het duidelik sy ontevredenheid laat blyk. Die volgende dag word die vrou dood aangetref in haar bed met eienaardige merktekens aan haar hals. Die agterdog val op die grootste kat. 'n Tou word onsigbaar aan die lyk bevestig en die kat word alleen daarby gelaat. Deur middel van die tou word die lyk beweeg; sodra dit plaasvind spring die kat op die lyk en byt aan die keel; hiermee volhard die kat totdat daar geen beweging meer plaasvind nie. Toe wis die geneeshere wie die skuldige was.

Die *muis* word ook in die Germaanse volksgeloof aangetref, en as sielsdier kan dit die toekoms voorspel.<sup>1)</sup> In

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 101; Sloet: *Dieren*, 82 e.v.

Oudesluis (N.-H.) word geglo dat *zingende ratten en muizen* 'n sterfgeval in die gesin aankondig. „'t zingen der muizen geschiedt in de paartijd; 't is een geluid of er vogeltjes in een voliëre kwinkeleren.”

In Suid-Afrika leef slegs weinig met betrekking tot muis in die volksgeloof voort. In die volksgeneeskunde is die muis nog simpatetiese towerdier: 'n probate middel teen bedwater by kinders is om 'n streepmuis heelhuids te braai en te laat opeet deur die betrokke kind<sup>1)</sup> (Lichtenburg, Schweizer-Reneke, Vierentwintigriviere, Trompsburg). Die muis is ook die bekende bringer van *steentande* vir *beentande* wanneer kinders wissel, in verband waarmee allerlei rympies in die volksmond voortleef.<sup>2)</sup> Op die Rand voorspel rotte wat die myne verlaat, dat daar 'n storting van rotse gaan plaasvind (Benoni).

Van die *mol* moet vermeld word dat 'n *molvelbeurs* nooit leeg is nie. Van die *vlermuis* wat in Nederland ook geld as onheilsgoed wat in betrekking staan tot die duiwel (Winsum, Castricum, Oldenzaal, Scharmen, Oudega), is reeds een en ander meegedeel i.v.m. die nagmerrie; onder towery kom hierdie dier weer ter sprake.

By die behandeling van die *waterslang* het ons reeds al heelwat meegedeel i.v.m. die *slang* in die volksgeloof. Van oudsher geld dat die huisslang, — 'n sielsdier — nie om die lewe gebring mag word nie.<sup>3)</sup> In Boheme loop die verhaal van 'n geval waar drie slange onder 'n huisvloer gewoon

---

<sup>1)</sup> Du Toit: Volkspoësie, 35. <sup>2)</sup> Du Toit: Volkspoësie, 34; Schrijnen: Volkskunde, I, 253; Sloet: Dieren, 92 e.v. <sup>3)</sup> Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, VII, 1116.

het. Word die mannetjie gedood, sterf die huisvader; op die dood van die wyfie volg die van die huismoeder; die lewe van die klein slangetjie is gebonde aan die van die kinders. Op 'n goeie dag is die mannetjie doodgemaak, en presies agt dae later is die huisvader oorlede.<sup>1)</sup> In die Transvaal en Vrystaat is die volgende geval wydbekend: 'n seuntjie neem soggens sy bekertjie melk van die eettafel af en gaan sit daarmee langs die huis in die son. Die feit dat hy sy beker tot drie keer toe kom vul met melk, trek die aandag van die moeder; die kind word bespied, en toe sou hulle sien dat 'n slang onder die fondament van die huis uitkruip en die melk drink terwyl die seun met klaarblyklike genot sy kop streel. Die ouers het die slang doodgemaak, en presies veertien dae later is die seun dood, — getreur!

'n Slang is een van die diere wat weerlig en 'n koeël aantrek (Lichtenburg). As 'n slang doodgemaak word sterf die liggaam nie voor sonder nie.<sup>2)</sup> Net soos in Duitsland<sup>3)</sup>, hou ook ons slange van melk, só erg selfs dat hulle koeie en mense uitsuig!<sup>4)</sup> Die vervelsel van 'n slang genees liddorings<sup>5)</sup> en word ook by towery aangewend. By ons leef slange van stof of hulle eet paddas en is daarom so giftig; die kleintjies van 'n pofadder word op sonderlinge wyse gebore — hulle vreet naamlik deur die moeder se maagwand en sy moet derhalwe sterf (Lichtenburg). As mens 'n slang middeldeer spit groei die liggaam weer aan. As jy aan 'n slang vat is jy vir sewe jaar onrein, maar as

---

<sup>1)</sup> Sloet: Dieren, 307-9; s. ook Sunday Times, 15.12.1935. <sup>2)</sup> s. ook Strackerjan: Aberglaube II, 108 e.v. <sup>3)</sup> Sloet: Dieren, 309 e.v. <sup>4)</sup> Hendriks: Slange, t.a.p. <sup>5)</sup> Sloet: Dieren, 332.



jy een doodmaak word jou sonde jou vergewe by die duiwel (Nylstroom).

Onder die kruipende gediertes moet die aandag nog gevestig word op die *akkedis*, *geitjie*, *trapsuutjies* (chameleon), *likkewaan* en die *padda*.

Die *akkedis* geld ook as huisdier; Mnl. *haghetisse* beteken ook heks.<sup>1)</sup> Die diertjie geld in die volksgeloof as besonder giftig, en as sy stert afgebreek word lê dit *vloekend* op die grond en rondspartel. Dit geld ook van die *geitjie* (Benoni, Lichtenburg, Trompsburg, Potchefstroom). As die *akkedis* jou byt en jy drink eerste water, gaan hij dood; drink hy eerste water, gaan jý dood (Avontuur). As 'n *geitjie* of 'n *duisendpoot* jou byt, lag jy (sewe jaar) tot jy dood is (De Aar, Lichtenburg, Johannesburg), of jy hik tot jy dood is.

Die *akkedis* word ook verwar met die *baselisk*, waaroor later.

Besonder giftig is ook die onskuldige *trapsuutjies*. Vir die inboorlinge is dit 'n kragtige towerdier omdat dit beskou word as 'n verwant van Tokkelôsi (Vrede).

Droogte word veroorsaak wanneer 'n *likkewaan* doodgemaak word (Nylstroom). Likkewane is ook lief vir melk en hulle sal dikwels 'n koei in die veld uitsuip. In Nylstroom is dit gevaarlik om in die veld te slaap, want die *likkewaan* sal sy gesplete tong in jou neusgate steek en jou harsings uitsuig.

Wat die voëls betref is die *ooievaar*, *kraanvoël* of *sprinkaanvoël* plek-plek die bode wat die babetjies bring

---

<sup>1)</sup> Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, II, 677.

(Kakamas, Avontuur, Krugersdorp, Potchefstroom).

Die *haan*, die aankondiger van die dag, van lig<sup>1)</sup>, is hoofsaaklik dieselfde vriendelike wese wat ons in Nederland leer ken; hy kondig goeie tyding of besoekers aan, of deur ontydig te kraai in die nag, wind. Sy gekraai kondig ook die afsterwe van 'n familielid aan (Rustenburg).

Die haan of sy *hen*, lê egter 'n klein eiertjie sonder dooier waaruit 'n verskriklike ondieer gebore word, die *baselisk*. As die eiertjie uitbroei en die dier, wat akkedisagtig lyk, sien jou eerste, sterf jy; sien jy hom eerste, sterf hy. Selfs as die eier net gebreek word, kan jy ook jou dood raakloop; dus word die *baseliskeier* oor 'n klipmuur of oor 'n huis stukkend gegooi. Geen wonder dat die hoender wat so 'n eier lê, net soos die hen wat kraai, om die lewe gebring moet word (Boshoff, Lichtenburg, Nylstroom, Higgshope, Potchefstroom, Dullstroom, Kakamas). Wat die wesenstrekke betref slaan ons volksgeloof in hierdie opsig presies ooreen met die Germaanse.<sup>2)</sup>

Ook die *kraai* en die *uil* bring niks nuuts in die Afrikaanse volksgeloof nie. I.v.m. die *kraai* is noemenswaardig dat voorspellende waarde geheg word aan die getalle. In Limburg (so bevoorbeeld: Schinveld) glo die inwoners: een *ekster* voorspel ongeluk; twee, onverwagte weersien; drie, onverwagte besoek; vier, onverwagte brief (nuus); vyf, 'n sterfgeval. In Suid-Afrika voorspel een *kraai* haas oral ongeluk; twee kraaie, geluk of voorspoed. In Trompsburg en Avontuur geld presies die omgekeerde. Minder bekend is

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 121. <sup>2)</sup> Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, I, 935; Freudenthal: *Feuer*, 35.

die voorspellende waarde van meer kraaie as twee. In Avontuur voorspel drie kraaie 'n huwelik; vier, 'n geboorte; of drie, 'n nooi; vier, 'n kêrel. Uit Rooiheuvel (Oemtata) kom die volgende: een kraai, 'n teleurstelling; twee, plesier vir jongmense; drie, briewe; vier, besoek van 'n jongkêrel; vyf, ontvangs van silwer geld; ses, goud. In hierdie verband, is 'n Engelse rympte welbekend onder die jongmense in Suid-Afrika:

One for sorrow,  
Two for joy,  
Three for a disappointment,  
Four for a boy,  
Five for a wish,  
Six for a kiss,  
Seven for a letter,  
Eight for something better,  
Nine for a proposal,  
Ten for a marriage.

Maar dit het nie spesifiek betrekking op die kraaie nie. Soms word soveel waarde geheg aan die slegte betekenis van een kraai, dat as mense op pad is om 'n besoek af te lê en hulle ontmoet 'n kraai, dan draai hulle terug want dit is 'n aankondiging dat by die betrokke woning niemand tuis is nie (Vierentwintgriviere, — Nylstroom).

Net soos in die stamlande, is die *uil* by ons bykans orals *doodsvoël*, die aankondiger van doodstyding. Immers, *eroet* = *er uit* (Balgoy — Geld.). In Rooiberg volg die dood binne agt dae nadat die uil op jou dak geskree het. As daar

'n sieke in 'n huis is en die uil skree, is dit 'n teken dat die sieke nie sal herstel nie (Nylstroom); op De Aar kan die dood afgeweer word deur die uil onmiddelik te verjaag. In Piketberg is dit ook 'n teken van teenspoed as jy 'n uil se eiers uithaal. In Nylstroom kondig 'n uil op die dak 'n inbreker aan.

'n Nuwe gestalte in die Afrikaanse volksgeloof is die *hamerkop*, 'n halwe watervoël. Volgens die Boesmans is die uil en die hamerkop albei die dogters van die *hottentots-god*. Albei kan dus die toekoms voorspel: die uil snags, die hamerkop bedags.<sup>1)</sup> Van die kamerkop, as geloofsdier van die Boesmans en die Hottentotte, vertel Von Wielligh: „ . . . die hamerkop sien nog meer in die water as wat die mense kan sien. Sy sien dinge wat daar ver gebeur, en sy verstaan die betekenis van dit alles . . . Daarom moet ons ag slaan op die hamerkop en luister na wat sy ons kom vertel. Word daar ver 'n kind gebore, of trou daar mense, of lê daar iemand siek, of sterf hy, dan het niemand nodig om dit aan die hamerkop te kom vertel — sy het dit lankal in die water gesien. Wat sy gesien het, kom sy aan die familie en vriende van die persone in haar eie taal en op haar eie manier vertel . . . In die aand as dit skemer is, kom sy na die huise van die mense waar sy die tyding wil bring. Sy vlie oor die huis, skree treurig en vertel dan wat sy te vertel het . . . Partykeer as daar 'n stuk of wat hamerkoppe bymekaar is, en hulle sien iets goeds in die water, dan is hulle vrolik. Hulle word dan net baie bly en begin sommer van vreugde óm mekaar te dans . . . Vlie hulle op en kom na die

---

<sup>1)</sup> Von Wielligh: Boesman-Stories, I, nr. 13 en 14, bls. 97, 103.

persoon wat vir hulle gestaan en kyk het, dan bring hulle die tyding dat daar baie wild aan die kom is, en sê dat die mense hulle pyle moet reghou."¹) Die Bantoes ken ook die hamerkop as bygeloofsvoël, (wat egter nog nie wil sê dat ons hier met *ontlening* te doen het in die Afrikaanse volksgeloof nie; sien samevatting aan einde van hierdie paragraaf). Die hamerkop is dan 'n towervoël; as jy jou met hom bemoei kan allerlei rampe jou tref. In die Afrikaanse volksgeloof het ons die volgende bestanddele: as jy 'n hamerkop doodmaak of sy nes breek, sal die weer jou dood slaan (Trompsburg, Benoni, Jansenville); die nōue verband met die water bring mee dat die hamerkop ook reënt voorspel (Grikwastad, Woyenthin, — Heidelberg, Tvl., Higgshope, Joubertina, Dullstroom).

Die *swaeltjie*, die bode van die voorjaar²), is die liefingsvoël in die volksgeloof van die Germane.³) In Duitsland word hulle digterlik bestempel as *Herrgotts-fögel*, *Mutter-Gottes-fögel*, *Gotteskinder*. Die swaeltjie het blitsafwerende krag, met die gevolg dat 'n huis waarin 'n swaelnes gebou is, geskerm is teen die weer.⁴) In Nederland geld die swaeltjies min of meer as heilige voëls (Loppersum, — Gron.); as geluksvoël (Ameland, Fr.); selfs die grootste kwajong sal geen swaelnes beskadig nie (Ameland, Rottevalle — Fr., Zandermeer — Gron.); na 'n swaelnes uitgehaal is, sterf 'n koei (Ede — Geld.); waar 'n swaeltjie nie weer terugkeer na 'n huis waarin dit voorheen 'n nes gebou het nie, sal daardie huis deur 'n ramp getref

---

¹) t.a.p., nr. 15, bls. 109-111. ²) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 109. ³) Sloet: *Dieren*, 203 e.v. ⁴) Freudenthal: *Feuer*, 23.

word, bevoorbeeld deur 'n brand (Castricum — N. Hol.).

In Suid-Afrika kondig die koms van die swaeltjies aan dat dit tyd is om groente te saai (Rooiheuvel, — Oemtata); as die swaeltjies vroeg terugkom en in groot getalle, sal dit 'n vrugbare jaar wees (Schefferspos); waar 'n swaeltjie in die huis kom nesmaak, bring dit geluk mee (Robertson, Nylstroom, Kaapstad, Lichtenburg, Schweizer-Reneke); as 'n swaeltjie in 'n huis vlieg, is dit 'n teken van geluk (Nylstroom); dis ongelukkig om 'n swaeltjie en 'n *kwikstertjie* dood te maak, — hulle is die Here se voëltjies (Trompsburg); as jy 'n swaeltjie doodmaak gaan jy hel-toe (Nylstroom), of jou hande val af (Zwempoort). Kom 'n swaeltjiepaar 'n aantal jare lank onder jou huis se dak nesmaak, dan bring hulle vir jou 'n kuikentjie (Potchefstroom); in Kakamas gooi die swaeltjie egter elke jaar, nadat die kleintjies uitgebroei is, een uit die nes as 'n offerande! Het die kleintjies te laat uitgebroei om nog betyds volgroei te raak vir die jaarlikse trek, dan word hulle toegewoel deur die ouers om ná die winter weer gevoed en versorg te word (Avontuur); (staan jy tydens onweer met 'n swaeltjie in jou hande, sal die weer jou tref — Zwempoort — by die inboorlinge).

Van die ander voëls geld die *pou* algemeen as ongeluksvoël, so seer dat selfs 'n *pouveer* ongeluk kan aanbring; die *nagsperwel* kondig die dood aan (Belfast); die *tarentaal* word so ver as moontlik van die werf af gehou, want sy geroep voorspel *bankrot-bankrot*. Inheems is die *kommandovoël* wat goeie of slegte weer aankondig (Belfast), en die *nuusdraer*, 'n nagvoël wat in die nabyheid van vleie hou en wat ook die dood aankondig (Darling).

Wat die *insekte* betref kan ons kort gaan. Die *spinnekop*, *by*, *motby*, *toktokkie*, die *liewenheersbesie* (*skilpadjie*), *naaldekker*, *slak*, *kriek*, *papie* is die aankondigers van besoekers, voorspoed, siekte, ongeval, of dood, en hulle vervul dieselfde rol as in die stamland. 'n Nuwe gestalte is egter die inheemse *hottentotsgod* (*mantis*).<sup>1)</sup> Gaan 'n hottentotsgod op iemand sit, dan tref 'n groot geluk die persoon (Broederstroom — Kenia), of dit voorspel gaste (Bakenskop — Postmasburg). Dit is ongelukkig om 'n hottentotsgod dood te maak (Ventersdorp). Wanneer jy aan 'n hottentotsgod konfyt gee sal hy jou sy woning gaan wys (Kroonstad).

Samevattend kan ons sê dat die betekenis wat aan diere, voëls en insekte toegeskryf word in die Afrikaanse volksgeloof, erfgoed is uit ons Germaanse stamland. Nuwe bestanddele is: die *trapsuutjies*, *likkewaan*, *hamerkop*, *nuusdraer*, en *kommandovoël* en die *hottentotsgod*. Wat hierdie nuwe bestanddele in ons volksgeloof betref, bestanddele wat nie in die stamlande bekend is nie, is dit moontlik om aan ontlening by die inboorlinge te dink; maar dit is tog ook moontlik om aan 'n eie uitbreiding te dink op grond van die materiaal en „tendensies” of neiginge wat meegebring is uit die stamland. Dink bevoorbeeld aan die feit dat name van plante en diere uit Nederland in Suid-Afrika oorgegaan het op ander plante en diere wat ooreenkoms (geheel of gedeeltelik) vertoon; so het ons die betekenisvolle benaminge: *vaarlandsriet* (vaderlands), *vaarlandswilg*.

Om invloed van die inboorlinge te kan vasstel, sou ons

---

<sup>1)</sup> Boshoff: Beskouinge, 110.

ons vir elke geval van die volkskunde-geografie moet bedien. As dit ná so 'n ondersoek blyk dat die betrokke diere, voëls, insekte, dáár die meeste voorkom in die Afrikaanse volksgeloof waar die meeste plaaslike aanraking met die inboorlinge bestaan, dan is dit 'n oortuigende bewys.

Wat die herkoms van hierdie nuwe bestanddele betref, sal dus slegs die volkskunde-geografie 'n afdoende antwoord kan bring; dit is dus die taak van 'n toekomstige ondersoek.

### § 8. Die Duiwel.

Op die Germaanse volksgeloof het die Christendom 'n besonder groot invloed uitgeoefen, 'n invloed wat soms vernietigend gewerk het, maar meestal hervormend, sparend, 'n invloed wat dikwels uitloop op nuwe skeppinge.

Dit bring ons te staan voor 'n begrip, 'n gestalte wat vreemd was aan die Germaanse godeleer, t.w. die *duiwel*.<sup>1)</sup> Eers by die intrede van die Christendom kom 'n volstrek bose wese in die Germaanse wêreld. Die wisselwerking tussen allerlei Christelike en Germaanse elemente het meegewerk tot die uiteindelijke vergestaltung waarin ons hom ook in Suid-Afrika aantref.

In ons volksgeloof dra die duiwel 'n hele aantal name waarvan 'n gedeelte terug gaan op die Bybel, 'n gedeelte op ons stamlande, benewens 'n paar nuwe benaminge wat eienskappe van hom nader aandui: *duiwel*, *satan (satang)*, *satanas*, *Beëlsibul (Bulsibul, De Aar)*, die *Bose*, *Versoeker*,

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 120; Heuvel: *Volksgeloof*, 81 e.v.; Grimm: *Deutsche Mythologie*, II, 822 e.v.; Strackerjan: *Aberglaube*, I, 241 e.v.; Schonken: *Volksoverleveringen*, 42-3; Boshoff: *Beskouinge*, 121 e.v.



*Draak, Kasper, Joos, Slang* (Avontuur), *Horingmannetjie* (Vierentwintgriviere), *Drietoon* (Klerksdorp), *Blinkoog* (Potchefstroom), *Ou Niek* (Potchefstroom, Nylstroom Higgshope), *Ou Miek* (Robertson), *Ou Jimmy* (Bredasdorp, Robertson, Higgshope), *Ou Kerneels* (Vierentwintgriviere), *Ou Vuilbaard* (Rooiberg), *Bokkop* (Higgshope), *Jimmy Squarefoot* (Higgshope, Saldanha), *Veervoet* (Saldanha), *Outa* ('n kaffer). (Postmasburg), *Pylstert, Vaaljas* en *Blikoor* (Weenen).

Die duiwel het ook 'n bepaalde gedaante. Die hele liggaam is behaar; hy het 'n pylpuntstert, spits ore, en een of twee horings, en 'n paar slagande; in sy hand dra hy 'n drietandvurk waarmee hy die mense omdraai as hy hulle braai oor die groot vuur (Niekerkshoop), of waarmee hy kinders aankeer na die grootvuur toe (Grikwastad). Hy het horrelpote (Schefferspos), beeskloutjes en bene (Gwelo), drie tone wat omgekrul is (Robertson). Hy het vurige oë en hy lyk soos 'n bok (Higgshope), hond of bobbejaan; of half mens, half bok (Trompsburg, Helvetia), half dier (Dordrecht). Hy het lang naels (Grikwastad), en is gewoonlik swart van kleur (Grikwastad, Gwelo), maar hy kan ook rooi wees (Potchefstroom). Die duiwel bestaan ook sonder 'n bepaalde gedaante en word dan vaagweg gevoel as 'n bose of listige gees (Jansenville, Laingsburg) aan wie alles toegeskryf word wat verkeerd loop in ons lewe.

Jy kan die hulp of medewerking van die duiwel verkry deur jou siel aan hom te verkoop, veral nadat jy self mondig geword het. Die siele van persone wat selfmoord gepleeg het, behoort vanselfsprekend aan die duiwel (Jansenville).

Op die delwerye sê die dronkaard: hoe meer ek vloek en swets, hoe meer diamante kry ek (Rysmierbult, — Potchefstroom). Die medewerking van die duiwel word egter veral gesoek deur iemand wat 'n musiekinstrument wil leer bespeel (viool, ghitaar). Met hierdie doel voor oë gaan jy om twaalfuur in die nag op 'n kruispad sit (Uniondale, Kakamas, Koeroeman, Trompsburg) en dan moet jy uitroep: Duiwel, gee my die talent om mooi ghitaar te kan speel, dan gee ek jou my siel in ruil (Laingsburg).<sup>1)</sup>

Dan verskyn die duiwel, en julle sluit die koop. Maar nou moet jy baie versigtig en listig wees, anders bly die duiwel werklik besitter van jou siel. Jy kan hom om die bos lei deur sekere voorwaardes te stel: jy gee aan hom 'n swart kat, en sodra hy dit kan wit maak, kan hy jou siel opeis, maar hierin slaag hy nooit nie (Trompsburg); sodra hy jou siel kom opeis, sê jy: goed, maar gaan haal eers hierdie sif vol water (Oemtata). Of jy vra hom om 'n heuningkoek te maak (Kakamas). Die duiwel sal jou ook leer speel as jy beloof om binne 'n vasgestelde tyd 'n siel vir hom dood te maak; doen jy dit nie sal dit met jou sleg afloop (Johannesburg).

Soms slaan die gesonde spotlus van die volk deur, en daar word lustig gekgeskeer met die beklemmende angs vir die duiwel. Ou Ferreira het sy siel verkoop aan die duiwel, en begewe hom na die kruispad om die nodige onderrig te ontvang. Sy vriende het te hore gekom van die geval, en gaan kyk wat by die kruispad sal plaasvind. Ferreira sien die vriende aankom en maak hom gou uit die voete uit. Op die

---

<sup>1)</sup> s. ook Malherbe: Somerdae (Jakob Ontong), 56.

manier weet die ou vandag nog nie wat daar te leer is van die duiwel nie (Oemtata).

Deur middel van allerlei magspreuke kan jy jou tog beskerm teen die bose liste van satan. Jy dwing hom om die *Onse Vader* woordelik te bid. Die duiwel kan naamlik nie die woord: *Maar verlos ons van die Bose* uitspreek nie, en moet sy aanvalle op jou staak. Ook kan jy met die Bybel onder jou kopkussing slaap (Vierentwintigriviere), die naam van Christus noem (Kakamas), of 'n kruis voor jou hou (Dullstroom). As jy aan 'n slypsteen vat, of as die haan kraai, of as jy sê: *Gaan weg van my Satan*, is jy ook beskerm (Makokskraal, Kakamas). Ook die hoefyster van 'n perd bokant jou deur hou die duiwel weg (Robertson).

Dis dan ook geen wonder dat daar in ons taal 'n hele aantal uitdrukkings en spreekwoorde is wat betrekking het op die duiwel nie: *so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen; so gierig soos die duiwel op 'n siel; so geslepe soos die duiwel; hy is beduiweld; die duiwel sal jou ry; loop of die duiwel agter jou is; en: ledigheid is die duiwel se oorkussing.*<sup>1)</sup>

Sekere diere word in die volksgeloof in verband gebring met die duiwel. Ons het reeds kennis gemaak met die waarde van die slang, kat, hond, bok en bobbejaan. Die vark was altyd vir die ou Germane 'n waardevolle dier, en het selfs in hulle godsdiens 'n belangrike rol gespeel.<sup>2)</sup> Dit was die rydier van die god Freyer.<sup>3)</sup> In die mitologie is die vark 'n sielsdier wat deel uitmaak van die *Wilde Jag*. Dit word ook natuurdemonies in verband gebring met die wind.

---

<sup>1)</sup> Meer voorbeelde by Malherbe: Spreekwoorde; Boshoff: Beskouinge, 123; s. ook Schrijnen: Volkskunde, I, 121. <sup>2)</sup> Sloet: Dieren, 173. <sup>3)</sup> Grimm: Deutsche Mythologie, II, 832; Grolman: Kalenderfeesten, 82-3.

'n Vermenging van die animistiese bestanddele met die Christelike, bring mee, dat die vark uiteindelik 'n *duiwelsdier* word.<sup>1)</sup> Volgens Markus 5, 13 het die legioen duiwels uit die besetene in die kudde Gadareense varke gevaar wat meer as twee duisend in getal was. Vandaar dat die vark se stert vandag nog so krul. Die plek waar die duiwels ingevaar het, sien mens nog in die vorm van drie, vier, vyf of sewe gaatjies agter op die voorpoot van 'n vark (Kakamas, Trompsburg, Avontuur, Weenen, Niekerkshoop, Johannesburg). Die gevolg is dat haas geen blanke in Suid-Afrika varkmurg of harsings eet nie, want *die vark is 'n duiwel* (Tamboekiesfontein); daar is 'n duiwel in die vark (Venterstad). Gewoonlik egter, word as rede aangevoer dat dit mens mal sal maak. So erg is die afsku van varkharsings en murg, dat sommige mense gladnie met hulle tande aan varkbene wil raak nie (Helvetia). Die murg van 'n vark, sowel as die van 'n bok word as onrein en *goddeloos* bestempel in De Aar. In Dullstroom maak varkmurg mens dom; in Kroonstad veroorsaak dit rooi oë, en in Zwempoort vergroot dit mens se sitvlak. In Hottentotspoort (Wellington) eet die mense nie varkmurg en harsings nie, want die gedagte dat jy die verstand van 'n vark eet, is onaantreklik.

Tog is die vark, soos van oudsher, ook by ons nog geluksbringer. Varkspek weer towery, goëlery en oëverblindery af (Trompsburg, Koeroeman); 'n varkdolos onder jou drumpel hou spoke buite, en een in jou sak laat jou geld optel en beskerm jou teen slangbyt (Zwempoort). Kom 'n

---

<sup>1)</sup> Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, II, 519.

vark na jou toe aangestap, dan beteken dit voorspoed; stap hy weg, teenspoed (Zwempoort).

In Robertson mag 'n vark net geslag word in die maande sonder 'n *R*, anders is die vleis ongesond. Hierdie verbod hang saam met die algemeen gangbare opvatting dat visse nie byt in die maande sonder 'n *R* nie, d.w.s. in Mei, Junie, Julie en Augustus, m.a.w. in die suidelike winter. Dit hang ook saam met die reël in Nederland dat geen moesels geëet mag word in die maande sonder die *R* nie, want dan is dit die noordelike somer en die moesels is ongesond. Die reël het dus met die volksgeloof niks te maak nie; dis 'n soort pedagogiese eselsbrug om te onthou in welke maande moesels nadelig is. Waar in Robertson dus gesê word dat varke slegs in die maande sonder *R*, d.w.s. in die winter geslag moet word, het dit betrekking op die tydperk waarin varkvleis nie die liggaam onsuiver maak nie.

---

## HOOFTUK IV

### Handelinge in die Volksgeloof.

#### § 1. Towerkuns (Magie) en Goëlerly.

In die volksgeloof tref ons dus aan sekere gestaltes en magte wat 'n besonder kragvolle werking het; hierdie werking lê oor die algemeen buitekant die bereik van die gewone mens, maar, soos ons alreeds terloops aangedui het in die vorige hoofstuk, die mens verrig onder sekere omstandighede handelinge wat daarop bereken is om die skadelike werking van gemelde magte, af te weer, of om dit aan sy persoonlike belange diensbaar te maak. Hierdie handelinge, wat saamgevat word onder die benaming *towery* of *magie*, hou nie net verband met die volksgeloof in die enger sin nie, maar ons tref dit ook aan op die gebied van die volks-geneeskunde, die volksweerkunde, en dit speel ook 'n rol op die gebied van die volksfeeste.

*Towery* kan ons omskryf as die gesamentlike opvattinge en gebruike waardeur die mens meen dat hy die natuurlike grense van sy kragte en kennis kan oorskry. Hierby meen die mens dat hy op tegniese gebied middele gevind het wat uit hulle self 'n hoër werkkrag besit as wat die natuurlike kousaliteit aan hulle kan verleen. Towerkuns of magie het 'n *suiwer saaklike* karakter: dit wend hom tot die dinge self, en met behulp van die kragte wat in hulle skuil trag dit bepaalde doeleindes te bereik. *Towery* steun vir 'n groot ge-

deelte — maar nie uitsluitend nie — op *animisme* in ruimere sowel as in engere sin, *orendisme*, *simpatie* en *simboliek*, waardeur 'n sekere gemeenskap veronderstel word tussen gelykgesinde wesens en deur nabootsende handeling probeer word om invloed uit te oefen op bewuste voorwerpe. Wat geskied aan onderdele sowel as aan ooreenkomstige voorwerpe geskied aan het voorwerp self.<sup>1)</sup>

Tot animisme in die ruimer sin moet waarskynlik teruggevoer word 'n aantal belangwekkende handeling in Suid-Afrika wat verband hou met die vuur, en wat miskien verband hou met die begrip *vuurdemon* of *vuurgees*. By 'n huisbrand in Melkrivier (Rustenburg)<sup>2)</sup> word geweerskote langs die huis gelos. Dis 'n handelwyse wat m.i. saam hang met die algemene opvatting dat geraas afwerende waarde het, bevoorbeeld die gelui van klokke op kritiese dae.<sup>3)</sup> In Lichtenburg en Schweizer-Reneke bestaan 'n algemene opvatting dat 'n huis wat deur die weerlig aanbrand geslaan is, nie met water begiet moet word nie, maar met melk.<sup>4)</sup> Van Skoorbek, die Kaaplandse toordokter, het ons alreeds die mededeling gemaak dat hy 'n brandende miskraal wat niemand kon blus nie, oombliklik geblus het deur 'n brood in die vlamme te werp.<sup>5)</sup> 'n Dergelike gebruik tref ons aan in die distrik Lichtenburg waar onvrugbare peregome berook word deur middel van strooivure teen die stam.<sup>6)</sup>

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 103 (onderaan); II, 336; s. ook Pfister: *Volks-glaube*, t.a.p., 97 e.v.; De Vries: *Altgermanische Religionsgeschichte*, II, 32 e.v.; Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, V, 817 e.v.; VI, 997 e.v.; Strackerjan: *Aberglaube*, I, 51 e.v.; Heuvel: *Volksgehoof*, 173 e.v. <sup>2)</sup> Meegedeel deur J. M. Friedenthal, Johannesburg. <sup>3)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 127, 155, 170, 292; s. ook Freudenthal: *Feuer*, 428. <sup>4)</sup> Vgl. Freudenthal: *Feuer*, 40. <sup>5)</sup> Vgl. Freudenthal: *Feuer*, 40, 369. <sup>6)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 155.

Op animisme in die enger sin, berus voorskrifte vir die behandeling van spookverskynsels; waar 'n kind sy ouers geslaan het, moet daardie hand ná die dood op die graf verskyn totdat iemand dit met 'n lat slaan; by náloop in die huis van 'n afgestorwene, word die mure verbreek en verbou sodat die nálopende gees nie meer die pad in die huis ken nie.

Op *orendisme* berus veral die groot rol wat in die volksgeloof toegeskryf word aan die aanwending van sekere liggaamsdele —hare, naels, uitwerpsels, ens., — by goëlery. Hare, naels, en ander liggaamsdele is orendadraers<sup>1</sup>), en as dit in die besit van vyandige persone geraak, kan hulle jou allerlei kwaad berokken. In Suid-Afrika gooi die boerevrouens los hare en afgeknipte naels in die vuur (Trompsburg, Krugersdorp). As kinders op die plaas (Lichtenburg), moes ons altyd sorgvuldig verhoed dat die swaeltjies of voëls ons geknipte hare bemagtig om nes mee te maak; gebeur dit wel, dan word jy mal. Kom die towenaar tog in besit van die genoemde liggaamsdele, dan kan hy jou ongeheellik siek maak. Volgens die mening van die volk is daar altyd towery op die spel as 'n siekte lank talm (Boshof). Op Tamboekiesfontein was iemand se ingewande volgedierte totdat die begraaftde hare en naelknipsels ontdek is; het die towenaar die hare of naels begrawe, dan kwyn die betowerde se lewe weg al na mate die begraaftde bestanddele ontbind (Trompsburg). Gewoonlik word die genoemde bestanddele begrawe op plekke waar die betowerde dit

---

<sup>1</sup>) Schrijnen: Volkskunde, I, 88; Freudenthal: Feuer, 93; De Vries: Altgermanische Religionsgeschichte, II, 35, 36; s. ook Ter Laan: Overleveringen, I, 31.



self kan raak trap, d.w.s. onder die kombuisdrumpel of voor die stoof. Deur die aanraking word die ontbinding of ander betowering van die bestanddele af oorgeplaas op die persoon. Daarom kan genesing ook plaasvind wanneer die aanraking verbreek word. Dit geskied in Piketberg deur die sieke vier voet hoog bokant die grond op te lig of deur hom op 'n tafel te plaas; in Higgshope word gevlegte matte uitgesprei oor die vloergedeeltes waarin moontlikerwys sulke betowerde liggaamsdele geplaas is.

As 'n goëlaar van jou liggaamsdele in die hande kry, kan hy jou dwing om op te tree as tussenpersoon om te goël; hierdie feit belet die volk om die doeltreffendste middels teen goëlery toe te pas, t.w. skiet met silwer of gooi met kookwater, want dis bekend dat een van jou eie huismense onder so 'n dwang kan staan.

Hare kan ook aangewend word om minnelus op te wek. Uit Kakamas kom 'n berig van gevalle waar jongkêrels die hare van meisies om die manlike lid gedraai het met hierdie doel voor oë.

Gedraagde kledingstukke kan ook beskou word as orendadraer. In Trompsburg het 'n Boesman van 'n plaas af weggeleop. Die towenaar wat bygehaal is, het 'n ou skoën van die Boesman in 'n skroef vasgeklem en dit só gelaat totdat die Boesman uitasem en doodbenoud aangehardloop gekom het; nadat die skroef losgedraai is, het die Boesman tot bedaring gekom.

Hiermee hang saam 'n bekende verbod in Suid-Afrika: melk mag nie oorkook op die vuur nie, anders bars die koeie se spene (Trompsburg, De Aar).

Towery deur middel van onderdele van die liggaam, is ook bekend by die Bantoes.<sup>1)</sup>

Orendadraers is ook die beeld (foto) van 'n persoon en die *helm* waarmee sommige kinders gebore word. 'n Vrymesselaar gee by sy inswering 'n foto van hom self af; word hy later ontrou, dan steek 'n ander vrymesselaar met 'n skerp voorwerp op die foto deur die hart van die verraaier, en hy moet dan sterf (Tamboekiesfontein). Towenaars laat die beeld van swakker vakgenote in 'n glas water verskyn; hulle steek dan met 'n speld in die glas water en die teenparty sterf (Johannesburg).<sup>2)</sup> Ook wat aan 'n nagemaakte beeld gedoen word, tref die oorspronklike. In Vensterstad word iemand ongeneeslik siek, en trek geleidelik inmekaar. Op raad van 'n towerdokter word die persoon se bed ondersoek, en uit die matras kom 'n lap pop wat inmekaar geknoop is. Die pop is versigtig losgeknoop, en die lyer het herstel.

Hier het ons dus 'n groep orendistiese handeling wat berus op die begrip van *simpatie*. Van hier tot die suiwer simboliese handeling is slegs een stap.<sup>3)</sup> In Prieska het 'n man eenentwintig jaar lank aan 'n ongeneeslike kwaal gely totdat 'n blik opgegrawe is met sewentig gate in; deur elke gat was 'n stukkie lyn.<sup>4)</sup> In ander gevalle is paddas of vlermuise ontdek wat deurboor is met spelde (Trompsburg); na mate die spelde afroes, vergaan die lyer se lewe.

Hiermee hang ook saam die volgende: as jy op 'n stukkie

---

1) Hunter: *Conquest*, 290; Westermann: *African Today*, 182. 2) Vgl. 'n soortgelyke geval by Strackerjan: *Aberglaube*, II, 86; s. ook Ter Laan: *Overleveringen*, II, 66-73. 3) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 87; II, 336. 4) *Sunday Times*, 12.5.1935.

bruidskoek slaap, word by jou geslagsdrif gewek (Darling); wanneer koring gewan moet word, moet by windstilte gefluit word, dan sal die wind waai (Trompsburg, Higgshope, Boshof, Nylstroom, Lichtenburg); ook windpompe word só in beweging gebring; mielielande word bevry van ruspes deur 'n paar stronke met ruspes in af te sny en op te hang, en na mate die stronke opdroog, raak die land gesuiwer (Vierentwintgriviere).

Teenoor die beginsel van simpatie het ons die beginsel van *antipatie* waarop 'n aantal verbiedinge berus: sodra 'n jonkman en sy nooi hulle bymekaar laat afneem, sal die verlowing vernietig word (De Aar, Johannesburg); as 'n meisie 'n man se hoed opsit, sal sy nooit trou nie (Nylstroom), as jy deur 'n kamervenster die huis inklim, bring jy die dood in die huis (Trompsburg).

## § 2. Volksgeneeskunde.

Luidens die bekende omskrywing van M. A. van Andel bestaan naas die offisiële geneeskunde 'n ander geneeskuns „welke met totaal verskillende geneesmiddelen werkt, die minstens evenveel blijvende of tydelijke aanhangers telt als de schoolgeneeskunde, en die meestal zonder bevredigende diagnose en zonder duidelijke voorstelling te bezitten omtrent aard en werking der toegepaste middelen, alleen op de ruwe empirie steunende, vol vertrouwen haar zonderlinge middelen toepast. Dit is de eigenlijke volksgeneeskunde die zich hoofdzakelijk op het gebied der therapie beweegt en haar adepten bij duizenden telt.”<sup>1)</sup>

---

<sup>1)</sup> Volksgeneeskunst, 5; s. ook Schrijnen: Volkskunde, II, 334 e.v.; Starmans: Verloskunde, 1-10; Boshoff: Beskouinge, 96-108.

Dit is my taak hier, om, uitgaande van die animistiese grondslag waarop die volksgeneeskuns stoel, aan te toon hoe daar uit sekere handeling, sekere geneesmetodes ontstaan; geneesmiddels wat op die gesonde ervaring en op die doelmatige, instinktiewe terapie berus, val dus buite my bestek, al dien hulle dan ook as bewys daarvan dat die grense tussen volksgeloof en volkswetenskap vaak vervloei.

Voorop moet gestel word die ou opvatting van die volk dat siekte die werk is van 'n bose gees, of dat die siekte 'n bose gees self is, iets tasbaars wat die liggaam van die mens binnegedring het.<sup>1)</sup> In hierdie rigting wys die ook in Suid-Afrika bekende name van siektes: *ringwurm*, *haarwurm*, *douwurm*; verder word by ons en in Nederland nog algemeen gepraat van *knaende pyne* en *vlieënde jig*. 'n Soortgelyke opvatting spreek uit die rympie wat opgesê word om die hik te genees:

die hik  
en ik  
gaan oor die see;  
die hik  
bly daar,  
en ik  
hom weer.<sup>2)</sup>

Duideliker spreek miskien die kennisgewing op 'n deur in Zevenhuizen: *Koorts ik ben niet thuis*<sup>3)</sup>, en die opvatting in Mecklenburg dat as mens 'n lepel vol kook-

---

<sup>1)</sup> Van Aniel: *Volksgeneeskunst*, 19 e.v.; Schrijnen: *Volkskunde*, II, 335.

<sup>2)</sup> Boshoff: *Beskouinge*, 101; Schrijnen: *Volkskunde*, II, 340. <sup>3)</sup> Van Aniel: *Volksgeneeskunst*, 22; Schrijnen: *Volkskunde*, II, 339-40.

water onder 'n siek tand hou, word die diertjies deur die damp bedwelm, val in die lepel, en is duidelik sigbaar.<sup>1)</sup>

Pogings tot genesing sal in hierdie geval dan hoofsaaklik ten doel hê om die siekte self, of die demon wat die veroorsaak, te verdryf, of op die een of ander manier tevrede te stel; dit geskied veelal by wyse van beswering, banning en oordrag en deur simpatetiese geneesmiddels.

Die hele volksgeneeskunde word feitlik beheers deur die beginsel van simpatie wat berus op 'n oerou gevoel van gemeenskap tussen gelykgeaarde wesens, dus 'n gemeenskap tussen die siekte en die geneesmiddel. Hierdie simpatetiese het waarskynlik deur middel van simboliek ontstaan uit die primitiewe wêreldbeskouing waarin die mens geen skerp skeidingslyn trek tussen hom self en die omringende natuur nie.<sup>2)</sup> Dus, om 'n siekte uit die liggaam te ban, word 'n gedeelte van daardie liggaam of ook enigiets wat daarmee in aanraking was, vernietig, en die siekte is vanselfsprekend vernietig.

Een van die bekendste handelinge wat tot genesing moet lei, is *bespreking* — in Nederland<sup>3)</sup> algemeen bekend, en ook in Suid-Afrika. Die verskil is egter dat in Nederland 'n hele aantal towerspreuke bekend is wat by die bespreking aangewend word, terwyl in Suid-Afrika slegs die spreuk i.v.m. die hik opgeteken is.<sup>4)</sup>

By ons word veral tandpyn bespreek, maar ook ander siektes, selfs huise teen brand en graan teen sprinkane (Jansenville). Ek het die volgende mededelings ontvang:

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, II, 336. <sup>2)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, II, 336; I, 87.  
<sup>3)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, II, 337-8. <sup>4)</sup> Boshoff: *Beskouinge*, 99.

op Tamboekiesfontein (Heidelberg, Tvl.), het 'n man na 'n bespreker toe gegaan oor die tandpyn van sy vrou; terwyl hy omstandig vertel teken die bespreker alles op, en daarna plaas hy sy hand teen sy eie tande, prewel iets wat die besoeker nie kon verstaan nie, en gee 'n botteltjie goed om buitekant teen die wang van die leier te smeer. Ongeveer op daardie tydstip het die pyn verdwyn. In Boshof lê die besprekers net hulle hand op die betrokke liggaamsdeel, prewel iets binnensmonds; sommige bid. In Trompsburg word besonder veel waarde geheg aan die bespreking van tandpyn. Hier het die bespreker egter duidelik verwar geraak met die towenaar, want dit word vertel dat hy met die bespreking vreeslik vloek; wanneer iemand die kuns wil aanleer moet hy eers sy vader, moeder, en God vervloek, m.a.w. „jy word 'n duiwelskind”.

Behalwe die verdrywing van siekte deur bespreking, kan dit ook *vasgelê*, *geban* of *oorgedra* word.<sup>1)</sup> In Suid-Afrika is ons hier by die alombekende gebruik om vratte, puisies, seeroë, en veral bloedvinne, karkatjies, pitswere en dragende sere op bome te ent.<sup>2)</sup> Hiervoor kom allerlei bome in aanmerking: vrugtebome (appel, peer, perske, lukwart, lemoen — sinaasappel, — vye, turksvy), wilgerboom, peperboom, doringboom, seringboom, sierbome en veral plante met 'n melkagtige sap soos melkbos en vingerpol. Dieselfde geval het ons waar 'n bietjie bloed of vuil gesmeer word aan 'n mieliepit of boontjie en aan 'n hoender gegee of geplant word, of aan 'n ertappel wat geplant word.

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, II, 339-40. <sup>2)</sup> s. ook Grimm: *Deutsche Mythologie*, II, 979; Mannhardt: *Feldkulte*, I, 20.

Die volgende besonderhede is belangwekkend: in Dullstroom word die pit van 'n bloedvin geplaas onder die bas van 'n appelboom; in Vryheid en Boshof moet die boom waarin die siekte geban word 'n aktief groeiende boom wees; in Laingsburg moet die boom ná die enting sterf anders help dit nie; in Nylstroom en Standerton word bloed uit vratte in die boomstam geënt en gelyktydig word van die boom se sap op die vratte gesmeer; in Colesberg mag die lyer self nie van die entery weet nie. In Weenen moet die lyer die boom nie sien nie; in Wellington moet die lyer nooit weer na die boom gaan kyk nie.

Simpateties is ook die alombekende genesing van breuke. Die miktak van 'n jong boompie word oopgeskeur, bloed word geneem naby die breukplek en in die skeur gesmeer; die mik word dan opgebind en na mate die skeur toegroei, genees die breuk (Rustenburg). Vandaar dat liefs gom- of melkbome vir hierdie doeleinde gebruik word (Oemtata, Vryheid). Soms word die boom gesplyt en die lyer word drie of sewe keer deur die spleet getel (Rysmierbult, Vryheid, Laingsburg).

Merkwaardig is die opvatting in Laingsburg dat wanneer die boom wat as geneesmiddel aangewend is, sterf, die breuklyer ook sal sterf; dit is dus 'n gevaarlike middel om aan te wend.

In Vierentwintigriviere (Nylstroom) word die boom nie gesplyt nie, maar enige ou hol boomstam word gesoek en die breuklyer word daardeur getrek; simpaties kan hierdie optrede wees in sover as wat dit verwys na weer gebore word; dit kan ook op animistiese grondslag in enger sin

berus in sover as hol bome toegang verskaf tot die ryk van die dooies.

Simpaties is ook die volgende: smeer slakslym op 'n vrat en hang die slak op, na mate die slak opdroog, sal die vrat verdwyn (Kaapstad); vee 'n pitseer of sweer met 'n muis of stuk skaaplewer af, gooi dit oor jou linkerskouer sodat jy dit nie weer sien nie, en na mate dit vergaan verdwyn die seer (Darling, Boshof); dit geld ook waar 'n stukkie vleis met vratbloed aan begrawe word (Johannesburg); met volmaan word vratte na die maan geblaas (Darling, Koeroman, Lichtenburg). In Lichtenburg het ons as kinders op die plaas ons vratte na die maan geblaas en daarby gesê: *gaan na die maan*, wat dan beskou kan word as 'n tower-spreuk.

Koorsblare en vratte kan mens ook *weggooi* deur daaraan te vat en 'n gooibeweging te maak (Higgshope, Johannesburg), in die rigting van die maan (Robertson).

Veral vratte kan oorgedra word deur iemand jou vratte te laat tel; in 'n toutjie soveel knope te lê as die getal van jou vratte en daar vratbloed aan smeer, gooi die toutjie oor jou linkerskouer en die persoon wat die toutjie optel, kry die vratte (in hierdie geval moet jy jou vratte tel met die behulp van 'n stokkie, anders word die getal wat jy het, verdubbel; — Lichtenburg); bind soveel bone of klippies as wat jy vratte het in 'n lap, gooi dit weg, en die persoon wat die pakkie optel kry die vratte (Robertson, De Aar, Lichtenburg).

By simpatetiese genesing word 'n verband gesoek tussen die kwaal en die geneesmiddel in die *oorsaak*: hare van die hond wat jou gebyt het, word op die wond geplaas



(Schweizer Reneke); 'n stuk van die slang wat jou gebyt het, word op die bytplek geplaas<sup>1</sup>); — in die *kleur*: rooi-bete rou eet gee nuwe bloed en dit is derhalwe 'n probate middel teen bloedarmoede (Lichtenburg, Johannesburg); asook rou lewer eet (Johannesburg); met donkiemelk was vir sproete (Lichtenburg); — in die *aard*: 'n perdetand om die hals dra genees tandpyn (Prieska); warm skaapmis is 'n goeie middel teen alle maagsiektes (Lichtenburg, Johannesburg); — in die *naam*: „ons ou mense het baie graag koekmakrankas op brandewyn laat trek, en vir hulle was dit 'n probate middel teen allerhande maagaandoeninge. Hulle het ook vas geglo dat *koekmakranka* 'n verbastering vir *goed vir krampe* is (dus volksetimologie, — A.J.C.); want, so beweer hul, daar is niks so goed vir krampe in die maag as koekmakranka-brandewyn nie.”<sup>2</sup>)

Betreffende die kruie wat aangetref word in die volks-geneeskunde, is dit onnodig om iets te vermeld oor die wat uit Europa stam: als, kamille, vlierwortel, wynruit, tiemie, alwyn, rosemaryn. Ons Afrikaanse volks-geneeskunde is egter verryk met 'n aantal inlandse plante: boegoe, koekmakranka, maagbossie en hottentotsvye.<sup>3</sup>)

### § 3. Volksweerkunde.

'n Gunstige weersgesteldheid is vir die boer van die grootste belang; vir sy vee en sy saaiery moet hy op getette tye reënt kry, anders loop dit mis. Daarom word allerlei middels aangewend om die aanstaande weersgesteldheid te

---

<sup>1</sup>) s. ook Schrijnen: Volkskunde, II, 340. <sup>2</sup>) Aldus Prof. J. J. Smith: Op ons Taalakker (Die Suidersterm, 30.1.1937). <sup>3</sup>) Boshoff: Beskouinge, 107.

dui: as die reenpaddas begin kwaak, as die swaeltjies laag vlieg, as die perde en skape besonders lewenslustig rondhuppel, dan kom dit reënt.<sup>1)</sup> Sulke weerreëls berus waarskynlik op skerp waarneming en is in Nederland sowel as in Suid-Afrika bekend.

Maar, as die saaityd al daar is, en die reënt bly nog uit, kan tog nog iets aangewend word om reënt te veroorsaak. In Krysna word 'n padda doodgeslaan en op sy rug neergelê; in Kaapstad moet dit juis in Augustus plaasvind (gebied van winterreenva) — 'n voorjaarsgebruik wat in Duitsland besonder goed bekend is.<sup>2)</sup> Hiermee stem ooreen die opvatting dat dit goed sal reënt as jy 'n duisendpoot doodtrap (Dordrecht), asook wanneer jy 'n trapsuutjies lewend op sy rug begrawe (Lichtenburg). In l.g. geval het ons 'n inheemse dier wat hom by die Germaanse volksgeloof aangepas het.

Gewoonlik steun die boer egter op sy vermoë om die weertekens reg te kan lees, waarby die simpatetiese en simboliese natuurlik 'n groot rol speel; in Zeerust sal dit gou reënt as die wolke die vorm van visse aanneem. Maar veral word gelet op die maan. Algemeen word geglo dat maansverandering ook gepaard gaan met verandering in die weer; as dit droog was, sal dit tydens of na kwartiersverandering reënt, of andersom. Welbekend is ook die opvatting dat as die sekelmaan op sy rug ry met die horings na boontoe, dus soos 'n bak wat regop staan en waaruit niks kan val nie, dan kom daar geen reënt nie; reënt is die

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, II, 356-7; s. ook hfst. III, § 7. <sup>2)</sup> Bächtold-Stäubli: *Handwörterbuch*, III, 128-9.

waarskynlikste waar die sekelmaan op sy een horing staan of op sy maag lê (Vryheid, Boshof, Lichtenburg, Johannesburg).

Miskien moet ons, wat die invloed van die maan op die weersverandering betref, nie net met die volksgeloof rekening hou nie, maar ook met vals empirie aan die kant van die volksmens. In sy artikel oor die vraag: „Heeft de maan invloed op het weer?”<sup>1)</sup> kom prof. E. van Everdingen, direkteur van die meteorologiese instituut, De Bilt, tot die gevolgtrekking „dat het eerste *bewijs* van een invloed van de *maan* op het weer, die voor de practijk eenige beteekenis zou hebben nog geleverd moet worden.” Bedoelde artikel staan onder die teks: *Nooit is eenige invloed van de maan op het weer aangetoond.*

Die was en afneem van die maan het ook 'n belangrike uitwerking op die verskillende bedrywighede van die mens, veral op die doen en laat van die gebondene aan die aarde — die boer. Dit is trouens die geval in die hele Germaanse wêreld.<sup>2)</sup> In Suid-Afrika word die stand van die maan oor die algemeen in ag geneem by plant, saai, en slag. Die algemene reël is: plant of saai met afnemende maan alle knolgewasse en plante wat onder die grond dra, dan sal die wortels ook diep afgaan; plant met wassende maan alles wat bo-op die grond dra. Die simpatetiese tree dus duidelik op die voorgrond.

Op 'n paar plekke egter word net ag geslaan op die groeiende maan (Robertson, Joubertina, Prieska, Belfast). Boontjies, wat bo-op die grond dra, moet met die groeiende

---

<sup>1)</sup> t.a.p., bls. 244 e.v. <sup>2)</sup> Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, VI, 485 e.v.

maan geplant word, want as dit saam met die maan groei, groei dit vinnig; word dit egter met afnemende maan geplant, dan draai hulle maklik nek om en van die oes kom niks (Boshof). Belangwekkend is die aanduiding dat die stand van die maan slegs in aanmerking geneem word by die saai en plant van tuingroente; op die landerye geskied dit nie (Rooiberg, Ventersdorp, Rysmierbult). In Trompsburg en in Reddersburg moet die wingerd gesnoei word met afnemende maan, anders traan of huil dit te veel en dra te weinig.

By ons groot winterslagtyd (Junie of Julie), wanneer die bees en vark geslag word, word ook veelal rekening gehou met die stand van die maan. As dit volmaan is, sit die bene van die diere vol murg; as die maan afneem, of dis donkermaan, is die murgbene leeg (Lichtenburg).

Naby Oemtata, in Stutterheim, is die Duitse kolonie bly as die Afrikaanse kerk op die dorp nagmaal het tydens die droogte, want ná baie gebede reënt dit altyd.

Ons sien dus dat ons ook hier stewig vasgewortel sit in die Germaanse volksgeloof, en dat elke bestanddeel herlei kan word tot die Germaanse stamland, al moes ons dan — soos Boshof seer tereg opmerk<sup>1</sup>) — juis by ons volksweerkunde 'n hoër mate van selfstandigheid en oorspronklikheid verwag as gevolg van die nuwe klimaats- en bodemgesteldheid.

Geheel sonder uitwerking was die nuwe omstandighede egter nie. Met name het die uitgebreide Nederlandse volksweerkalender by ons feitlik verdwyn; hiertoe het meege-

---

<sup>1</sup>) Beskouinge, 111.

werk die gewysigde klimaat en die aardrykskundige ligging. Verder, terwyl die eerste twaalf dae van die jaar ook by ons geld as kritiese dae wat betref die weersgesteldheid gedurende die volgende jaar, hou die sogenoemde kritiese dae van die feeskalender verband met fees- of gedenkdae van die Rooms-Katolieke kerkelike kalender.<sup>1)</sup> Ons Protestantse kerkelik gebruik is heeltemal anders, en dit het waarskynlik ook 'n rol gespeel by die verdwyning van sekere bestanddele uit ons volksgeloof.

---

---

<sup>1)</sup> Boshoff: *Beskouinge*, 112; Schrijnen: *Volkskunde*, II, 359.

## HOOFSTUK V.

### Volksfeeste.

#### § 1. Algemeen.

Met volksfeeste bedoel ek, in die woorde van prof. Schrijnen: „Het complex van feestgebruiken, die bij het hedendaagsche volk van de viering van Oudgermaansche of Christelike feestgetijden zijn overgebleven.”<sup>1)</sup>

Ons Germaanse voorvaders het nie *feesdae* geken nie, maar *feesty*e of *hoogty*e (’n woord wat nog bewaar gebly het in die Duitse *Hochzeit*)<sup>2)</sup>, — iets wat enigsins te vergelyk is met die bykans volslae uitgestorwe Afrikaanse volksgewoonte om veertien dae lank bruilof te hou<sup>3)</sup> en Nuwejaar langer te vier as net Nuwejaarsdag.<sup>4)</sup>

Die Germane het eertyds waarskynlik vier offertye geken, waaromheen die orige feestelikhede gegroepeer is: twee winterfeeste, ’n lente- en ’n somerfees. Die Germaanse jaar het eintlik ’n aanvang geneem met die nagéwening in September; die feessiklus neem dus ’n aanvang met die herfs- of eerste winterfees. In die Juliaanse kalender word die aanvang van die winter vasgestel op 10 November, met die gevolg dat die eerste winterfees ook verskuif word en

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 124. <sup>2)</sup> Hierdie uiteensetting aan die hand van Schrijnen: *Volkskunde*, I, hfst. III, en Grolman: *Kalenderfeesten*. <sup>3)</sup> Boshoff: *Beskouinge*, 76 (Sy segsman is Kolbe, II, 304). <sup>4)</sup> Vgl. Léon Maré: *Nuwejaarsfees op Palmietfontein*.

daardeur 'n besondere betekenis verleen aan Sint Maartensdag op 11 November. Onteenseglik die hoogste Germaanse feestyd, is die *Joelfees*, die tweede of Midwinterfees. Dit val in die tweede helfte van Desember en duur voort tot aan die begin van Januarie. Dit sluit o.a. die volgende feeste in: Sint Nikolaas (6 Des.), Sint Thomas (21 Des.), Oukérsaand en Kersdag, Oujaarsaand en Nuwejaar, en Driekonings (6 Jan.). Die enger *Joeltyd* lê egter tussen 25 Desember en 6 Januarie, die tydperk van die sogenoemde *Twaalf Nagte*, 'n tydperk gekenmerk deur uitgelate feesvreugde wat eerstens veroorsaak word deur die geniet van offergawes aan die siele van oorledenes, Wodan, Holda, e.a. windgode, en tweedens deur die twee groot slagtye, — 'n geval dus waar die bedryfsjaar invloed uitoefen op die teesjaar.

Ons bevind ons nou in die heiligste tydperk van die jaar. Dromsgewyse joel en raas die geeste deur die lug, aangevoer deur hulle befaamde voorryer. Dis 'n tydperk van lotsvoorspelling, droomverklaring en towery; die hele geestewêreld is losgelaat; die lewendes drink die *minne* (herdenking) van die dooies, en die joelende geeste word deur middel van allerlei vermomminge voorgestel.

Hierdie tydperk met sy twee winterfeeste, waarin offer word aan die geeste en aan Wodan as die god van die vrugbaarheid, en terwille van die vrugbaarheid van die landerye, — Joeltyd — kan inderdaad beskou word as 'n bevrugtingstydperk, want in sy geheel dra dit 'n vrugbaarheidskarakter.

Die godsverering van die ou Germane behels nie net offerplig nie, maar dit gee ook verposing van die harde ar-

beid wat so pas afgeloop het op veld en akker. Die viering is in die eerste plek religieus, maar dis baie duidelik ook ekonomies maatskaplik van aard. Ons voorouers het baie nouer met die natuur saamgeleef as ons, met 'n duidelike skeiding tussen tydperke van arbeid en rus. Ná die kerstening van die Germane het die Kerk in verband met hierdie feeste waarin die mens losraak van die eentonige sorg van die lewe, wyselik nie die ou feesgebruike uitgeroei nie, maar soveel as moontlik laat aanpas by die kerkleer.

Die winterfeeste loop ten einde ongeveer met Driekoningsdag. Op die eerste Maandag daarna, kry ons *Koppermaandag* (af te lei van *kopperen* = *smul, drink, pretmaak*: vgl. *kop(pie)* = *beker*<sup>1</sup>), waarop nog vir oulaas feesgevier word om die Nuwejaars tydperk af te rond. Daarna kry ons nog 'n paar ondergeskikte feesdae. Maar die somer is aan die kom, en die eerste spore hiervan merk ons in Februarie met die viering van *Vastenavond* of *Vastelavond*, drie *vet* dae (Son-, Maan- en Dinsdag) wat die veertig *vas*dae voorafgaan. Schrijnen<sup>2</sup>) onderskei drie bestanddele in die viering van Vastenavond, t.w.: a. saam met Julius Lippert sien hy in hierdie viering die kern van 'n ou Romeinse lentefees wat in die Nederlandse geweste ingevoer is; — 'n lente-vóórfees dus; b. die Romeinse fees het in die Nederlande saamgeval met 'n spesifiek Germaanse feestydperk met offervure en offermaaltye, — die fees van die wederkerende son (Mogk); c. deur die Christendom is die feestelikhede teruggedring tot voor die aanvang van die vastyd, en sodoende kry die hele verrigting 'n Christelike

---

1) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 178. 2) *Volkskunde*, I, 184.



tint. Dit is die tydperk van die sogenoemde *Carnaval* wat in die Protestantse Noord-Nederland bykans heeltemal uitgesterf het, maar wat nog voortleef in die Katolieke Suide. Deur die oorfloed van spys en drank, wat lig tot oordaad ontaard, is dit inderdaad 'n vrugbaarheidsfeesviering.

Die eintlike lentefeeste kry ons eers gegroeppeer óm Meidag, en die somerfeeste óm Sint Jansdag of Midsomer (24 Junie). In die middel van die viering van die lentefeeste staan die sinnebeeld van die genius van die groeikrag, van die jong lewe wat nou orals uitbot: die *meiboom* met al sy veelvuldige vorms. Hierdie feestelikhede duur op verskillende dae voort tot ná Pinkster en dit omsluit ook Paasmaandag en Gekkedag, maar Meidag geld tog as die heerlikste feesdag van die tydperk. Hierdie tweede gedeelte van die jaarlikse feeskringloop bereik sy hoogstepunt in die midsomerfees op Sint Jansdag, wat met sy offermaaltye so 'n belangrike rol speel in die Germaanse volkslewe. Die groeite van die jaar het nou sy toppunt bereik, en blakend lê die son oor akker en veld; die tydperk van die oesfeeste is daar met sy rigmei, sy koolhaas, sy koringgees, sy laaste gerf en sy traktasies nadat die opbrengs van land en tuin veilig opgeberg is, totdat die fees op 29 September (Michielsdag) die somerfeeste beëindig en Allerheilige (1 Nov.) en Allersiele (2 Nov.) met sy paar dae Allerheilige- of Ou-Wywesomer, die feeskring van die jaar afsluit met die herdenking van die afgestorwenes, en 'n aanvang gemaak word met die winterfeeste; — die bome en plante het intussen saggies aan hulle blad laat val en staan met swart arms omhoog gehewe weerloos en onbeskut teen

die winterwinde wat wenend in hulle eensaamheid deur die noorderhemel waai.

Kortom, ons kry in die Nederlandse (Germaanse) stamland 'n goedgeordende feeskringloop deur die hele jaar, duidelik gegroepeer om twee hoogtepunte (waarvan die winterfeeste die meeste tyd in beslag neem<sup>1</sup>), as volg:

Winterfeeste: 11 Nov.: St. Maarten; 25 Nov.: St. Katharina; 30 Nov.: St. Andries; 6 Des.: St. Nikolaas; 21 Des.: St. Thomas; 24—5 Des.: Kersfees; 26 Des.: St. Stefaansdag; 31 Des.: Oujaar; 1 Jan.: Nuwejaar; 6 Jan.: Driekonings; 2 Febr.: Maria Lichtmis.

Somerfeeste: Koppermaandag; Vastenavond; Halfvasten; 22 Febr.: St. Pieter; 12 Maart; Gregorius; 1 April: Gekkedag; Meidag; Pinksterdag; Goeie Vrydag; Paasmaandag; Hemelvaart; 24 Junie: St. Jan; 29 Sept.: Michielsdag; 1 Nov.: Allerheilige; 2 Nov.: Allersiele.

Benewens die talryke feesdae waaruit die feeskringloop bestaan, kry ons nog sekere feesbestanddele wat kenmerkend is van die verskillende feestye, bestanddele wat teenswoordig gekersten is, maar wat dikwels herlei kan word tot ou Germaanse feeste en feesgebruike: die Paaseier, St. Jansvure, gebakvorme, St. Maartensvure, die meiboom in al sy vertakkinge.

Vergelyk nou die toestande in ons Germaanse stamlande met die wat heers in Suid-Afrika, dan is dit bykans pynlik verbluffend dat ons só erbarmelik arm is aan volksfeeste,

---

<sup>1</sup>) Grolman: Kalenderfeesten, viii.

'n armoede wat deels oorsaak is en deels gevolg van 'n mate van verdorring in die gemoedslewe van ons volk, 'n verdorring wat ook deur ander faktore in die hand gewerk word. Schonken<sup>1)</sup> het alreeds daarop gewys dat ons jaargetye in Suid-Afrika presies net die teenoorgestelde is van die in Europa, en dat ons arbeiders, — die eintlike persone wat in aanraking kom met die grond— inboorlinge en kleurlinge is.

Die uitwerking van die ommekeer in die jaargetye op die feeskringloop, kan ons lig begryp as ons die analoge geval in Europa beskou. Mej. Herm. Grolman<sup>2)</sup> toon bevoorbeeld aan dat daar lank geen vasgestelde dag vir Nuwejaar was nie. Oorspronklik val die Nuwejaar op midwinter, d.i. die kortste dag (in die huidige Desembermaand). Die Romeine het die aanvang van die burgerlike nuwejaar verskuif na 1 Januarie; in die Christelyke Oudheid begin dit op 1 Junie; in die Middeleeue op 25 Maart (Incarnatie); vanaf die einde van die sestiende eeu weer op 1 Januarie. Die ou Nuwejaarsgebruike verskuif ook, maar, daarnaas bly hulle gedeeltelik kleef aan die ou feesdag. Dit stig verwarring. Die skommeling is ook waar te neem in die Kerkelike nuwejaar; as aanvang daarvan het diens gedoen 6 Januarie, 2 Maart en Paasmaandag. Maar reeds vanaf die agste eeu vertoon dit die huidige vorm, d.w.s. die jaar begin op die vierde Sondag voor Kersfees, d.i. ongeveer 1 Desember.

Ons kan nou lig begryp waarom Meidag in Suid-Afrika volkome betekenisloos is in sy oorgeërfde vorm as lentefees, want in ons amptelike kalender val dit ses maande te vroeg.

---

<sup>1)</sup> Volksoverleveringen, 52. <sup>2)</sup> Kalenderfeesten, iv-vii.

Dit geld ook van Sint Maartensdag, die groot slagtye (wat met die koue weer saam hang, — ook by ons). In Suid-Afrika het Meidag verander tot *Labour Day*, 'n geleentheid om die beginsels van 'n politieke party te huldig en te propageer.

Die meeste van ons Nederlandse stamouers in Suid-Afrika is afkomstig uit Noord-Nederland<sup>1</sup>), wat toentertyd oorwegend Protestants van aard was. Die Protestantse, met name die Calvinistiese erediens het minder ou Germaanse bestanddele van verskillende herkoms bewaar, met die gevolg dat ons volkslewe nugterder is. Ook hier het ons kerkgeloof dus meegewerk tot die verdwyning van sekere bestanddele uit ons volkslewe.

Voeg hierby die ongevestigde bestaan van die vroeëre koloniste aan die Kaap, en later die rondtrekkende lewe wat veroorsaak word deur veeboerdery in 'n land waar weiveld nie orals geskik is nie en goeie water selde volop. Later volg die Groot Trek met sy ontwrigting en sy ontworteling; dan word dit vir ons duidelik dat ons langs die grootpad 'n aansienlik gedeelte van ons skamele erfskat moes prysgee. Die uitwerking hiervan op ons volkslied, om maar een terrein te noem, het Groenewald uiteengesit in sy „Afrikaanse Rympies en Raaisels”.

Die vrugbaarmakende aanraking met die aarde, ten opsigte van die volksgeloof, moet ons ook grotendeels ontbeer.<sup>2</sup>)

Toestande het meegebring dat ons in Suid-Afrika 'n onder-

---

<sup>1</sup>) Boshoff: *Beskouinge*, 72; s. ook hfst. I, § 1. <sup>2</sup>) Boshoff: *Beskouinge*, 73; Schonken: *Volksoverleveringen*, 52.

skeid maak tussen *witmanswerk* en *kafferwerk*, en eenaardig genoeg, Europeane wat die minder lonende werkies moet verrig, noem ons *blánke arbeiders*, met die nadruk op die *blanke*. By veeboerdery is daar min geleentheid vir gesamentlike arbeid of spanwerk. In die landbou word die spanwerk merendeels deur inboorlinge en kleurlinge verrig. Hierdie toedrag van sake bring mee dat ons geen blanke arbeidslidjies het nie. Boshoff<sup>1)</sup> ken maar een, en twyfel dan nog tereg of dit by die blankes ontstaan het. As Schonken<sup>2)</sup> konstateer dat oesfeeste (en die feesgebruike wat daarmee saam hang, natuurlik) by ons onbekend is, dan hoef dit ons nie te bevrees nie, maar dit gee tog helderheid.

Waar ek die aandag vestig op die opvallende armoede aan volksfeeste, wil dit egter nie beteken dat ons geen volksfeeste met kenmerkende feesgebruike wat op die volksgeleentheid stoel, ken nie. Dit is onder die omstandighede alleen maar 'n wonderwerk dat daar by ons nog soveel bewaar gebly het, soos uit die volgende beskrywing sal blyk.

Met volksfeeste het ek nie so seer die oog op die gebruiklike gesinsfeeste — verjaars- en doopdae — nie, alhoewel ons geleentheid sal hê om 'n paar belangwekkende bruilofs- en verlowingsgebruike nader te beskou. Ook die gewone volksdans<sup>3)</sup>, Kultuurdag ('n nuwigheid op 31 Mei), worsbraai-aande, tiekies-aande, Ryksdag, Koningsverjaarsdag, en Boomplantdag val buite die kader van hierdie studie omdat hulle nie uit die volkslewe en geloof spruit, en derhalwe geen volksfeeste is nie.

---

<sup>1)</sup> Beskouinge, 73-4. <sup>2)</sup> Volksoverleveringen, 52. <sup>3)</sup> s. ook Schonken: Volksoverleveringen, 47-9.

Ons volksfeeste is nie duidelik saamgesnoer tot 'n kringloop soos dit wel die geval is in die stamlande nie; alhoewel dit tog moontlik is om twee afsonderlike groepe kalenderfeeste te onderskei: 'n groep wat begin met *Guy Fawkes* op 5 November en uitskei met Nuwejaar, en 'n tweede groep uitsluitend kerkfeeste wat Goeie Vrydag, Paasmaandag, Hemelvaart en Pinkster omsluit, — lyk dit vir my tog die vrugbaarste om in die volgende uiteensetting van wat by ons nog bestaan, die kalender los te laat en 'n nuwe indeling te maak, t.w.; feeste van kerkelike oorsprong of met kerkelike inslag; huiselike feeste; oesfeeste; en as toevoegsel — historiese feeste.

§ 2. Feeste van Kerkelike Oorsprong of met Kerkelike Inslag.

**Kersfees.** Hoewel Sint Nikolaas (6 Des.) hier en daar in Suid-Afrika gevier word deur groepies Nederlanders<sup>1</sup>), is dit by ons Afrikaanssprekende bevolkingsgroep heeltemal onbekend. Sinterklaasgebruike het egter verskuif na ons Kersviering. Kersfees is by ons Sondagfees, met kerkdienste; tuis 'n besonder goedversorgde maaltyd. Kersgeschenke is by ons al taamlik lank bekend, en ook Kersvader (*Vader Krismis* < *Father Christmas*). Maar die aanskoulike voorstelling van hierdie bykans sprokiesagtige figuur en die uitdeling van geskenke by 'n Kersboom is by ons bepaald iets nuuts wat deur middel van die Engelssprekende gedeelte van die bevolking en onder invloed van die winkels oorgegaan het op die Afrikaners in die stede en dorpe en

---

<sup>1</sup>) s. Die Vaderland, 4.12.1936.

langs daardie weg besig is om af te sak na die landelike bevolking toe. Dit geld ook wat betref die afskiet van besondere tafelklappers by die Kersmaal en die verberging van geldstukke en ander sinnebeeldige voorwerpies wat uit silwer vervaardig is, in die Kerspoeding.

2

„Een groote, krachtige gestalte te paard, den staf in de hand, den mijter op het hoofd, den ruimgeplooiden bischopsmantel om de schouders geslagen, — zoo stelt zich de kinderwereld den heiligen bisschop van Myra voor. Hij lijkt inderdaad veel op de figuur van Wodan, het rijzige lichaam in een wijden, donkeren mantel gehuld, waarin hij zijn beschermelingen door de lucht draagt, en gezeten op zijn trouwe schimmel Sleipnir” — so beskryf prof. Schrijnen Sint Nikolaas<sup>1)</sup>, die persoon wat op Sinterklaas geskenke ry, 'n beskrywing wat baie goed pas op ons Kersvader. Ook by ons glo die kinders aan die bestaan van so 'n figuur wat die Kersgeskenke deur die skoorsteen of deur die sleutelgat bring en dit plaas in die leë kouse of kussingslope wat deur die kinders op Oukérsaand aan hulle katelstyle opgehang word. In Vryheid is daar sommige persone wat glo dat op Oukérsnag die Heiland in die vlees op die aarde rondswerf om te seën of te straf volgens verdienste.

In sy aanskoulike gestalte is Kersvader iets nuuts, en die bekendheid van die figuur word in die hand gewerk deur die winkels wat bykans 'n maandlank voor Kersfees, 'n verklede Kersvader voor die winkel deur op en af laat stap om die aandag van die kinders te trek. In 1936 is in Potchefstroom hewige verontwaardiging gewek deur die feit

---

<sup>1)</sup> Volkskunde. I, 147.

dat sekere basaarwinkels inboorlinge laat optree het as Kersvaders.<sup>1)</sup>

Ook die Kersboom was betreklik onlangs nog onbekend by die landelike sowel as stedelike Afrikaners. Dis ook iets want ons, eers in die stede, oorgeneem het van die Engelsprekende bevolkingsgroep. Die oornamen het wel die gouste plaasgevind by geleenthede waar Kersgeskenke deur liefdadigheidsinrigtings weggegee moes word. So bevoorbeeld, het die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging van die Spoorweë, nou jaarliks 'n Kersboom.<sup>2)</sup> Ook skole en kultuurliggame op die platteland hou jaarliks 'n Kersboom.

Die diepere betekenis van die Kersboom as vrugbaarheidsbegrip, is by ons egter heeltemal onbekend. Die inhaling en optooiing is geen feestelike geleentheid nie. Die hou van die Kersboom self, is ook nie gebonde aan Oukérsaand nie, — dit kan al 'n maand van te vore plaasvind.

Oukérsaand, die naam, net soos die huidige straatluidrugtigheid wat daarmee gepaard gaan, is eintlik vreemd aan die Afrikaanssprekendes. Histories moet die naam *Kersaand*, *Kersnag* wees, maar ook by ons het *aand* in sy betekenis van *vooraand* verdwyn. As woord is *Oukérsaand* waarskynlik na analogie van *Oujaarsaand* gevorm, waarskynlik eerste in die mond van die Kaapstadse kleurlinge. Dis egter opmerklik dat Andersson in 1850 al skryf van *Old Christmas-day*.<sup>3)</sup>

Daar is egter tog 'n paar volksgelowe en volksgebruike in verband met Oukérsaand, wat ons kan beskou as reg-

---

<sup>1)</sup> Die Vaderland, 3.12.1936. <sup>2)</sup> Die Vaderland, 4.12.1936. <sup>3)</sup> Lake Ngami, 316-7.



streekse erfgoed uit die Nederlandse stamland. In Nederland is Kersnag vermaard in die towerwêreld.<sup>1)</sup> Die volk glo dat alle water om middernag wyn word; die bye gaan aan gons; en, 'n geloof wat in Suid-Afrika bykans algemeen bekend is, die diere kan dan praat.<sup>2)</sup> Hierdie geloof word by ons as volg aangetref: koeie staan dan op hulle knieë (Koeroeman, Zwartfolozi, Kakamas), en kreun (Zwartfolozi, Woyenthin), en bid (Kakamas), en blêr of bulk (Potchefstroom). Hiermee in verband is dit belangwekkend om 'n berig te lees van Andersson in 1850: „The common people at the Cape entertain a notion, that cattle refrain from feeding only once within the year — namely, on Christmas-eve. Then, it is affirmed, they fall on their knees, and, with closed mouths and half-shut eyes (a sign of placidity), silently thank the Giver of all good things for the grass and water they have enjoyed during the last twelve months. They say, moreover, that a person may witness this act of devotion, by keeping well to leeward and out of sight of the animals.”<sup>3)</sup>

In verband met die gedrag van beeste in Oukérsnag, is dit opmerklik dat die *knieling* slegs algemeen bekend is in Vlaandere<sup>4)</sup>, Brabant en Limburg<sup>5)</sup>. Hier kan ook ander faktore op die spel staan, maar dit lyk my tog hoogs waarskynlik dat ons hier met 'n geval te doen het waar 'n bestanddeel van die volksgeloof as gevolg van vereensaming by ons beter bewaar gebly het as in die gedeelte van die

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 157. <sup>2)</sup> Grolman: *Kalenderfeesten*, 12-13.  
<sup>3)</sup> Lake Ngami, 316-7. <sup>4)</sup> Grolman: *Kalenderfeesten*, 121. <sup>5)</sup> Mededeling van prof. Schrijnen.

stamland waar juis die meeste van ons stamouers vandaan kom. Hierdie besondere aspek van ons volksgeloof, trouens ook van ons taal, t.o.v. wat nog bestaan in Nederland, sal waarskynlik 'n noukeurige ondersoek loon.

Uit Oemtata word berig: „Krismis word voorafgegaan deur allerhande ondeugde. Hekke word wegge neem en bruggies opgebreek, waens en karre weggestoot en die bewoners van die plaas natgegooi as daar enigsins 'n kansie toe is. Die nag word deurgebring met allerlei kwaaddoenerij.” Ek ken 'n soortgelyke gebruik uit Schweizer-Reneke, waar die wiele van waens en karre uitgetrek en weggesteek word, die los dele van voertuie op dakke getel word, en alles wat los is op 'n werf, ontvoer word. Gewoonlik moes die wa-smid dit ontgelde. Maar ook hier beskou die mense dit bloot as kattedwaad. In Schweizer-Reneke en Higgshope vind hierdie kwajongstreke egter op Oujaarsnag plaas. Hierdie gebruik hou m.i. verband met die Nederlandse *Dirk met den Beer* wat deel uitmaak van die *Wilde Jag*<sup>1)</sup> bekend in Zutphen (Geld.), Burum (Fr.), en Noordhorn (Gron.).

**Ou- en Nuwejaar.** Dit bring ons dan by die twee feesdae wat as volksfees kan geld oor die hele land en by alle bevolkingsgroepe.

Intussen was voorbereidings vir hierdie feeste lankal aan die gang. Hoenders is vetgemaak, 'n slagding spesiaal afgesonder, en die boervrou is geruime tyd al besig om soetkoekies te bak. — 'n bedrywigheid wat teen die uitgang van

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 96, 157; Grolman: *Kalenderfeesten*, 63-4; Meyer: *Mythologie*, 326.

die ou jaar sy hoogtepunt bereik met die bak van melktert. U merk dit reeds: ons het by die Afrikaanse smulfees gekom. Ek het reeds aangedui dat ons smulfees in die stede, — onder nywerheids- en Engelse invloed — vinnig besig is om te verskuif of alreeds verskuif het na die Kersmaal. By die landelike bevolking egter, het Oujaar en Nuwejaar smulfees gebly, nie soseer saamgetrek tot een besondere maaltyd nie, maar versprei oor die feestye. Dis verder opvallend dat ons by die landelike bevolking feitlik net hierdie één koekbakery deur die hele jaar ken — veral die ronde soetkoekies, met of sonder gemmer en saad. In Nederland is nog allerlei gebaksvorms bekend wat oorspronklik verband hou met die vrugbaarheidsbegrip<sup>1</sup>); sover ek kon nagaan heg niemand meer by ons waarde aan die smullery en koekvorme tydens hierdie feesdae nie. Dat daar soms tog nog 'n vae vrugbaarheidswaarde geheg word aan eet, blyk uit 'n persoonlike mededeling van Ds. J. C. Pauw (Johannesburg). Op die platteland weet hy van 'n geval waar daar twis bestaan het tussen twee huisgesinne. Hulle het later vrede gemaak, maar voordat alles as herstel beskou kon word, moes die twee gesinne eers tesame 'n maaltyd geniet, en daarna gesamentlik huisgodsdienst hou. In 'n geval, ook op die platteland, het 'n vrou die dominie wat op huisbesoek was, aangesien as 'n moontlike vryer vir haar dogter. Toe sy egter uitvind dat dit haar leeraar is het sy daarop aangedring dat hulle eers saam moet koffiedrink, om die kwaad „af te drink". Hiermee hang moontlik saam die begrafnismaal waarvan net nog hier en daar verbleekte oor-

---

<sup>1</sup>) Schrijnen: Volkskunde, I, 166-177; Grolman: Kalenderfeesten, 83.

leefsels waar te neem is (b.v. geelrys op begrafnis, of begrafnisrys — Belfast, Zwartfolozi, Standerton, Rooiberg; pastei — Koeroeman)<sup>1</sup>), en die gebruik van pannekoek by oesfeeste, waaroor later meer.

Alhoewel ons feesvure ken by die viering van Dingaansfees (16 Des.) en soms ook by Kersfees (Kroonstad, Ventersdorp, Rustenbrug, Saldanha, Oemtata, Gwelo), is dit tog gebruikliker om tydens die nuwejaarsfeeste deur middel van vure uiting te gee aan die feesgevoel. Dit neem verskillende vorms aan: die vuurstapel, vuurbal en vuurpyl. Die stapel is bekend genoeg. Die bal bestaan gewoonlik uit 'n stuk goiingsak wat styf opgerol is en voorsien van 'n draad handvatsel; die bal word vooraf in petrol, lampolie, of teer gedoop, aan die brand gestee, en deur die lug geswaai van die een persoon na die ander. Die deelnemers staan dikwels in 'n kring. Vuurpyle word deur die handelaars gelewer. Kinders, wat gewoonlik nie met vuur mag speel nie, veral in die aand uit vrees vir bedwater, neem op Oujaarsaand vryelik deel aan die vuurspeletjies.

Feesvure is oorbekend in die Germaanse stamlande; hulle is meestal van oorsprong nie Christelik nie<sup>2</sup>); so is daar in Nederland die Sint Maartensvuur wat verband hou met die ou Germaanse *noodvure* (OHD. *nûan* = *stukkendvryf*). Die Germaanse voorvaders het ook verskillende soorte vure geken: vrugbaarheidsvure, reinigende en peswerende vure,

*nin u w a n*  
*albar*  
*lanoben*  
*ni u w a n*  
*nall w a n*

---

<sup>1</sup>) s. Spoelstra: *Ons Volkslewe*, 29; ook De Vries: *Altgermanische Religionsgeschichte*, II, 132, 151; Meyer: *Mythologie*, 31, 32. <sup>2</sup>) Schrijnen: *Volkskunde*, 129-131.

vreugdevure, ens. Freudenthal toon aan dat al die verskillende vorms slegs in een rigting ontwikkel het<sup>1</sup>): „Nach der Jahreszeit ihrer Entfaltung lassen sie (d.i. die verskillende soorte vure) sich in drei grosse Gruppen teilen, die auch hinsichtlich der zugrunde liegenden Vorstellungen voneinander abweichen . . . Von der ursprünglichen Bedeutung ist nicht mehr viel zu spüren; die Jahresfeuer sind aus mehr oder weniger kultisch vertieften Lustrations- und Opferriten zu blossen Freudenbezeugungen und damit vielerorts zu einer Angelegenheit der schulpflichtigen oder schulentlassenen Jugend geworden.“

By ons is feesvure slegs die uiting van vreugde.

Daar is een uitsondering. Dit geld die reinigende voorjaarsvure wat bespreek is in hoofstuk IV, § 1, t.w. die meegedeelde reinigings- en vrugbaarheidsgebruik in Lichtenburg om onvrugbare peregome vrugbaar te maak deur strooivure teen die stamme van die betrokke bome. Van hierdie soort vuur sê van Gennep: „L'une des idées centrales de ce feu de printemps est en effet de détruire magiquement tout ce qui gêne l'agriculture" <sup>2</sup>), en verder: „ici (*brandons*) aussi l'idée fécondatrice domine, par prétérition si l'on peut dire; car les feux, flammes et fumées détruisent les insectes nuisibles et par suite assurent la floraison, la fructification et la maturation. Primairement, l'idée est magique, mais à demi fondée sur l'expérience, puisque les fumigations sont entrées dans la domaine de la pratique proprement scientifique.“ Uitrook as animistiese rite is nog be-

---

<sup>1</sup>) Freudenthal: Feuer, 341. <sup>2</sup>) Dauphiné, I, 263, 267.

kend in die Duitse *Raachnächte* (21, 25, 26 Des., 1, 6 Jan.)<sup>1)</sup>.

Van belang is nog die *Nuwejaarskiet* en middernagtelike geraas op Oujaarsnag. Om halftwaalf in die aand begin die Nuwejaarsdiens in die Kerke, wat tot 'n mate moet geld as herinneringsdiens aan die afgestorwenes. Op Oemtata lees die predikant bevoorbeeld 'n lys name af van almal wat in die afgelope jaar in die gemeente gesterf het.

Buitekant die kerk, in die dorpe en op die plase, word presies om middernag geskiet, klokke word gelui, geraas word gemaak, en almal skreeu luidkeels dat die Nuwejaar aangebreek het. In Kakamas word ná middernag geskiet; „as die morester uitkom, dan skiet die boer, dan skiet die buurman, dit is die groetskote of gelukwensskote.” In Grikwastad word af en toe op Nuwejaar skyfgeskiet (verouder). Hierdie skietery hou waarskynlik verband met die ou apotropeïse waarde van geraas<sup>2)</sup>, alhoewel die oorspronklike betekenis heeltemal verdwyn het; nuwejaarskiet is by ons bloot 'n uiting van vreugde.

Die vrugbaarmakende betekenis van gewerskote tree helderder aan die lig in die geval waar die bevolking glo dat kanonskote (Jansenville) en gewerskote (algemeen) reënt kan veroorsaak. Dit word egter as 'n gruwelike sonde beskou; sulke persone word lig deur die weer getref, en dan — volgens die volksgeloof — word so 'n sondaar se kis by elke swaar weer uit die graf geslaan. Jare gelede, so loop

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 129-131; Grolman: *Kalenderfeesten*, 59, 60; Meyer: *Mythologie*, 334. <sup>2)</sup> s. Schrijnen: *Volkskunde*, I, 155, 168-170; Grolman: *Kalenderfeesten*, 50; Van Gennep: *Dauphiné*, II, 383; Boshoff: *Beskouinge*, 75.

die oorlewering, is daar in Bloemfontein na die wolke geskiet; 'n vreeslike wolkbreuk was die gevolg.

Ten slotte moet die aandag nog gevestig word op die *nuwejaarskommando*, 'n eienaardige Nuwejaarsgebruik op Witbank (Transvaal), waarvan die ontstaan in die duister gehul is. In 'n buurt van die distrik, naby die dorp, is dit gebruiklik dat die bure jaarliks 'n perdekommando vorm en dan uitry na die woning van 'n bepaalde buurman. Die doel is om dáár so vroeg as moontlik aan te kom. Almal van die gesin wat nog in die bed aangetref word, kry *brandhoue*; dit ontwikkel tot 'n vriendskaplike stoeiery en die verloorparty moet die wenparty trakteer.

Eienaardig is dat die buurman vooruit weet wanneer dit sy beurt is om so 'n kommando op besoek te verwag, en dat die kommando altyd die wenparty is.

Die trakteerdery hou natuurlik verband met die hele gesmul van hierdie tydperk, waarop reeds gewys is; trouens ook in Nederland loop teenswaardig nog heelwat volksgebruike grotendeels op trakteerdery uit. Die betekenis van die *brandhoue* word ontleed onder § 5; die kommando het waarskynlik geen verband met die volksgeloof nie, maar met die volksgebruik om mekaar op Nuwejaarsoggend oor en weer geluk te wens en saam iets te gebruik. Met Nuwejaar is die uitkampery en kommando's van Dingaansfees nog vars in die geheue, en dit, gepaard met die feit dat die omringende bure selde só dig bymekaar woon dat hulle mekaar te voet kan gaan gelukwens, het waarskynlik meegewerk tot hierdie jongste (?) loot van ons volksgebruik in verband met ons feesdae. Dit lyk dan na 'n spontane nuwe plaaslike vorming, onder invloed van allerlei bestanddele

wat reeds aanwesig was. Dit lyk my onwaarskynlik dat dit kan saam hang met die algemeen bekende *steffenen* in Nederland op 26 December<sup>1</sup>). Dit wil nie sê dat die moontlikheid uitgesluit is nie.

Nuwejaarsdag is gewoonlik 'n dag van voetsport, perde-wedrenne en boerevermaaklikhede waarby krag en vlugheid van beweging van groter waarde is as vernuf. Ons is egter nou in die middel van ploeg- en saaityd, en die werksaamhede op die landerye bring mee dat die eintlike volksfeeste hier ophou.

Daar bly egter nog oor 'n paar opmerkings in verband met die vrugbaarheidsfeeste in die voorjaar in Nederland. Op *Stil Saterdag* (ná Goeie Vrydag), kom die klokke uit Rome terug en bring die *paaseiers* mee. Die eet van paaseiers het voorheen algemeen voorgekom in Groot-Nederland, en is vandag nog welbekend in die suide en in Friesland. Die paaseier is sinnebeeldig van die jeugdig-ontkiemende lewe, die sinnebeeld van vrugbaarheid<sup>2</sup>), en ons het hier waarskynlik te doen met een van die oudste bestanddele van die volksgeloof<sup>3</sup>)

Die paaseier van die Germaanse stamlande, is by ons in Suid-Afrika onbekend. Wat ons 'n paaseier noem, is nagmaak uit sjokola en dit geld as lekkerny wat deur die Engelse bevolkingsgroep deur middel van die winkels taamlik algemeen bekend geraak het in Suid-Afrika. Dit word egter bloot as lekkergoed beskou, en dit het geen sinnebeeldige betekenis vir die volk nie. Dat die paaseier in hierdie

---

<sup>1</sup>) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 162. <sup>2</sup>) Schrijnen: *Volkskunde*, I, 211-17.  
<sup>3</sup>) Grolman: *Kalenderfeesten*, 215-6.



vorm egter nie onaanpasbaar is by die Afrikaanse volksgeloof nie, blyk daaruit dat in die omgewing van Krysna geglo word dat as mens 'n paaseier as geskenk ontvang, sal een van jou henne broeis word — 'n gewenste gebeurtenis wat duidelik verband hou met die vrugbaarheidsbegrip.

Dat die paaseier hom dusdanig by ons volksgeloof kon aanpas, moet toegeskryf word aan die feit dat die hoendereier 'n taamlik belangrike rol speel in die huidige volksgeloof: eiers gee die man meer krag, meer *lewendigheid*, maak hom *plesierig*, verhoog sy teelkrag, verhoog sy *natuur* (geslagsdrif), maak hom geil, gee hom meer krag om omgang te hê, deur eiers te eet word die man se natuur opgewek in oormaat (Ventersdorp, Kakamas, Trompsburg, Zwartfelozi, Robertson, Gwelo, Piketberg); 'n hoendereier rou, of opgeklop met brandewyn is goed vir persone wat seksueel koud is (Schefferspos); hoendereiers, rou of gaar (maar nie hard nie) wek vrugbaarheid by mens en dier (Boshof, Niekerkshoop); voor die huwelik word die bruidegom op eiers gevoer, en op die huweliksdag kry hy 'n eier in sy baadjiesak mee om sy vrugbaarheid te verseker (Swellendam); eiers verhoog die vrugbaarheid van die vrou (Wellington); 'n swanger vrou mag nie baie eiers eet nie, anders is die vrug te groot, en daar is baie pyn by die baring (De Aar)

Dit blyk dus voldoende hoe diep die eier nog sit as vrugbaarheidsimbool in die Afrikaanse volksgeloof; natuurlik is ook 'n selfstandige ontwikkeling van hierdie sinnebeeldige betekenis denkbaar.

'n Laaste saamhangende groep verskynsels in verband met die *Meifeeste* wat in Suid-Afrika alle betekenis verloor

het omdat dit ses maande te vroeg val, volgens die kalender. *Lentedagviering* in Oktober op Bredasdorp en in Heidelberg, Tvl., getuig wel van natuurliefde en natuurpoësie, maar met die volksgeloof het hulle geen verband nie.<sup>1)</sup>

Die genius van die groeikrag, soos dit tot uiting kom in die meiboom en sy verskillende vorms, bestaan by ons nog in die vorm van die *rigmei* wat op 'n huis gesteek word sodra die kap op kom; die *mei* self het, soos in Noord-Nederland ook, plek geruim vir die vlag, en in *Belfast* (Transvaal) is die *vlag* verdring deur 'n leë bottel of fles, — sinnebeeldig van die feit dat die aannemer die werkslui op 'n sopie moet kom trakteeer.<sup>2)</sup> Daar is egter geen spore meer oor van die ou vrugbaarheidsgedagte nie — die traktasie is hoofsaak.

Die vrugbaarheidsgedagte wat die kern uitmaak van die Germaanse lentefeeste, het egter beter in sy volle betekenis bewaar gebly in verband met die lentereëns. Van die meireënt skryf prof. Schrijnen: „Stroomend water is vooral heilzaam en geneeskrachtig op den eersten meidag. In sommige streken van ons land is het de gewoonte, alsdan in stroomend water te baden; dit beveiligt vooral tegen huidziekte. In Oldemarkt drijft men 's nachts de schapen door het water:

Meimaand trekt men de schapen door de vaart,  
Dan blijven zij van de schurft bewaard.

De kinderen loopen in den meiregen, die immers zoo groeizaam is: *Meiregen, Meizegen.*”<sup>3)</sup>

---

<sup>1)</sup> s. Die Vaderland, 6.9.1935. <sup>2)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 203-4.  
<sup>3)</sup> Volkskunde, I, 223-4.

Vergelyk hiermee die volgende berigte in verband met die lentereëns uit verskillende gedeeltes van ons land. Dit blyk dat dit in Suid-Afrika bykans alombekend is dat dit gesond is om tydens die eerste lentereëns goed nat te reënt: „dit word geglo deur vele mense dat hulle met die eerste reënt moet natreënt, om dan skoon te wees. Dan, sê hulle, sal dit altyd met die opkoms van die weer by hulle reënt” (Venterstad); „ek het gehoor dis goed vir rumatiek” (Reddersburg en Trompsburg); „baie mense loop spesiaal in die eerste reënt van die seisoen. Waarom presies, weet ek nie, maar hulle gee voor dat as jy natreënt gedurende die eerste reënt daar altyd baie reënt gedurende die seisoen sal wees” (Helvetia by Dewetsdorp); dit bring geluk en voorspoed (Theunissen); voorspoed, as jy op jou eie plaas natreënt, want dan sal daar meer reëns kom (Schefferspos). Op sommige plekke word spesiaal voorgeskryf dat jy geen jas of reënskerm tydens die eerste reënt mag dra nie, want die reënt wil natmaak, en jy wil droog bly; sodoende jaag jy die reënt weg (Boshof, Prieska). In Kakamas het die mense vroeër met opset in die eerste reëns gaan staan om goed nat te reënt. 'n Belangwekkende geval van vervorming word berig uit Alldays, Zoutpansberg, — in die koorswêreld. Natreënt later in die seisoen loop uit op 'n koorsaanval, iets wat nie gebeur met die eerste lentereëns nie; en tog, die verbod geld as algemeen: jy mag nie natreënt nie, dit bring malaria.

Die besondere waarde wat geheg word aan die eerste lentereënt, hang natuurlik saam met die vrugbaarheid wat in die volksgeloof toegeskryf word aan alle eersteling, bevoorbeeld: terwyl jy die eerste vrugte van die nuwe seisoen

eet, kan jy wens; as jy die eerste keer die volmaan sien, kan jy wens; as jy die eerste keer in 'n vreemde kamer slaap, kom al jou drome uit (Nylstroom), of, as jy nog eenlopend is, kan jy die naam van 'n dame of heer gee aan elke hoek van die kamer, dan sal jy daardie nag van jou deel droom; die eerste swaeltjies van die jaar, voorspel ook geluk vir die persoon wat hulle sien — gevalle wat bykans algemeen voorkom.<sup>1)</sup>

### § 3. Huiselike Feeste.

Animisties van oorsprong is die gebruik op sommige plekke in Nederland, om by die geboorte van 'n kind 'n boom te plant, die *lewensboom*. Hierdie gebruik is goed bekend in Vlaandere en Limburg<sup>2)</sup>, asook in Overijssel, Friesland, Noord-Brabant, Gelderland, Groningen, en dit was tydens die neentiende eeu nog bekend in Suid-Holland, Zeeland en Drente. Ook by 'n huwelik is 'n boom geplant.

Veelal is gebruik gemaak van vrugtebome (peer, appel, pruim), maar ook van die eik, linde, beuk en vlier. Hiermee hang nog saam die opvatting dat baie seuns gebore word ná 'n goeie neut- of appeljaar, en baie meisies na 'n goeie peerjaar (Veur, — S.-H., Biervliet, — Z., Steenwijk, — Overijssel., Heerlen, L.).

Hiervan het in Suid-Afrika nie veel meer oorgebly nie. Prof. Leo Fouché van die Witwatersrandse Universiteit, verseker my egter dat dit nog heel dikwels voorkom dat 'n

---

<sup>1)</sup> s. ook Van Gennep: *Dauphiné*, II, 43 (eerste koekoek); Ter Laan: *Overleveringen*, I, 7, 8 (eerste ooievaar); Meyer: *Mythologie*, 360. <sup>2)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 249; s. ook Krauss: *Südslaven*, 32; De Cock: *De Planten in het Volksgeloof* (*Volkskunde*, XIX, 214 e.v.).

boom geplant word op die plek waar 'n man sy vrou gevra het om met haar te trou; so staan daar op die plaas van President Steyn, in die Vrystaat, 'n eensame bloekomboom in die veld wat herinner aan die verlowing van een van die dogters. Die lewensboom by die geboorte, is egter onbekend. Op Tamboekiesfontein en in Potchefstroom kon ek nog terugvind dat baie meisies gebore word na 'n goeie peerjaar, en baie seuns na 'n goeie appeljaar.

In verband met ons bruilofte leef daar egter nog 'n paar vrugbaarheidsgebruike voort wat besonders melding verdien. Vir die bruidspaar is die huweliksdag 'n lotsdag, en die bruid veral wil graag weet wat die toekoms vir haar inhou. Ook hier word gesteun op die weersgesteldheid, en dis taamlik algemeen gangbaar dat 'n bietjie reënt op die troudag 'n goeie voorteken is; tydens die voltrekking van die huwelik moet dit egter mooi weer wees. Sommige glo ook dat reënt in die oggend, middag of aand van die bruilof, *trane* beteken in die begin-, middel-, of slotjare van die huwelikslewe.<sup>1)</sup>

Bruidskoek het 'n besondere towerkrag. 'n Stukkie daarvan onder die kop van die ongetroude, laat hom sy toekomstige deel sien, of dit versterk die phallus — albei gevalle wat berus op die beginsel van simpatie.

Van belang vir die handeling in die volksgeloof, is hier nog die voormalige Nederlandse gewoonte om by die intog in die nuwe huis, na afloop van die bruilof (vgl. die oorspronklike *bruidloop*), die pad van die bruidspaar te versper met 'n besem<sup>2)</sup>, — 'n apotropeïse handeling. Uit die

---

<sup>1)</sup> vgl. Schrijnen: *Volkskunde*, I, 289-290. <sup>2)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 286-7, 292-3.

distrik Lichtenburg ken ek 'n kinderspel *trou-trou*, waar die kinderpaar oor die besemstok spring. Hier is dit ook algemeen gangbaar om te praat van 'n paar wat oor *die besemstok getrou het*, d.w.s. hulle woon bymekaar sonder dat die huweliksplegtigheid voltrek is, — iets wat elders in die Transvaal bestempel word as *stinklof* (volksetimologiese woordspeling met *lof, loof, prys*); (dit beteken ook 'n huwelik waaraan 'n luggie hang).

Belangwekkend is ook die rol van die *schoen* by die huwelik.<sup>1)</sup> By ons is die *schoen* hier veral bekend as geluksbringer. Gewoonlik word dit ongemerk agter aan die bruidskoets vasgeknoop; hoe verbleek die betekenis hiervan reeds is by ons, blyk uit die feit dat ons heel dikwels ook ou blikke so vasmaak. Meestal word dit gedoen vir die pret. Die gelukbringende waarde is egter ook goed bekend. In Rustenburg word dit gedoen „om te bewys dat die huwelik die volle tevredenheid van die ouers aan albei kante geniet”; op Niekerkshoop en Weenen word dit gedoen met die bygedagte dat dit 'n lang samelewe versinnebeeld; in Ventersdorp sê hulle: „die ander jongkêrels moet nou maar hulle ou skoene agterna gooi aangesien hulle nie die bruid kon kry nie”; by Oemtata word die ou skoene onopgemerk vasgemaak aan die stoel waarop die bruid sit; op Venterstad word 'n ou skoene geplaas in die kar van 'n jonkman, sonder sy medewete, om hom geluk te bring met sy poging; in Kaapstad en Klerksdorp is dit ook bekend dat kinders hulle getrekte tande in 'n ou skoene plaas. Hierdie gebruik is ook bekend in Johannesburg, waar wisseltande in 'n skoene

---

<sup>1)</sup> vgl. Schrijnen: *Volkskunde*, I, 139, 149, 157, 276, 285.

geplaas word; die muise ruil dit dan vir nuwe tande of vir geld. Verder, in baie boerewonings op die platteland word 'n klein silwerskoentjie aangetref as geluksbringer (Trompsburg). So het die skoen 'n algemene talisman geword, en staan op één lyn met die hoefyster in die stamland en elders.

#### § 4. Oesfeeste.

Beskou vanuit die standpunt van die volksgeloof, is hier heel weinig te vermeld. Wat wel vir ons noemenswaardig is, is die gebruik in die Pêrel en op Avontuur om op die laaste oesdag pannekoek te bak. Sodra die laaste gerf ingery is, eet almal van die pannekoek; in Lichtenburg en Schweizer-Reneke is ook die eienaardige gebruik te vermeld dat kou winterdae of reëndae pannekoekdae is.

Pannekoek as gebaksvorm op bepaalde dae, is algemeen bekend in Europa<sup>1)</sup>, in Nederland veral op Pauli Bekehringsdag (25 Jan.).<sup>2)</sup> Schotel<sup>3)</sup> vermeld 'n geval waar 'n strooi Paulus op 25 Januarie by die vrou langs die vuurherd staan terwyl sy pannekoek bak; dis 'n lotsdag, en as die weer goed is gooi sy 'n pan botter oor die strooi-pop of sy slaan 'n koek deur sy gesig; is die weer sleg gooi sy hom in die vuur. Die heilige word dus kasty of beloon, — onvervalste fetissime.<sup>4)</sup> In Utrecht was ook by geleentheid 'n strooi *Paulusje* in die huis gebring, maar gebeur dit sonder dat die persoon wat die pop bring natgegooi word, dan

---

<sup>1)</sup> Vgl. Von Reinsburg-Düringsfeld: Festliches Jahr, 58, 62; Bächtold-Stäubli: Handwörterbuch, VI, 1559 e.v. <sup>2)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 180-1. <sup>3)</sup> Tilburgsche Avondstonden, 12. <sup>4)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 180.

moes die huisvrou daardie aand pannekoek bak.<sup>1)</sup> Dit lyk my dus enigsins moontlik dat ons in Suid-Afrika met ons *reëndag-pannekoekdag* 'n volslae verbleekte gebruik uit die stamland behou het op 'n paar plekke.

#### § 5. Toevoegsel: Historiese Feeste.

Die historiese feeste staan eintlik buitekant die feeskring wat berus op godsdiens, jaargetye, landboubedryf, ens. Hulle is nasionaal-politiek van aard en wellic bestem om in hulle groei die aloue volksfeeste te vervang. In alle geval, soos uit onderstaande sal blyk, vertoon hulle die sinkretisme dat gebruike uit die oorgelewerde feeskring hulle alreeds vasgeheg het aan die historiese feeskring.

**Guy Fawkes** (5 Nov.). Hierdie fees wat in Engeland die poging herdenk wat in 1605 aangewend is om die Britse Volksraad met buskruit te laat ontplof, is in die loop van die neentiende eeu na Suid-Afrika gebring deur die Engelse koloniste.

As sulks is hierdie fees in Suid-Afrika dus ontbloot van alle bestaansreg, vandaar dan ook pogings wat van tyd tot tyd aangewend word om dit teen te kamp. Ek dink bevoorbeeld aan die pogings wat die Handhawersbond sowat vyf jaar gelede aangewend het om hierdie fees te vervang met 'n skoolpiekniek.

Die eintlike viering van *Guy Fawkes* is egter beperk tot die dorpe en stede; die skoolkinders verklee en vermom hulle; loop met 'n pop van vodde gemaak deur die strate, en samel fondse in van die verbygangers. Van die geld word

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 181.



snoepgoed gekoop, en klappers. Later, gewoonlik in die aand, word die pop verbrand. In sommige plekke sorg die een of ander liggaam dat daar in die aand vuurpyle afgeskiet word.

Gaandeweg word hierdie feesdag egter geleentheid om te bedel, en slegs die blanke kinders uit die armste buurte doen mee daaraan.

In hierdie verband wil ek daarop wys dat ons met *Guy Fawkes* feitlik staan aan die begin van die groot feestydperk wat Dingaansdag, Kersfees en Nuwejaar omsluit.

Ten spyte van die felle teenstand wat die feesviering uitlok aan die kant van Afrikaanse kultuurliggame, kon dit nog staande bly, miskien juis omdat al die geskiet met klappers, bomklappers, en vuurpyle aansluiting gevind het by die Afrikaanse (Germaanse) gewoonte om op eie feesdae ook te skiet en lawaai te maak (vgl. Oukêrsaand en Oujarsaand), en sodoende ook by die ander volksfeeste wat wel beskou word as eiegoed. Die winkels doen natuurlik ook heelwat om die belangstelling van die jeug in Guy Fawkesviering aan te moedig — dis goed vir die handel.

**Dingaansdag** (16 Des.). Anders van aard is *Dingaansdag*, herdenking van die Slag by Bloedrivier (1838) teen die vegters van Dingaan. Dit het in die sin van die Voortrekkers gelê dat dit 'n Sondagfees moet wees. Die feesviering was egter nog altyd onderhewig aan skommeling, wat gedeeltelik daaraan toe te skryf is dat dit in Transvaal, Vrystaat, en noordwestelike Natal 'n ander betekenis het as in die suidelikste gedeeltes van Kaapland, en gedeeltelik daaraan dat die Engelssprekende gedeelte van die bevolking nog altyd feitlik geweier het om ernstig deel te neem.

Net ná die Tweede Vryheidsoorlog was daar 'n sterk neiging ook in die noorde, om Dingaansdag te vier as sportdag. Hierin het egter 'n gesonde kentering plaasgevind, en Dingaansfees het uitgegroeï tot ware kultuurfees, met kunswedstryde, toneelopvoerings, boeresport, en allerlei volksvermaaklikhede op die een of twee voorafgaande dae. Dingaansdag self is Sondag.

Volkskundig is hier van belang 'n nuwe ontwikkeling in verband met die viering op Witbank waar dit gebruikelik is om onder sekere omstandighede *brandhoue* uit te deel, d.i. iemand só hard te slaan dat dit brand. In daardie besondere omgewing het ons die *Nuwejaarskommando* wat reeds hoërop behandel is; die brandhoue wat by die Nuwejaarsviering ontstaan het, het in die besondere omgewing oorgegaan op Dingaansfees. Die volgende besonderhede is belangwekkend: om twaalfuur in die nag van 15 Desember word saluutskote afgevuur by die wa van die kommandant van die feeskamp. Na die verloop van 'n vasgestelde tyd, word nagegaan welke feesgangers nog nie by die kommandant aanwesig is nie, en welke van die aanwesiges nie volledig geklee is nie. Aan hulle word dan vry hardhandig brandhoue toegedien. Die heer J. Schoonbee van Witbank, tot wie ek my gewend het, deel mee dat daar 'n verdere ontwikkeling is: persone wat gedurende die loop van die jaar knaks geraak het op mekaar en half in onenigheid leef, by die fees hulle uiterste bes doen om aan die teenparty brandhoue te laat uitdeel. Die slae word dan bedoel en aanvaar as 'n gemoedelike poging om die vriendskap te herstel, iets wat dan gewoonlik ook bereik word.

Ons onderskei hier twee bestanddele wat waarskynlik

herlei kan word tot dieselfde grondbeginsel: a. laat kom of heeltemal afwesig wees; b. betugting of slae.

Ons het hier waarskynlik, op 'n geskikte tydperk in die jaar, die samevloeiing of samegroepering van verskillende bestanddele in die volksgeloof. In Nederland het ons bevoorbeeld die bekende *Luilaksdag*, Saterdag voor Pinkster.<sup>1)</sup> In Amsterdam moes alle laatkomelinge op hierdie dag trakteer: die ambagsman wat laaste die werkplaas bereik, die groenteboer wat laaste op die mark verskyn, die skolier wat laaste op die skool kom. Die *Luilak* is identiek met die *Meigraaf*, *Laubkönig*, *Pinksterbloem*, *Pinksterbruid*, ens., d.i. 'n verpersoonliking van die genius van die groeikrag. Van hierdie genius vertel prof. Schrijnen: „Op vele plaatsen wordt hij dan ook met een kroon van stroo of brandnetels getooid, hij wordt *met brandnetels gegeeseld* (dit heeft natuurlijk weer betrekking op de vruchtbaarheid)“<sup>2)</sup> (ek kurs.). Die *Luilaksgebruike* is nog goed bekend oor die hele Nederland.

In hierdie verband hoort tuis 'n mededeling van mej. Herm. Grolman<sup>3)</sup>: op die aand van *Groot St. Nikolaas* (5 Des.) het vermomde feesgangers (wat mekaar tog goed herken) op die Waddeneilande vroeër van die geleentheid gebruik gemaak om ou twiste met die vuus te besleg.

Hier moet ook bygehaal word die aanwending van die *Sint Maartensgaarde (roede)*.<sup>4)</sup> Hierdie roede staan met die vrugbaarheidsbegrip in verband, en die gedagte aan

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 225-232. <sup>2)</sup> t.a.p., 229. <sup>3)</sup> *Kalenderfeesten*, 67-8. <sup>4)</sup> Schrijnen: *Volkskunde*, I, 142-3. Vir die algemene betekenis sien veral Mannhardt: *Baumkultus (Der Schlag mit der Lebensrute)*.

tugtiging is oorspronklik heeltemal vreemd by die gebruik daarvan. Dis 'n ou Indo-Europese, welig algemeen menslike volksgeloof dat as plant of dier onder die verrigting van sekere plegtighede, met die roede getref word, daardie plant of dier vrugbaar gemaak word. Ook die slaan met die rieme op die fees van die *Lupercalia* in Rome, is slegs skynbaar bedoel as tugtiging. Op *Allerkinderdag* (28 Des.) is dit nog plek-plek in Nederland gebruiklik om laatslapers met roede en sweep te tugtig.<sup>1)</sup>

Die gemelde gebruik van brandhoue uitdeel, stem dus baie goed ooreen met sekere bestanddele in die volksgeloof van ons stamland. Immers, om vriendskap te herstel deur middel van slae, is ook 'n vorm van vrugbaarheid. Maar ook in ons daaglikse lewe is die aanwending van lewensroede en sweeplag nie onbekend nie, veral by die vrugbaar-making van bome, groentesoorte, en by die opwekking van reënt. By Krysna (Groot Brak) gaan staan drie persone teen 'n rant en klap in die kloof af met 'n sweep, dan skree die *Jan Blompadda*. Die gevolg is dat dit reënt. Die getal drie en die padda wat skree, is natuurlik versterking van die sweeplag wat hier die kern van die handeling is. Op Helvetia (Dewetsdorp) was dit gebruiklik om bome vrugbaar te maak deur middel van sweepgeklap, maar die gebruik is aan die uitsterf. In Kakamas word pampoen- en beetlowwe met 'n *sweepie* geslaan. In Oemtata word geslaan aanertappels en ander groentesoorte as dit te vinnig groei in die loof; die opvatting is dat as die groei bo-op die grond verhinder word, sal die drag onder die grond beter wees. Die gebruik

---

<sup>1)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 165-6.

is ook bekend in Koeroeman, Graaff-Reinet, en in Vryheid  
Ook in Nederland word sweepslae opsetlik aangewend op  
die vooraand van Sinterklaas om die groeikrag van die lan-  
derye te bevorder.<sup>1)</sup>

Dit kan dus bes moontlik wees dat die brandhoue op die  
feesviering van Witbank gegroei het uit die vrugbaarheids-  
begrip.



---

<sup>1)</sup> Schrijnen: Volkskunde, I, 151.

## HOOFSTUK VI.

### Besluit

By gebrek aan voldoende stofversameling en aan voorstudies was dit in die voorafgaande hier en daar nodig om 'n oordeelvelling betreffende die waarskynlike geaardheid van bepaalde bestanddele van ons volksgeloof, in die toekoms te verskuif. Wat die groot geheel betref, egter, stel die aangebode stof tog in staat om tot die gevolgtrekking te kom dat ons Nederlandse stamouers in Suid-Afrika 'n besonder gewigtige rol gespeel het ten opsigte van die bestanddele van ons volksgeloof. In sy breë trekke is ons Afrikaanse volksgeloof die erflating van ons Nederlandse stamouers. Behoudens 'n aantal nuwe bestanddele van elders geleen, en 'n aantal nuwe vormings, is daar geen wesenlike verskil aan te toon tussen die groepe gestaltes in die Nederlandse en Afrikaanse volksgeloof nie, bevoorbeeld meermin of watermeid, Wildje Jag, Hellewa, weerwolf, nagmerrie, heksegeloof, dwaalgeeste en sielsdiere, maak gemeenskaplike besit uit. Dit blyk hoofsaaklik uit die veelal treffende ooreenkoms tussen die Afrikaanse en Nederlandse vraelyste.

Sonder versterkende of wysigende invloed was die orige bevolkingsgroepe en die nuwe landsomstandighede egter nie. In Nederland is slange betreklik onbekend; in die Ne-

derlandse volksgeloof speel die slang bykans geen rol nie. In Suid-Afrika daarenteen, tref ons orals slange aan; in ons land bestaan „'n duisternis van Afrikaanse bygelowe omtrent slange”.<sup>1)</sup> Welke uitwerking het dit op ons volksgeloof? Nuwe skeppinge? Ter beantwoording van hierdie vraag dien uitgegaan te word van die feit dat 'n aansienlike gedeelte van ons stamouers uit landstreek kom waar die slang altans geen onbekende is nie, ook nie in die volksgeloof nie. In die Afrikaanse volksgeloof word, wat betref die slang, nie iets aangetref wat verskil met die Duitse of Franse volksgeloof nie. Wel moet dan toegegee word dat dieselfde bestanddele ook aangetref word in die geloof van die Oos-Indiese slawe en die Suid-Afrikaanse inboorlingbevolking; ons neem dus veeleer 'n versterkende as 'n nuwe vormende, 'n skeppende invloed uit hierdie rigting aan.

Hiermee kom ons te staan by die waarskynlike aandeel van die nie-Europese bevolkingsgroepe by die samestelling van ons volksgeloof. By die bespreking van verskillende gestaltes, het dit herhaaldelik geblyk dat 'n versterkende werking telkemale die waarskynlikste lyk; dit het ons veral waargeneem by die waterslang, die diamantslang, die watermeid, en ons moet hier noem dat versterking wat betref die siels- en spookdiere (diere, voëls, insekte) nie onwaarskynlik is nie, al moes die uiteindelijke beslissing in die toekoms verskuif word. Die enigste nuwe gestalte in ons volksgeloof, wat gegroei het hoofsaaklik onder invloed van die nie-Europese bevolking, is die *toordokter*

---

<sup>1)</sup> Hendriks: *Slange*, t.a.p.

of *medisynman* of *slams*, — dink hier aan Skoorbek, Steenberg, e.a. Die Germaanse volksgeloof ken wel persone wat die kuns verstaan om iemand vas te set, wat van gedaante kan verander, die toekoms kan dui, siektes kan bespreek of besweer, maar die toordokter in sy Afrikaanse gestalte doen nie-Germaans aan; die waarskynlikste verklaring is dat ons hier 'n vorming het waartoe die aanleiding, die neiging alreeds in kiem aanwesig was in ons erfskat, maar wat veral onder Oos-Indiese en ook Suid-Afrikaanse inlandse invloede uitgegroeï het tot 'n gestalte wat, ten spyte van punte van ooreenkoms, op geen manier bestempel kan word as erfgoed nie.

Wat die tydperk betref waarin die beïnvloeding plaasgevind het, beskik ek oor geen regstreekse historiese gegewens nie; die algemene bekendheid van die water- en diamantslang, leen hom tot die gevolgtrekking dat die Duitse en Franse beïnvloeding moet gestel word in die tydperk toe die Europese bevolking nog 'n betreklik klein oppervlakte bewoon het aan die suidpunt van die Afrikaanse vasteland, dus, vóór die middel van die agtiende eeu. Daarby onthou ons natuurlik dat die Franse beïnvloeding eers waarskynlik word ná die koms van die Hugenote in 1688.

Die beïnvloeding deur die nie-Europese groepe word, t.o.v. die tydperk m.i. in die juiste lig gestel deur die opmerking van Bosman dat tot in 1715 die slawe hoofsaaklik afkomstig was uit Afrika en Madagaskar; tot in daardie jaar was slegs 10% van die slawe afkomstig uit Oos-Indië, maar dan volg meteens 'n aansienlike styging as gevolg van die winsgewende handel wat skeepsoffi-



siere dryf aan die Kaap met Oos-Indiese slawe.<sup>1)</sup>

Beïnvloeding deur die Hottentotte, natuurlik deur die kinderkamer, is al betreklik vroeg moontlik soos geblyk het in hoofstuk I, § 6. Beïnvloeding deur die Boesmans en Bantoes, val in 'n later tydperk, deels as gevolg van 'n latere aanraking en deels as gevolg van taalmoeilikhede.

Nou bly nog die invloed wat uitgegaan het van die Engelse groep, oor. Hierdie invloed werk sterk deur ná die koms van die aansienlike groep Britse Setlaars in 1820. Daarna groei dit steeds aan in omvang wat betref aanrakingspunte en getalsterkte. Hierdie beïnvloeding bly eger, soos blyk uit ons beskrywing, veral beperk tot die volksfeeste: die viering van Kersfees, die paaseier, en Guy Fawkes. By l.g. fees (histories) het ons reeds vasgestel dat die hardnekkige voortbestaan van die jaarlikse viering waarskynlik te soek is in die feit dat dit by algemeen Germaanse feesgebruike wat in Suid-Afrika aanwesig is (skiet, lawaai maak) aangesluit het.

Daarteenoor staan die eienaardige feit dat die invloed wat uitgaan van die nie-Europese bevolkingsgroepe, met uitsondering van die toordokter, hoofsaaklik betrekking het op verskynsels wat verband hou met die natuur. Dit word voldoende verklaar deur die aanrakingspunte tussen blankes en inboorlinge.

Die eindresultaat kan ons só stel: ook wat die bestanddele van ons Afrikaanse volksgeloof betref, was ons Nederlandse aard en erfgoed sterk genoeg om nie net te kon opweeg teen invloede van elders af nie, maar selfs

---

<sup>1)</sup> Ontstaan, 57.

om daardie invloede op te neem en daardeur verruim te word sonder dat sy eie aard daardeur verlore geraak het; tog, die uiteenlopende invloede wat uitgegaan het van die verskillende groepe en die nuwe landsomstandighede, het aanleiding gegee tot die ontstaan van 'n nuwe eenheid, waarvan die kern onteenseglik Nederlands gebly het, maar wat juis as gevolg van genoemde faktore 'n nuwe struktuur opdoen. In hierdie nuwe, die Afrikaanse volksgeloof, neem ons egter naas bestanddele wat by ons deur vereensaming beter bewaar gebly het as in die stamland, heel weinig waar wat nie ook kan geld as die uitvloeisel van — onder gunstige omstandighede — en die voortbouing op bestanddele en neiginge wat reeds waar te neem was in die erfgoed nie. Die Nederlandse kern het dus die rigting bepaal, die opsigte aangedui waarin die Afrikaanse volksgeloof ontplooi.

Kortom kom ons tot die gevolgtrekking:

a. dat ons geërfde volksgoed in die meeste gevalle onverander bly; dit word slegs om verskillende redes *verarm* (wat stellig meer as *verarming* dan as *versobering* moet geld);

b. dat dit deur plaaslike omstandighede vervorm word, bevoorbeeld die *motorspook*;

c. dat dit soms beter bewaar gebly het as in die stamlande, bevoorbeeld die volksgeloof wat verband hou met Kersnag (ten dele altans);

d. dat dit deur die volksgeloof van ander Europese immigrante vermeerder word, bevoorbeeld die gekroonde slang (Frans en Duits);

e. dat dit deur inheemse (en Oos-Indiese) bestand-

dele vermeerder, maar veral versterk word, bevoorbeeld eienskappe van die towenaar en bepaalde bestanddele van goëlery, en Tokkelösi.

'n So volledig moontlike ondersoek van die Afrikaanse volkswese, sal later moet uitmaak of die verhouding van die verskillende bestanddele wat vir die volksgeloof vasgestel is ook vir die ander onderdele opgaan, welke plek elk van die onderdele in die Afrikaanse volkswese inneem en welke wisselwerking by die bestanddele en onderdele waar te neem val.

Betrag ons hierdie eenheid noukeurig, dan tree daar verskillende nuwe gesigspunte te voorskyn waardeur 'n bestudering van die volksgeloof 'n verhoogde waarde kry vir ons volk en sy huidige omstandighede. Hiermee kom ek nie met die buitensporige eis dat volkskunde opgedryf moet word tot die moeder van al die wetenskappe nie, of dat dit moet uitgroeï tot 'n staatspolitieke stelsel nie, of dat die volkskunde die middel is waarmee al ons maatskaplike, ekonomiese, staatkundige en wetenskaplike kwale genees kan word nie — dus iets wat vergelyk kan word met die wonderbaarlik geneeskragtige slangsteen nie. Ek moet egter beklemtoon dat die volkskunde lankal sy kinderskoene ontgroeï het, en dat ook die onderdeel *volksgeloof* 'n geruime tyd al nie meer 'n versameling is van min of meer prikkelende gelofies oor verskillende sake nie, gelofies wat al dan nie teruggevoer word na 'n ou Germaanse verlede waardeur die romantiese in ons aangevuur word en ons lewensonvermoë verhoog word.

'n Nugtere, onbevange bestudering van ons volksgeloof

kan ons egter wel 'n gesonde kyk gee op ons volkslewe, 'n uitsig oor wat bevorderlik is en wat nadelig is vir ons volksgroei. Dan tree daar na vore, — om ons maar te beperk by die volksgeloof, — die waarneming dat die huidige arbeidsverdeling waardeur die nie-Europeaan feitlik die enigste is wat werklik aanraking het met die grond, 'n verdeling waardeur die begrip *kafferarbeid* by ons ontstaan het en voortwoeker, ons Afrikaanse volkslewe verarm het: ek verwys na die byna volslae gemis aan oesfeeste en oesgebruike, na die byna volslae gemis aan die arbeidslied waarop Boshoff en Du Toit reeds al die aandag gevestig het. Wil ons 'n gesonde volkskultuur opbou, wil ons 'n volslae verdorring van gees verhoed in 'n omgewing wat hom baie maklik leen daartoe, wil ons die weerbaarheid van ons Afrikaanse kultuurgedagte behou, dan lê die onverbiddelike eis voor ons om ons aanraking met die grond te herstel. Die beklemtoning van die begrip *kafferarbeid*, die bejammering van ons *blanke arbeiders* met die nadruk op *blanke* — bedreig ons met geestelike ondergang.

Waar die wortels verdor mis die takke alle groeikrag. Ons volk word al meer betrek by die ekonomiese, die grootstadslewe, by die fabriek, by die handel. Schrijnen sê tereg: „De romantiek past kwalijk in een eeuw van triomfeerend realisme. Laat ze vluchten naar de diepste schuilhoeken, — de zoeklichten der wetenschap hebben haar spoedig achterhaald. Laat ze zich terugtrekken naar de eenzame plateau's, waar de Edelweiss nog bloeit in ongepte pracht, — de berglokomotieven hebben haar spoedig bereikt, Laat ze ook in onze lage landen, de wijk nemen naar afgelegen oorden, — snorrende auto's volg-

den weldra verdagend haar spoor. Zij kwijnt weg in onze atmosfeer, bezwangerd met den walm van ontelbare schoorsteenen van mijnen en fabrieken, monotoon op-lijnend teen valen gezichteinder boven de vormloze hui-zengroepen der moderne fabriekstad, waar een trieste nevel hangt van gewontesleur en landerigheid.”<sup>1)</sup>)

Ook ons Afrikaanse volk kom met toenemende snelheid onder invloed van die gewontesleur van die fabriekslewe, van die nugtermakende elektriese straatverligting, onder die gelykmakende internasionale albeskawing wat gedra word deur die bioskoop, jazzmuziek en radio, onder invloed van die grootstedse beskawing wat by ons hoofsaaklik opgebou is op 'n vreemde grondslag. En dit staan vas dat daar ook by ons wysiging sal moet plaasvind, 'n verdwyning van bepaalde bestanddele wat lewensku is in die nuwe omgewing, omvorming van ander bestanddele in aanpassing by die nuwe lewensomstandighede.

Sal ons volk gesond voortleef, op die land en in die stede, sal ons bowekultuur op die duur gevoed word deur 'n lewenskrachtige onderkultuur, dan is dit saak om ondersoek in te stel na die aard en oorsprong van die bronne waardeur die onderkultuur gevoed word. Slegs die volk wat hom self ken, weet wat hy wil, dreigende gevare insien, maar ook sy sluimerende krag en moontlikhede deurskou, kan koershou die toekoms in waar lê die volledigste verwesenliking van die belofte van ons land en die volvoering van die taak wat ons opgelê is.

Daar kan natuurlik geen sprake van wees om 'n kuns-

---

<sup>1)</sup> Volkskunde, I, v-vi.

matige herlewing na te strewe nie; maar, rykdom aan volkslewe gaan hand aan hand met nasionale bewussyn en saamhorigheidsgevoel. Enige landsregering in Suid-Afrika wat sy taak goed besef, sal in belang van die volk, in belang van die verstewiging en instandhouding van die Afrikaanse volksweese, alles daarvoor feil moet hê om skadelike invloede af te weer; dit is saak om te red wat nog te red val.



## LEKTUURLYS.

[By aanhaling in die teks, word die skuinsgedrukte  
woorde gebruik as verkorte titel)

- Akademie* Koninklijke — van Wetenschappen, Amsterdam (Volkskunde-Commissie). Vraelys nr. 2, 1937.
- Andersson, Charles John.* *Lake Ngami, or Explorations and Discoveries during four years wanderings in the wilds of South Western Africa (1850-54).* London, 2e dr., 1856.
- André, Richard* Ethnographische *Parallelen* und *Vergleiche*. Stuttgart, 1878.
- Ayward, Alfred* *The Transvaal of To-day. War, Witchcraft, Sport and Spoils in South Africa.* Edinburgh en London, 1878.
